VRYE
# Weekblad
8 September1989 Tel: (011) 836-2151 Fax: 838-5901 Prys: R1,20 (R1,06 + 14c AVB)



# Onluste-polisie brutaal, sê luitenant

**Gaye Davis**

'N LUITENANT in die SA Polisie het die onluste-polisie vandeesweek daarvan beskuldig dat hulle onrus veroorsaak met hulle "brutale, onprofessionele optrede". Hy sê baie van sy kollegas stem saam met hierdie siening.

Luit Gregory Rockman, 'n 30-jarige polisieman van die Mitchells Plain, sê hy kan nie langer stilbly terwyl onskuldige slagoffers en omstanders deur onluste-polisie, wat as onderdrukkers optree, geslaan word nie.

"Ons mense is lank genoeg onderdruk. Dit is hoog tyd dat iemand na vore kom en oor polisie-brutaliteit praat," het Rockman vandeesweek in 'n onderhoud gesê.

Daar is "honderde" polisiemanne soos hy wie se geloofwaardigheid in die gemeenskappe wat hulle moet dien, ondermyn word deur die optrede van die onluste-polisie.

"Hulle is te bang omdat hulle deur maatreëls aan bande gelê word. Ek gaan nie langer toelaat dat die regulasies my verhoed om te praat nie. Ek verset my daarteen."

Onderwyl die onderhoud gevoer word, dreun 'n polisie-helikopter met sy soeklig oor Mitchell's Plain. Die strate was verlig deur versperrings van brandende bande.

Dit was in sterk kontras met die stemlokaal waar Rockman aan diens was en jong vroue in kleurbaadjies die kiesers verwelkom het.

Verwysende na die brandende bande, sê Rockman: "Dit sou nie gebeur het as ons benadering van die begin af reg was nie. Maar dit was verkeerd en dit is hoekom dit gebeur het."

Rockman het hom twaalf jaar gelede by die polisie aangesluit omdat hy sy gemeenskap wou dien. "Ek kon nie sien hoe my mense verkrag en vermoor word nie. Maar nou is ek nie bereid om langer meer die rol van onderdrukker te speel nie."

As misdaadvoorkomingsoffisier in Mitchell's Plain kon hy die situasie van die begin af monitor. "Die onluste-polisie het hierdie onrus in Mitchells Plain begin," sê hy.

"Skares mense wat vreedsaam rondstaan, word met traangas bestook, polisiemanne gaan by skoolgronde in en slaan kinders sonder enige rede en ruk leerlinge uit klaskamers van wie hulle nie hou nie," sê Rockman.

Hy oorweeg dit lankal reeds om oor die onluste-polisie te praat. Maar 'n voorval Dinsdag, toe 'n klein groepie skoliere tydens 'n plakkaatbetoging deur die onluste-polisie uitmekaar gejaag is, het hom laat besef dat hy nie langer kan stilbly nie.

Hy het sy verhaal aan 'n plaaslike nuusagentskap vertel en daarna aan verskeie internasionale nuusnetwerke herhaal.

Hy was die eerste polisieman op die betrokke toneel wat hy as "vreedsaam en skadeloos" beskryf. Die sowat dertig wat vryheidsliedere gesing het, is nuuskierig deur omstanders aangekyk.

Rockman het die kinders gewaarsku dat

*Vervolg op bladsy 2*



'n Triomfantelike Wynand Malan ná sy oorwinning

# Die tyd vir prááť is hier

**Max du Preez en Elsabé Wessels**

**'N ERA van onderhandeling lê nou vir Suid-Afrika voor - of die nuwe FW de Klerk-regering daarvan hou of nie.**

*Meer van 'n mandaat vir onderhandeling kan 'n regering kwalik van sy kieserskorps kry: sowel die Nasionale Party as die Demokratiese Party het kiesers daarom gevra, en saam het die twee partye 75 persent van die stem getrek.*

Ten spyte daarvan dat die DP net 33 setels kon wen, het hulle daarin geslaag om die politieke debat te domineer en hulle sal waarskynlik toenemend die nasionale politieke agenda bepaal - ook weens hul bande met die breë demokratiese beweging en die African National Congress, wat nou weer verstewig gaan word.

Heel bo-aan die nuwe regering se voorkeurlys is die vrylating van Nelson Mandela, Walter Sisulu en ander politieke gevangenes. Dit is aan Westerse staatshoofde belowe, en hulle word nou aan hul beloftes gehou. Die Suid-Afrikaanse regering was lank laas in só 'n netelige posisie wat sy verhoudinge met die Weste betref - veral weens die dreigement van nog sanksies en die herskedulering van die land se buitelandse skuld.

Die minister van Justisie, Kobie Coetsee, het verlede week weer sterk geskimp dat Mandela se vrylating op hande is. Hy het in 'n onderhoud met die koerante van die Nasionale Pers met groot lof van

*Vervolg op bladsy 2*

# FW 'sit in 'n plas bloed'

**Terwyl wit Suid-Afrikaners Woensdagnag snoesig voor hul televisiestelle gesit en die verkiesingsuitslae dopgehou het, het 'n bloedige oorlog in die strate en stegies van die townships in die Kaapse Skiereiland gewoed.**

*Volgens kerk- en gemeenskapsleiers is minstens 36 mense in dié geweld dood en meer as 100 beseer.*

"FW de Klerk sit nou op 'n troon, maar hy sit ook in 'n poel bloed," het 'n bitter aartsbiskop Desmond Tutu in Kaapstad gesê.

Tutu, dr Allan Boesak en ander swart leiers het sterk beswaar gemaak teen wat hulle noem die oordadige en brutale optrede van die polisie.

Dié aanklagte is gestaaf deur 'n polisie-offisier wat 'n buitengewone verklaring gemaak het oor sy makkers se optrede, luit. Gregory Rockman. (sien berig hierbo)

Boesak het gesê hy was "heeltemal geruk" deur dit wat hy Woensdagnag in plekke soos Bellville-Suid en Elsiesrivier gesien het.

'n Gemeenskapsleier wat in die gebied was het aan Vrye Weekblad gesê die geweldpleging "was baie, baie erger as in 1985, en die polisie baie meer koelbloedig."

Tutu het gesê daar kan verwag word dat die dodetal sal styg, en het die vrees uitgespreek dat die begrafnisse van die oorledenes tot "nog 'n verskriklike tyd sal lei."

'n Volledige berig oor die gebeure in die Kaapse Skiereiland verskyn op bladsy 7.



'n Jong opstandige by 'n brandende padversperring op die Kaapse vlakte

# *Regse geweld tydens vreedsame Kovsie-optog*

**Elsabé Wessels**

VREEDSAME politieke protes het hierdie week na Bloemfontein uitgebrei toe swart studente 'n vreedsame optog teen apartheid op die kampus van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat gelei het.

Dit volg op 'n vreedsame betoging verlede week deur swart werkers op die kampus waaraan verskeie swart studente ook deelgeneem het.

Sowat 35 swart studente is Dinsdag deur wit studente stormgeloop en met die vuiste toegetakel toe hulle met plakkate, wat die oopstel van koshuise bepleit, op pad na die universiteitsowerhede was. Ooggetuies sê lede van die kampus-sekuriteitsmag het passief toegekyk toe 'n groep van sowat 20 wit manstudente op die swart studente afgestorm het.

Volgens 'n woordvoerder van die swart studente het die rektor, professor Francois Retief, na die voorval gesê hy is gekant teen vreedsame protes op die kampus. Retief het ook te kenne gegee dat hy nie die veiligheid kan waarborg van studente wat aan 'n vreedsame betoging deelneem nie.

Volgens 'n studenteleier, Hester Monchisie, probeer swart studente al sedert 1986 om huisvesting op die kampus te bekom. Dit word egter steeds geweier en daarom het hulle besluit om te protesteer.

Die kampus is veronderstel om sedert 1985 oop te wees vir swart studente. Koshuisbewoning is egter slegs beperk tot wit studente en dit laat die vraag ontstaan of die kampus regtig oop is. Die universiteitsowerhede gebruik die Groepsgebiedewet as verskoning, sê Monchisie.

Monchisie het die wit studente se optrede as "barbaars en gewelddadig" beskryf en gesê verskeie swart studente is beseer toe wit studente die optog probeer opbreek het.

Volgens 'n senior lektor in staatsreg, Hennie Strydom, het 'n groep van sowat 20 wit studente die swart studente "platgehardloop". Volgens Strydom het hy tussenbeide getree om die geveg stop te sit. Tydens die voorval het twee lede van kampus-sekuriteit gestaan en toekyk en niks gedoen om die deelnemers aan die vreedsame proses te help nie. Die sekuriteitslede het later 'n video-opname van die betogers gemaak, sê Strydom wat hom daarna by die protesoptog van die swart studente aangesluit het.

Strydom en twee swart studenteleiers is later deur die rektor te woord gestaan. "My afleiding na die gesprek met die rektor is dat daar nie ruimte is vir dié vorm van protes op die kampus nie. Ek het aan Retief gesê dat ek dié vorm van protes as 'n uitdrukking van die studente se demokratiese reg sien." Sommige swart studente moet vier-, vyfuur in die oggend opstaan om by die kampus te kom en spandeer soveel as R1 000 per jaar aan vervoerkoste. Van hulle bly onder "haglike omstandighede" in die township, sê Strydom.

Strydom sê hy steun die swart studente in hul beskouing dat die administrasie nie optree teen regse barbaarse aksies nie. Daar was al ander gevalle van wit studente wat swart studente aangerand het. Geen dissiplinêre stappe teen die wit studente is bekend gemaak nie. Volgens Monchisie het Retief later die versekering gegee dat die koshuis-vraagstuk top-prioriteit sal geniet. Hy was nie bereid om te sê of hy die studente teen polisie-optrede sal beskerm indien hulle voortgaan met vreedsame betogings nie.

Monchisie sê apartheid word ook in die administrasie toegepas. Wit en swart studente vul nie dieselfde aansoekvorms in nie. Ander griewe sluit in diskriminerende bordjies en rassistiese aanmerkings deur wit studente tydens sosiale geleenthede wat nie deur die owerhede aangespreek word nie.

Retief was nie beskikbaar vir kommentaar nie. Volgens 'n verklaring wat namens Retief uitgereik is, word die "aangeleentheid tans volledig ondersoek."

# Polisie gebruik sambokke op die Braak



Leslee Durr

**Anton Steenkamp**

**SOWAT 700 studente, dosente, werkers en gemeenskapsleiers is Dinsdag op Stellenbosch deur die polise uitmekaargejaag toe hulle aan 'n vreedsame protesoptog deelgeneem het. Verskeie mense is met sambokke geslaan en 33 is in hegtenis geneem.**

**Die optog het plaasgevind ná 'n etensuurvergadering in die Langenhoven-studentesentrum op die kampus. Die vergadering sou onder andere deur dr Beyers Naudé toegespreek word, maar is uiteindelik net deur die Nusas-voorsitter, Leslee Durr, toegespreek.**

**Sprekers van Cosatu, die Stellenbosch Housing Action Committee (Shac) en die skole rondom Stellenbosch is deur die universiteitsowerhede verbied om op die kampus op te tree.**

**Die behuisingskrisis op Stellenbosch, die Wet op Arbeidsverhoudinge en die onderwyskrisis is onder meer op die vergadering bespreek. Drie onderwysers en vier leerlinge, onder andere die hoofmeisie van die Abraham Luckhoff-hoërskool buite Stellenbosch, word tans aangehou.**

**Ná die vergadering het die groot groep mense na die historiese Braak op die dorp gemarsjeer. Volgens 'n student, Daniël Malan, het 'n eenheid van die onluste-polisie in 'n stegie oorkant die Braak weggekruip.**

**"Volgens die polisie het hulle 'n waarskuwing gegee, maar ek het niks gehoor nie. Die volgende oomblik het hulle met sambokke op die marsjeerders afgestorm en hulle uitmekaar gejaag."**

**Onder die mense wat in hegtenis geneem is, is Luke Stubbs, die Anglikaanse priester van Stellenbosch, Rob Gaylard, 'n dosent in die Engelse Departement, Leslee Durr, Nusas-voorsitter, en verskeie ander studente en werkers aan die universiteit.**

**"Daarna het die polisie tot op die kampus gegaan om mense in hegtenis te neem," sê Malan.**

**'n Polisiewoordvoerder sê "sowat 200 mense het deelgeneem aan 'n onwettige optog". Nadat hulle geweier het om uiteen te gaan ná 'n waarskuwing, is 33 in hegtenis geneem. Dié mense is aangekla en op borgtog van R50 elk vrygelaat.**

# *'Wit' stoel kos werker sy lewe*

Charles Leonard

'N SWART mynwerker is verlede Saterdagaand koelbloedig op Rustenburg doodgeskiet omdat hy gewaag het om op 'n "wit" stoel in die kantien te gaan sit.

Jeffrey Njuza, 'n vakbondbeampte van die National Union of Mineworkers (NUM), het een van die breë demokratiese beweging se eerste slagoffers geword toe hy deur 'n wit toesighouer op die Rustenburg Refineries-myn doodgeskiet is. Werkers van dié myn is sedert die begin van die veldtog besig met versetoptredes om apartheid in die werksplek uit te wis.

Die bestuur van dié myn viktimiseer die swart werkers wat geriewe soos kantiens, stoele, toilette en aantrekkamers, wat slegs vir wittes gereserveer is, gebruik.

Njuza is vroeër aangekla nadat hy op só 'n stoel in die raffinadery se kantien gaan sit het.

Hy het Saterdagaand vir die tienuur-skof in die basis metaal-afdeling aangemeld. 'n Wit toesighouer van 'n ander afdeling - later geïdentifiseer as Gert Vermeulen - het by die basis metaal-afdeling aangekom, Njuza is aan hom uitgewys, waarop hy 'n rewolwer uitgepluk en hom koelbloedig doodgeskiet het.

Die geskokte werkers het hul gereedskap neergesit en buite op die polisie gewag. Die polisie het opgedaag en het saam met die mynsekuriteitswagte die myn deursoek en Vermeulen se liggaam gevind met 'n koeël in sy kop. Na vermoede het hy selfmoord gepleeg.

Die werkers het egter geweier om na hulle werksplek terug te keer omdat die wortel van die kwaad, apartheid, nog nie uitgeroei is nie. Na verskeie ontmoetings met die mynbestuur duur die staking steeds voort.

Intussen het die spanning weer begin toeneem nadat nog 'n wit toesighouer werkers met die dood gedreig het.

In 'n verklaring het NUM die moord op die werker as barbaars beskryf en mynbestuur beskuldig omdat hulle "die rassiste teen swart werkers opsweep".

Woensdag het 4 000 werkers op Rustenburg besluit dat sportgeriewe hul volgende teiken van vreedsame verset gaan wees.

Sowat 500 werkers het na die sokkervelde in "wit" Rustenburg gegaan en 'n wedstryd gespeel. Die polisie het die veld omsingel. Vyftig werkers is in hegtenis geneem. Daarna het die polisie 'n klopjag op NUM se kantore uitgevoer en 'n verdere 20 werkers is in hegtenis geneem.

# Regslui ondersoek diskriminerende uitsprake

REGSLUI VIR MENSEREGTE het 'n projek, bekend as Artikel 7, van stapel gestuur om vervolgings en hofuitsprake wat op grond van ras diskrimineer, te monitor.

Artikel 7 van die Universele Verklaring van Menseregte bepaal dat alle mense gelyk is voor die reg. Die organisasie wys daarop dat dit oor die afgelope jaar telkens gebeur het dat, waar 'n groep swartmense betrokke was in 'n voorval waar iemand dood is, almal saam weens moord aangekla is onder die beginsel van gemeenskaplike oogmerk.

Waar 'n groep blankes betrokke was, byvoorbeeld boere of polisiemanne wat 'n swartman doodgemaak het, is net die hoofdader weens moord aangekla; die ander het tereggestaan op mindere aanklagte van strafbare manslag of aanranding. In sommige van dié gevalle is besonder ligte vonnisse opgelê.

"Ons hou in gedagte dat baie landdroste en regters op 'n regverdige manier die reg toepas, sonder om die ras van die beskuldigde in ag te neem. Dié regterlike beamptes wat rassisties is in hul toepassing van die reg, bring die hele regbank en regstelsel in Suid-Afrika in die gedrang," sê die nasionale direkteur van Regslui vir Menseregte, Brian Currin.

# Neem 'n lewe, maar moet tog nie diensplig weier nie

**Anton Steenkamp**

**IN 'n hoofartikel van die jongste uitgawe van De Rebus trek dié prokureurstydskrif sterk te velde teen die skynbaar ligte strawwe wat in die jongste tyd opgelê is aan mense wat ander se lewens geneem het.**

**Die hoofartikel verwys na sake soos Staat teen Vorster, die berugte geval van 'n boer wat 'n swart werker wreedaardig om die lewe gebring het en toe 'n opgeskorte vonnis deur regter JJ Strydom opgelê is.**

**Sedertdien het nog soortgelyke sake onder hul aandag gekom, wat nie soveel publisiteit geniet het nie. Vrye Weekblad het onder meer berig oor Staat teen Venter, waar twee boere 'n werker aangerand het, die werker dood is, en die boere effektief betreklike klein boetes opgelê is; en die geval van 'n diensplige wat 'n swart vrou doodgeslaan het en deur 'n militêre hof 'n boete van R150 opgelê is.**

**Dié saak word sedertdien deur die polisie ondersoek.**

**Nog 'n saak wat deur De Rebus genoem word, is dié van Staat teen Reyneke en andere, wat in Februarie vanjaar in Natal beslis is.**

**Die vyf beskuldigdes was polisiemanne wat 'n groep mense met vuurwapens in hul besit in hegtenis geneem het.**

**Een van die groep is by 'n rivier naby 'n kraal ondervra, waar 'n sak oor sy kop getrek is. Volgens getuienis is die sak natgemaak om asemhaling verder te bemoeilik.**

**Die man is doodgemartel en daar naby begrawe.**

**Vier van die polisiemanne is skuldig bevind weens strafbare manslag. Twee van hulle, die senior lede van die span, is effektief gevonnis tot 'n boete van R3 000 of een jaar gevangenisstraf. Die ander twee is effektief gevonnis tot 'n boete van R500 of vier maande gevangenisstraf.**

**Die regter het aan die beskuldigdes gesê dat hy hulle jeugdigheid en die feit dat hulle "feitlik skoon rekords" het, in aanmerking geneem het.**

**Voorts het hy "die onrusbarende getuienis dat dit in die eenheid (waaraan die polisiemanne verbonde was), skynbaar gebruiklik was om 'n sak te gebruik," in aanmerking geneem.**

**De Rebus wys daarop dat sulke uitsprake probleme skep rondom die feit of geregtigheid sigbaar en kennelik waargeneem word.**

**"Indien ons 'n vergelyking sou tref tussen die vonnisse wat in die sake opgelê is en dié vir relatief minder ernstige sake as die neem van 'n lewe, veral waar minimum vonnisse vereis word (byvoorbeeld ses jaar gevangenisstraf vir diensweiering op gewetensgronde), kan die breë publiek nie anders nie as om te wonder oor die premie wat in ons samelewing op die onskendbaarheid van menselewens geplaas word," lui die hoofartikel.**

# Broers onskuldig op moordklag

**Anton Steenkamp**

TWEE broers wat volgens ooggetuies 'n swartman in 'n kafee doodgemaak het, is Maandag deur regter MJ Strydom in die Randse Hooggeregshof vrygespreek op aanklagte van moord op die swartman en aanranding op twee swart vroue.

Die oorledene, Matthew Radebe, is volgens ooggetuies deur die twee broers, Barend Boonzaaier, 23, van Newlands, Johannesburg, en Evert Jan Jacob Boonzaaier, 22, van Claremont, Johannesburg, op 5 Junie verlede jaar in TK Fruiterers in Newlands aangerand.

Radebe is twee dae later dood weens bloeding op die brein. Twee van sy ribbes was ook gebreek.

Volgens getuienis voor die hof het Radebe die Sondagoggend in 'n woordewisseling met die Boonzaaiers betrokke geraak nadat een van die broers 'n hond in die kafee geskop het.

Die Boonzaaiers het hom aangerand, en toe hy op die grond val, het Barend Boonzaaier, wat 104 kg weeg, op sy kop getrap, is getuig.

Toe een van die werkers in die kafee, Katty Yenda, aan Boonzaaier skree om op te hou, het hy haar en 'n ander vrou geklap, het Yenda getuig.


Regter Strydom het die twee broers onskuldig bevind omdat van die staatsgetuies mekaar weerspreek het en hy nie op grond van die getuienis bo redelike twyfel kon bevind dat die Boonzaaiers Radebe vermoor het nie.

# Ons familie se môre.

“Ons visie, ons verbintenis is om ’n gelukkiger lewe met meer vervulling te help skep vir al die lede van ons familie – vir almal wat Suid-Afrika as hul tuiste beskou.

Dit doen ons deur aan soveel mense moontlik die middele te verskaf om ’n eie huis te besit. Want ons glo huiseienaarskap is die hoeksteen van ’n stabiele en beskermde gesinslewe.

Ons sal voortgaan om nuwe spaargeleenthede te soek en te skep om te sorg dat al die lede van ons Perm-familie die hoogste standaarde van persoonlike en gerekenariseerde diens geniet.”




OGILVY & MATHER, RIGHTFORD SEARLE-TRIPP & MAKIN 109833

# Nou moet De Klerk uithaal en wys

Elsabé Wessels

NA vandeesweek se verkiesingsuitslag sal FW de Klerk moet optree om die inisiatief in onderhandelingspolitiek aan te gryp en die klimaat daarvoor te bestendig. "Die belangrikste saak wat De Klerk nou moet aanspreek, is om die ANC se grondwetlike voorstelle te klop," sê Van Zyl Slabbert, voorste politieke kommentator en mede-leier van die Instituut vir 'n Demokratiese Alternatief vir Suid-Afrika..

Die vrylating van Nelson Mandela, die erkenning van die breë demokratiese beweging en die praktiese omstandighede van onderhandeling sal sonder versuim aangespreek moet word, sê hy.

Die verkiesing, gekenmerk deur die afstaan van setels deur die NP na beide links en regs, het die politieke stryd in Suid-Afrika op 'n spits gedryf met soveel as 66 setels waarin meerderhede nou minder as 'n 1 000 is.

Die swak vertoning van kandidate in die Huise van Verteenwoordigers en Afgevaardigdes het ook weer eens die geldigheid van die driekamerparlement, wat deur die meerderheid kiesers verwerp word, bevraagteken.

Volgens Slabbert het De Klerk self die goeie vertoning van die DP gebruik om sy eie hand te sterk deur daarop aanspraak te maak dat die uitslag van die DP en die NP gesamentlik toon dat 70 persent van die land se wit kiesers ten gunste van hervorming is.

### Mas opgekom

Slabbert stip ook aan dat die Engelse stem weggebreek het van die Nasionale Party. In Natal het die DP daarin geslaag om verskeie ou NRP-setels te wen.

Slabbert waarsku egter dat die DP met naelskraap oorwinnings die mas opgekom het.


In Hillbrow en Edenvale in Johannesburg het die DP egter op suksesvolle wyse daarin geslaag om die terugslag van die 1987-verkiesing ongedaan te maak met oortuigende oorwinnings. Lester Fuchs het 'n meerderheid van 1 054 in Hillbrow behaal en in Edenvale het Brian Goodall met 'n meerderheid van 3 551 die setel wat hy in 1987 naelskraap verloor het, teruggewen.

Die setels wat die NP na links en na regs afgestaan het, dwing hulle nou om te besluit of hulle na links of regs gaan beweeg. Dit dompel die NP in 'n spanningsituasie. In die algemeen neig die tendens sterk na hervorming, sê Slabbert.

Die uitslag van die verkiesing in die Huise van Verteenwoordigers en Afgevaardigdes het ook bewys dat die dae van die driekamerparlement getel is. Die mag van die breë demokratiese beweging en hul ondersteuning onder bruin- en Indiër-kiesers het lae stempersentasies vir die twee huise tot gevolg gehad en opnuut die geldigheid van die stelsel bevraagteken.

In Transvaal het deelname aan die Huis van Verteenwoordigers van 23 tot 21 persent gedaal onder geregistreerde kiesers. Indien nie-geregistreerde kiesers bygetel word, is die stempersentasie slegs 3,5 persent, sê die sekretaris van die Transvaal Indian Congress, Ismael Momomiat. In Natal was stempersentasies ewe laag, sê die president van die Natal Indian Congress, dr Farouk Meer.

Ook die huis van Verteenwoordigers het 'n stryd gehad om kiesers by die stembus te kry.




**'n Polisiekonstabel hou wag by die Randburg-stemlokaal**

*(Foto: Gill de Vlieg - Afrapix)*

# Malan beklink die DP se sukses

Elsabé Wessels en Anton Steenkamp

'N TRIOMFANTLIKE Wynand Malan in die Randburg-kiesafdeling het die Demokratiese Party se sukses by die stembus beklink.

Die uitslag, wat eers ná eenuur Donderdagoggend bekend gemaak is, het DP-ondersteuners landwyd in afwagting gehou.

Malan se oorwinning oor die Nasionale Party se goue seun, Glenn Babb, word as een van die grootste strategiese en emosionele terugslae van die Nasionale Party beskou.

Gegee die omvang van die aanslag teen Malan, het die DP in Randburg 'n simboliese oorwinning behaal.

Die aanslag teen Malan het klaarblyklik die volle aandag van die NP se verkiesingsmeganismes geniet.

Malan word as die deurgang tot die Afrikaner-stem beskou en die feit dat die DP in so 'n taai stryd sy man kon staan, was deurslaggewend, het waarnemers na die uitslag gesê.

Die oorwinning word selfs belangriker geag omdat Malan sonder kompromie homself verbind tot onderhandelingspolitiek, tot gesprekke met die ANC en met dialoog met die buite-parlementêre groepe. Hy het ook die breë demokratiese beweging se reg tot vreedsame protes verdedig.

In sy oorwinningstoespraak het Malan voorspel dat die DP op 'n segetog is.

"Van hier af kyk ons net vorentoe na die volgende verkiesing. Ek het van die begin af gesê die kiesers van Randburg weet hoe om te stem. Ek het gesê hulle sal met hulle gevoel stem vir die toekoms en hulle het dit gedoen."

## Met 'n berekende kans parlement toe

In Noord-Rand het Louis de Waal se "berekende kans" hom 'n meerderheid van 2 306 oor sy NP-teenstander besorg. Met 13 500 stemme agter sy naam het De Waal die DP-vaandel in een van die land se grootste kiesafdelings gehys.

Teen laat Woensdagaand was DP-ondersteuners skepties of De Waal die pyp sal rook. Maar De Waal se natuurlike aanleg tot bemarking het vrugte afgewerp en Maandag sit hy vir die eerste keer in die parlement.

"Ons het nie een vraagstuk vermy nie.

"Ons het die mees omstrede verkiesingsonderwerpe aangespreek en op die ou end het mense nie geskrik vir die NP se afskrikmetodes nie.

"Ek was aanvanklik bang vir die versetveldtog, maar die bangmaakstories wat die NP daaraan gekoppel het, het nie gewerk nie.

"Ek het 1 200 stemme in Rooihuiskraal - waar meestal staatsamptenare woon - getrek.

"Ons het 'n vier persent swaai nodig gehad om die setel te wen. Ons het 'n ses persent swaai gekry," sê De Waal.

De Waal sou graag 'n sterker Afrikanersteun wou gesien het.

"Ek wou nie op die nek van die ou PFP parlement toe gaan nie. Ek voel sterk oor 'n nuwe, breër Suid-Afrikanisme wat ek dink die DP nastreef."

Daar is 'n duidelike swaai onder jong Afrikaners. Ek sou graag nog groter Afrikaner-betrokkenheid wou sien.

Wat egter baie duidelik geblyk het, is dat die DP se oorlewing in jong mense lê.

"As De Klerk nie in staat is om inhoud te gee aan dít waarvoor hy 'n mandaat gevra het nie, gaan ons gouer in 'n groter drukpot beland."

Wat die DP betref, sal ek graag wil sien dat ons so gou as moontlik skakeling met die buiteparlementêre politieke groepe vestig.

## So 'n Bek moet 'n setel kry!

Jan Bek was nie verniet grootbek nie. Soos hy voorspel het, het Momberg Simonstad by die NP gevat, en nie sommer so nie: 'n DP-meerderheid van nie minder nie as 3 362!

Die sittende NP-LP, Harry Dilley, het slegs 5 920 stemme getrek teenoor Momberg se 9 282. Die stempersentasie was 69,25.

Toe Vrye Weekblad gisteroggend die DP-kantoor op Simonstad bel, was Momberg reeds uit en aan die gang - "hy hardloop rond in die kiesafdeling," het een van sy werkers, Paul Travellion, gesê.

Volgens Travellion was die Nasionale Party, Nasionale Pers en die SAUK se smeerveldtog teen die DP teenproduktief in die Kaapse Skiereiland.

"Die mense is nie dom nie. Hulle sien dwarsdeur die ou smeertaktiek en hulle is moeg daarvoor," sê hy.

"Ek gaan hom vat," het Momberg voor die verkiesing aan Vrye Weekblad gesê. Toe het hy sy selfvertroue daaraan toegeskryf dat die kiesers werklike verandering en 'n gesonde ekonomie wil sien, en die "gatvol-faktor" - na 41 jaar se leë beloftes is die kiesers nie bereid om die NP nóg 'n kans te gee nie, het hy gesê.

Voor die verkiesing was Dilley ook optimisties dat hy die setel sou behou, maar hy het toegegee dat hy eerder staatmaak op sy eie gewildheid in Simonstad as op die NP se beleid.

## Jordaan 'oor die maan'

Woensdagaand was Umhlanga nog 'n NP-setel. Teen Woensdagnag kon die NP en die KP gesamentlik nie soveel stemme trek soos Kobus Jordaan, oud-NP-man wat vir die DP gestaan het nie.

Jordaan het die setel met 'n groot meerderheid van 1 406 by die NP se Renier Schoeman afgevat. Die NP het 5 220 stemme gekry, en die KP se Gunther Gatthman het sy naam gestand gedoen met 1 012 stemme, teenoor 6 626 vir die DP.

Selfs as die NP- en KP-stemme saamgegooi word, het Jordaan dus 'n meerderheid van 394 behaal.

Donderdagoggend het Jordaan geslaap. 'n Woordvoerder van sy kantoor op Umhlanga het ons verseker dat hy "over the moon" is.

"Dit was hoog tyd dat die apatiese Engelse hier in Natal hul agterstewes lig en kom stem," het sy gesê.

En blykbaar het hulle - 'n stempersentasie van 70 persent bewys dit.

'n Faktor wat skynbaar in Jordaan se guns getel het, is dat baie van die Afrikaanse kiesers in die tradisioneel Engelse provinsie met hom kon identifiseer en hom sterk gesteun het. Voor die verkiesing het Jordaan in 'n onderhoud met Vrye Weekblad ook die goeie samewerking tussen Engelse en Afrikaanse kiesers in die DP beklemtoon.

Volgens sy ondersteuners was hy die ideale kandidaat, wat goed oor die weg kom met al sy kiesers, van die blouboordjiewerkers tot die ryk sakemanne. Sy werk as onderhandelaar in die NP, wat hom oortuig het dat hy slegs in die DP met werklike onderhandelinge met geloofwaardige leiers kan slaag, het kiesers ook beïndruk.

'n Werker in Jordaan se kantoor het Lord Acton aangehaal: "Power corrupts, and absolute power corrupts absolutely."

"Dit was hoog tyd dat die NP skrikgemaak word na soveel jare van absolute mag," het sy bygevoeg.

# Hoe kan jy die waarheid hoor terwyl jy deur stilte omring word?




*Omtrent 200 werkers is aangekla omdat hulle op die trein gesing het.*

Sensuur steek die waarheid weg, maak opposisiestemme stil en inhibeer kritiek. In 'n demokratiese gemeenskap het elkeen 'n reg om ingelig te word, om 'n eie oordeel oor gebeure te vel en vryelik kommentaar te lewer. 'n Gemeenskap wat nie die volle feite ken nie, nie eens weet wat gesensor is nie, word onkundig en impotent.

**Strawwe maatreëls**

Die sensuurwette van Suid-Afrika tas elke aspek van ons lewens aan – van die verbod op die geskrewe woord tot die stilmaak van mense. Daar is 477 mense wat ingevolge die Wet op Binnelandse Veiligheid nie aangehaal mag word nie. Baie van die mense op dié lys is boonop nog ingeperk. Sommige is in ballingskap. Sommige is in die tronk. Sommige is dood.

**Web van stilte**

Met die uitroep van die Noodtoestand in 1985 het die regering sensuur verskerp en daardeur die insamel en versprei van inligting ernstig aan bande gelê. Selfs voor die uitvaardiging van die media-noodregulasies was daar 'n hele stel wette wat vir die verbied van boeke, films, video's en toneelstukke voorsiening gemaak het.

Met die belastingbetaler se miljoene wat op disinformasie oor TV en die radio bestee word, was dit nie net moontlik nie, maar maklik vir die regering om 'n valse werklikheid te konstrueer. Waar baie stemme gehoor behoort te word, is daar nou net een. Dekades van onderdrukking en sensuur het die publiek se bewussyn van hoe die reg op vrye spraak afgetakel het, verdoof.

**Hoe beveg ons sensuur?**

Te midde van die groot stilte het joernaliste, skrywers, uitgewers en lede van die publiek byeengekom om iets te doen aan die verskerpte sensuurmaatreëls. In 1986 is die Aksiegroep teen Sensuur (Anti-Censorship Action Group) gestig.

Die doel van ACAG is om:

- alle voorvalle van sensuur te monitor
- eenheid en doelgerigtheid te skep onder diegene wat aan sensuur onderwerp word.
- die publiek oor die gevare van sensuur in te lig.

Kom veg saam met ons. Word 'n lid van ACAG. Die lidmaatskapfooi is R10 per persoon en R20 per groep. Vul hierdie koepon in en pos dit vandag nog. Ons maandelikse nuusbrief, Update, hou lede ten volle ingelig oor alle sensuuraksies.

'n Biblioteek van persknipsels oor sensuur is ook beskikbaar vir navorsers en lede van die publiek.

Vir meer inligting, bel (011) 331-3517.

**A C A G**

AKSIEGROEP TEEN SENSUUR

☐ JA, ek wil saam veg teen sensuur want ek het die reg om die waarheid te weet. Ek sluit hierby my tjek/posorder vir R10 in, gekruis en uitgemaak aan die Anti-Censorship Action Group. (Drukskrif asseblief.)

Naam: ____________________

Posadres: ____________________


____________________ Kode: __________

Tel: (H) __________ (W): __________

**Pos aan: Anti-Censorship Action Group, Posbus 260425, Excom 2023.**

# Donshael, kruitdamp en klippe: die Kaapse Vlakte ontaard in 'n bloedige oorlogsone

**Volgens onbevestigde berigte is 23 mense dood en honderde beseer in die skerpste polisie-optrede sedert die onluste van 1985. JACQUES PAUW en Sapa berig**



ONDERWYL wit Suid-Afrika in 'n vlaag van verkiesingshisterie weggevoer is, het Wes-Kaapland in 'n slagveld ontaard toe daar volgens onbevestigde berigte 23 mense dood en honderde beseer is in die skerpste polisie-optrede sedert die onrus van 1985.

Duisende stemlose swartmense het Woensdagnag openlik teen die verkiesing geprotesteer en karre met klippe bestook, bande aan die brand gesteek en in gevegte met die polisie betrokke geraak.

Aartsbiskop Desmond Tutu en die Menseregte-kommissie sê dat 23 mense in die onluste dood is, terwyl tientalle weens donshaelwonde in die hospitaal opgeneem is. Dié dodesyfer kon met druktyd gister nie bevestig word nie.

### Vermis

Die onluste-polisie, gerugsteun deur Weermageenhede, het Woensdag rubberkoeëls met lewendige ammunisie vervang in gevegte wat dwarsoor die Kaapse Vlakte gewoed het.

Talle mense is gister ná die polisie-optrede deur familie en vriende vermis en daar word gevrees dat hulle ook in die geweld dood is of in polisie-aanhouding is. Volgens die kommissie is minstens 724 mense sedert die begin van die verset- en anti-verkiesingsveldtog in aanhouding geneem.

In die proses het die verkiesings vir die Huis van Verteenwoordigers byna tot stilstand gekom en bitter min kiesers het dit naby die stembus gewaag. In Mitchell's Plain byvoorbeeld was die stempersentasie skaars een persent.

### Landwyd

Die Menseregte-kommissie sê in sy verslag dat minstens tien vergaderings en betogings die afgelope drie dae deur die polisie opgebreek is. Hiervan het net een vreedsaam verdaag.

Volgens die polisie se onluste-verslag en die monitorspan van die Menseregte-kommissie het onrus en protes teen die verkiesing landwyd uitgebreek. Daar is van oral oor verslae van klipgooiery, brandstigting en verskerpte polisie-optrede. Sover bekend het sterftes net in Wes-Kaapland voorgekom.

Intussen het 'n groep van elf "stemgeregtigde" akademici van die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) 'n ope brief aan die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, geskryf waarin hul die polisie van blatante uitlokking van geweld beskuldig en bekommerd is oor die teenwoordigheid van waarskynlike polisie-agente op die kampus.

Die akademici sê hulle is almal ooggetuies van polisie-optrede op die kampus en is bereid om hul aantygings teen die polisie met beëdigde verklarings te staaf.

### Oorlogsone

'n Rookwolk het teen gisteroggend nog oor die Kaapse Vlakte gehang nadat versperrings van brandende bande in talle bruin woongebiede aangesteek is. In Manenberg, sê inwoners, lyk dit soos 'n oorlogsone terwyl gevegte tussen protesteerders en die polisie voortduur.

Onder diegene wat dood is, is 'n 69-jarige swartvrou van Khayelitsha net buite Kaapstad, en Liziwe Masokanye, 23, wat dood is toe polisie 'n groep jeugdiges wat 'n motor met klippe bestook het, met donshael uitmekaar wou jaag. 'n Drie-jarige kind is met donshaelwonde in die hospitaal behandel terwyl 'n baba van nege maande in Groote Schuur opgeneem is nadat hy deur traanrook oorval is.

### Probleme

Die groep akademici van UWK sê in hul brief dat jong kinders op die Kaapse Vlakte daagliks aan traangasdampe blootgestel word wat ernstige braking en asemhalingsprobleme veroorsaak. Hulle is voornemens om voorbeelde van die traangas aan die Internasionale Rooikruis vir ontleding te oorhandig.

'n Mediese dokter wat mense by 'n kerk in Manenberg behandel, Errol Holland, sê die situasie in dié gebied is "heeltemal chaoties" en baie mense met ernstige beserings word behandel.

Biskop Tutu het gister op 'n perskonferensie in Kaapstad gesê: "FW de Klerk sit nou terselfdertyd op sy troon en in 'n bad vol bloed."

Dr Allan Boesak, moderator van die NG Sendingkerk, het gesê hy was geskok deur die bietjie van die onrus wat hy in woonbuurte in Wes-Kaapland gesien het. Hy het ook gesê 23 mense is dood.

## Kronologie van drie dae se verset

### Maandag, 4 September

- Polisie onderneem verskeie deursoekoperasies in die middestad van Johannesburg. Gebiede word afgekordon.

- Polisie gebruik traangas, rubberkoeëls en knuppels om 'n vergadering in die Central Mission Methodist-Kerk te ontwrig. 'n Vergadering van die Kaapse Demokrate word verbied en biskop Desmond Tutu, dr Allan Boesak en dr Beyers Naudé word in hegtenis geneem.

- In Kaapstad word St George's-Katedraal deur die polisie afgekordon en 'n seunskoor verhoed om op te tree.

- Verskeie anti-apartheidsvergaderings word Maandagaand verbied.

- In Lenasia buite Johannesburg word tien verkiesingsbetogers in hegtenis geneem.

- Meer as 2 000 leerlinge van Benoni begin met 'n wegbly-aksie uit protes teen hul skool wat as stemlokaal vir die Huis van Afgevaardigdes dien.

- Wouter Theron sterf weens beserings wat hy opgedoen het toe sy motor verlede Donderdag naby Kuilsrvier met klippe bestook is.

- By die Universiteit van Natal gebruik die polisie donshael om 'n groep studente by die Universiteit van Natal uitmekaar te jaag. Twintig mense word beseer.

- Abdul Bhamjee, Indiër-sakeman van Carletonville en een van die aansoekers in die saak teen klein-apartheid, ontvang doodsdreigemente.

- Naby Port Shepstone word motors met klippe bestook. Polisie gebruik traanrook om 'n skare uiteen te jaag en agt mense word in hegtenis geneem.

- 'n Ontploffing naby Bonteheuwel in Wes-Kaapland ontwrig treindienste en 'n bom ontplof by 'n stemlokaal vir die Huis van Verteenwoordigers.

- In Mitchell's Plain kom klipgooiery en die gooi van petrolbomme voor. Twee mense word gewond toe die polisie met donshael op die mense skiet. In Kayelitsha word busse met klippe bestook.

- Drie bomme ontplof by swart polisiemanne se huise in Natal.

- Op verskeie plekke in Natal gebruik die polisie donshael om skares uitmekaar te jaag. Busse word met klippe bestook.

- Klipgooiery kom ook in Atteridgeville naby Pretoria voor.

- In Oos-Kaapland word 'n bus met 'n petrolbom gegooi.

- Elders in die land word verskeie mense oor onwettige vergaderings in hegtenis geneem.

### Dinsdag 5 September

- Dr Allan Boesak lei 'n afvaardiging na die Bellville-Suid polisiekantoor om 'n petisie oor polisie-optrede te oorhandig. Dit volg nadat die polisie 'n kerk omsingel het om te probeer keer dat Boesak 'n diens hou.

- Veertien joernaliste word in Kaapstad in hegtenis geneem nadat hulle teen persmaatreëls betoog.

- Sewe honderd werkers en studente van die Universiteit van Stellenbosch word uiteen gejaag na 'n betoging teen die Wet op Arbeidsverhoudinge. Byna 40 word in hegtenis geneem, insluitende Nusas-leier Leslee Durr.

- Meer as 500 studente van die Universiteit van Natal word in hegtenis geneem tydens 'n betoging oor polisie-optrede.

### Woensdag 6 September

- Volgens berigte is tot 23 mense in Wes-Kaapland dood en talle beseer ná wydverspreide onluste en gevegte tussen protesteerders en die polisie.

- In Mitchells Plain, Manenberg en ander woongebiede word talle protesteerders met traanrook, knuppels, sambokke en donshael uitmekaar gejaag. Talle petrolbomme is gegooi en motorbande aan die brand gesteek.

- Twee bomontploffings vertraag treindienste in die Skiereiland.

- In Cloetesville naby Stellenbosch word protesteerders ook met donshael uitmekaar gejaag. 'n Polisieman word beseer.

- In Worcester word drie voertuie met klippe bestook en skade word aangerig.

- In verskeie woonbuurtes word betogers met plakkate in hegtenis geneem.

- In Durban word 35 mense en in Pietermaritzburg 300 mense wat teen die verkiesings betoog, in hegtenis geneem.

- In Pretoria word sowat 30 lede van die Transvaal Indian Congress in hegtenis geneem tydens 'n betoging teen die verkiesing.

- In Reigerpark aan die Oos-Rand gebruik polisie sambokke en traanrook om betogers uiteen te jaag.

- In Camperdown in Natal word die verkoolde lyk van 'n man gevind. In dieselfde gebied gebruik die polisie traanrook en sambokke om betogers uitmekaar te jaag.

- In Laudium naby Pretoria gooi groepe mense klippe na polisievoertuie. Groepe betogers word met traanrook uitmekaar gejaag.

- In Rustenburg het 'n groep swartmense by 'n skoolwerf ingestap en begin sokker speel. Minstens 35 is in hegtenis geneem.

- In die Bloemfontein-gebied word busse met klippe bestook en groepe mense met traanrook uitmekaar gejaag.

- In die Oos-Transvaal word voertuie op Secunda en Witbank met klippe bestook.


Eerste Nasionale Bank

**Eerste vir jou.**

# GOUDSTORMLOOP 7

## KRY 'N SORGSERTIFIKAAT NOU!

**(Net R10)**



## en (indien u wil) neem deel in die GOUDSTORMLOOP

*'n Miljoen wag om gewen te word en nog baie meer*

1ste PRYS R1 000 000 • 2de PRYS R100 000 • 3de PRYS R50 000
4de PRYS R10 000 • 12 PRYSE R5 000 • 100 PRYSE R1 000 • 100 PRYSE R500
• **Belangrik** 30% van totale kaartjieverkope indien die mikpunt nie bereik word nie
• **Reëls** verskyn op die keersy van elke sorgsertifikaat
INSKRYWINGS VERVAL: 21 ste OKTOBER 1989
OPENBARE TREKKING VIR 16 FINALISTE: 21ste NOVEMBER 1989
FINALISTE KOMPETISIE:25th NOVEMBER 1989 (EERSTE NASIONALE BANK 300 000 PERDEWEDREN TE TURFFONTEIN)

---

**STUUR ASSEBLIEF U DONASIE NA OPERASIE HONGER, POSBUS 31547, BRAAMFONTEIN 2017.**
**STUUR ASSEBLIEF NET GEKRUISDE TJEKS EN POSORDERS OF VUL DIE KREDIETKAART GEDEELTE OP HIERDIE VORM IN.**

VOORLETTER

VAN

ADRES

POSKODE

TEL NR.

TEL KODE

**MERK ASSEBLIEF MET 'N (X) IN DIE VAKKIE OF U WIL DEELNEEM AAN GOUDSTORMLOOP 7.** JA | NEE

STUUR ASSEBLIEF ... SERTIFIKATE TEEN R10,00 ELK OF R90 VIR 10

STUUR ASSEBLIEF ... BOEKE VAN 10 SORGSERTIFIKATE TEEN R90 PER BOEK

OM DEEL TE NEEM IN GOUD STORMLOOP 7
ANTWOORD ASSEBLIEF HIERONDER.
MERK DIE KORREKTE ANTWOORD MET 'N "X"

1. HOE OU SAL OPERASIE HONGER IN 1990 WEES?

| 1000 | 100 | 10 |
|---|---|---|

2. WATTER RIVIER SKEI SUID-AFRIKA AND ZIMBABWE?

| VAAL | LIMPOPO | FISH |
|---|---|---|

3. WAT IS DIE NAAM VAN EERSTE NASIONALE BANK SE OUTOMATIESE TELLERS?

| BOB | BARRY | JIMMY |
|---|---|---|

**DEBITEER ASSEBLIEF MY VISA/MASTERCHARGE/DINERS/AMERICAN EXPRESS**

**KREDIETKAART MET DIE WAARDE VAN R** ..................

**KREDIETKAART NR.**

*VW*

HANDTEKENING .................. VERVAL DATUM ..................

# Nuwe hoop vir Hillbrow se skemerkinders



DIS dagbreek in Hillbrow. Oumensgesiggies, verwronge deur bottels gom en koue wintersnagte, ontwaak uit hul slaapplekke in Hillbrow se stegies, woonstelkelders en sypaadjies. Laag op laag verflenterde klere word reggeskud en hier en daar word 'n vuur aangesteek.

Teen agtuur die oggend is daar langs elke parkeermeter 'n kind op sy pos. Voor die supermarkte drom nog 'n groep saam om inkopiesakke te dra en 'n ent verder bedel 'n kind langs 'n boereworsstalletjie.

Dis Hillbrow se skemerkinders - of twilight children soos hul wêreldwyd bekend is. Ontwortelde kinders vir wie die straat 'n huis en tuiste geword het.

Na raming is daar tussen 5 000 en 9 000 skemerkinders in Suid-Afrika, waarvan sowat 1 500 in Hillbrow is. Hulle ouderdomme wissel tussen tien en agtien jaar.

'n Onlangse studie toon dat 25 persent van hulle ongeletterd is en 20 persent byna ongeletterd is. Minder as 'n kwart kan sonder probleme weer in 'n gewone skool toegelaat word. Meer as vyftig persent ly aan wanvoeding.

Prof Linda Richter, kliniese sielkundige by Unisa, het onlangs bevind dat hoe langer die kinders op straat spandeer, hoe kleiner is die kanse dat hul opvoedkundig weer gerehabiliteer kan word.

Hul verloor die vermoë om te konsentreer en die oorlewingstrategieë wat hul op straat aanleer, maak dit vir hulle onmoontlik om weer aan te pas by die dissipline wat van 'n gewone skool- of huislewe vereis word.

**Na raming is daar sowat 9 000 skemerkinders in Suid-Afrika. Hulle woon op straat sonder hoop en sonder toekoms met net een doel voor oë: om aan die lewe te bly. Maar nou is daar nuwe uitkoms: Twilight Children, 'n tehuis vir hawelose kinders in Kotzestraat in Hillbrow. Hier word geen vrae gevra, eise gestel of verwyte rondgeslinger nie. JACQUES PAUW het die tehuis besoek en KATE VERE-DAVIES het die foto's geneem.**

Die kinders leer die straatgewoontes baie vinnig aan: daar is die generaals wat elkeen sy dosyn of wat parkeermeters besit en dit aan onderdane "uithuur", ander wat R20 of meer per dag verdien deur klein, vuil handjies na simpatieke verbygangers uit te steek en 'n ongelooflike oorlewingsvermoë wat die jongste kinders in staat stel om die koudste wintersnag onder 'n hoop ou koerante te oorleef.

Maar daar is nog 'n manier vir die skemerkinders om die strate van Hillbrow te oorleef. 'n Geleentheid om weer kind te wees: te speel, te lag, te leer.

Sommige verwys daarna as die "Wonderwerk van Kotzestraat". Dis 'n ou gebou wat eens 'n skuilplek vir boemelaars was voor 'n paar mense besluit het om 'n tehuis vir skemerkinders te vestig. Die gebou is skoongemaak en badkamers is gebou.

Vandag is Twilight Children 'n miernes van bedrywighede. 'n Kosskoolatmosfeer heers - stoele word rongeskuif en die etenstafel word gedek terwyl 'n radio in die agtergrond blêr en jong seunstemme opgewonde praat.

"Ons probeer om menselewens van onpeilbare smart en selfvernietiging te red. Moenie laat enigiemand jou probeer vertel dit is onmoontlik nie. Dit is wel baie, baie moeilik," sê Greg Jacobson, die vise-voorsitter van die Twilight Children-organisasie.

Jacobson, self 'n inwoner van Hillbrow, loop gereeld in die aande deur die strate van Hillbrow om met skemerkinders te gesels. Hy ken die meeste se name en hulle noem hom "Mr Greg of The Shelter".

Die koms van Twilight Children het meegehelp om die misdaadsyfer, magspel en verwaarlosing van skemerkinders in Hillbrow te verlig. Vroeër was daar 'n baie duidelike magstruktuur op die strate waar 'n "generaal" in beheer was van 'n groep kinders.

'n Jong seun wat in Hillbrow aangekom het, het hom by 'n generaal aangesluit. In ruil vir betaling aan die generaal het hy beskerming en 'n paar parkeermeters gekry om te beman.

Volgens Linda Richter is die skemerkinders baie blootgestel aan seksuele uitbuiting en kan hulle onwetend betrek word by 'n dwelmnetwerk waar 'n volwassene hulle sal betaal om 'n 'onskuldige' pakkie af te lewer.

Gomsnuiwery kom wyd voor. Baie kinders sê gom help hulle deur hongerte en 'n lang, koue wintersnag.

Colin Phungula, bestuurder van 'n tehuis vir skemerkinders, sê mense maak 'n fout om te dink kinders loop weg na Hillbrow op soek na rykdom en geluk. Hulle vlug weens nagmerrie- en onuithoudbare omstandighede by hul ouerhuise.

So byvoorbeeld leef baie weens armoede van hoenderafval, pap en water by die huis. Op straat kan hulle minstens vars brood en melk elke dag met hul bedelgeld koop.

Vandag gaan die jong inwoners van Twilight Children gereeld terug straat toe - om ander skemerkinders te gaan werf.

Hulle vertel hulle van 'n nuwe lewe, van gesonde kos, 'n warm slaapplek en 'n nuwe skool.

Jacobsen het een goue reël: geen kind wat by die tehuis aankom, word weggewys of geblameer vir sy verlede nie. Die meeste van die kinders is afkomstig uit aanliggende townships, maar daar is ook weglopertjies van so ver as Zimbabwe.

'n Tipiese oggend in Twilight Children begin om half-sewe wanneer die kinders opstaan, gaan stort en die slaapsaal omskep in die eetkamer. Ontbyt bestaan hoofsaaklik uit pap, melk, tee of koffie.

Die kinders gaan byna almal skool by 'n kerk sowat een kilometer verder. Die skoolprogramme word aangebied deur Streetwise, 'n organisasie wat hom beywer vir die rehabilitasie van onder meer skemerkinders. Die sillabes word spesiaal aangepas vir kinders wat in baie gevalle nog nooit enige formele onderrig gehad het nie.

In die middae speel die seuns hoofsaaklik sport, oor naweke besoek hulle 'n plaas naby Halfweghuis terwyl 'n private skool hul toelaat om in die somer daar te swem.


Die deur van die tehuis sluit elke aand om ses-uur. Dan moet al die kinders tuis wees. Kos word deur private organisasies voorsien terwyl alle etes deur huishoudkundiges goedgekeur is.

"Ons besef die omstandighede hier is alles behalwe normaal. Ons behoort eintlik 'n tehuis in Soweto te hê, maar van die ouer seuns weier om na 'n township terug te keer. Hulle wil hier bly en werk," sê Jacobson.





**VWB? Wat is VWB?**



VWB is die mees opwindende gebeurtenis in die Suid-Afrikaanse literêre wêreld in 'n baie lang tyd.

Maar VWB is nie net vir literatore met toffieneuse, vervelige akademici en vaal, bysiende bibliotekaresses nie.

VWB is vir almal wat graag lees. Oor die letterkunde, poësie, die geskiedenis, tuinmaak, mense, gesondheid, natuurbewaring en ekologie, kinders grootmaak, die ekonomie, politiek, kos - alles waaroor boeke geskryf word. En oor die mense wat dit geskryf het.

VWB is Vrye Weekblad Boeke, 'n kwartaallikse bylae wat die eerste keer op 13 Oktober verskyn.

VWB gaan 'n fees wees.

Ons het ook binnekort twee ander bylaes: op 17 November een oor persoonlike finansiële beplanning, en op 1 Desember oor omgewingsake en die buitelewe.

Dié bylaes gaan 'n gesogte advertensiemedium wees, so maak betyds seker jy is deel daarvan. Ons advertensiebestuurder, Gwynne Bramley Wray, hoor graag van jou. Bel haar sommer nou by (011) 836 2151.

# BEANTWOORD VREEDSAME PROTES VREEDSAAM.

# Dumas se god glo nie aan apartheid nie

**Pieter Dumas, NG-Kerk-predikant van Germiston, is al rebelle-prediker, loënaar en lasteraar genoem. Hy is al van sy pligte onthef en sy kerkraad het 'n slag of wat bedank. Hy meen die NG-Kerk aanbid die verkeerde god - die apartheidsgod. Dumas preek versoening en eenwording van die kansel af en beywer hom vir gekleurde lidmate vir sy kerk. Hy is vir baie mense 'n baken van moed en krag in die NG-Kerk. JACQUES PAUW het met hom gaan gesels.**




*Foto: Jacques Pauw*

"EN ek bid dat almal één mag wees..."

Op die preekstoel staan Pieter Dumas, prediker van die NG-moedergemeente op Germiston. Sy lang, swart hare hang los oor sy toga en sy donker oë draai oor die gemeente. Daar is bruinmense in die kerk en daar is witmense in die kerk.

"En ek bid dat daar versoening tussen ons mag wees..."

Die gemeente sit doodstil en luister. 'n Bejaarde vrou glimlag vir dominee en 'n geharde ondersteuner van 'n regse party knik instemmend sy kop. Die bruinmense kyk stip na hul leraar.

"En ek bid dat ons almal een van die dae deur die liefde bymekaargebring mag word..."

Die ouderlingsbank is leeg. In die middel van die kerk sit Joseph van Oudtshoring, die eerste bruinman om as ouderling in 'n wit NG-kerk aangewys te word. Maar weens kerkreëls mag hy nog nie op sy regte plek sit nie.

"...want dit is hoekom ek hier voor u staan."

Die predikant en die bruinman kyk vir mekaar.

Pieter Dumas is al baie dinge genoem: helle- en rebelle-prediker, Judas, moeilikheidmaker en opstoker, lasteraar van die kerkleiding, loënaar en nabootser van Christus.

Hy is al 'n slag van sy predikantspligte onthef, skuldig bevind omdat hy 'n obsessie het om die deure van die kerk oop te kry, sy kerkraad verlei het om sy heillose weg te volg en die kerkleiding rassiste genoem het.

Op sy beurt sê hy die NG-Kerk is 'n liegkerk omdat hulle die mens in plaas van God aanbid, die weë van die bose bevorder omdat hulle haat in plaas van liefde verkondig en 'n geweldige sonde begaan het toe hulle een kerk in vier opgedeel het net oor ras.

In sy eie gemeente het die kerkraad al 'n slag of wat bedank, talle beswaarde gemeentelede het padgegee en mede-leraars vra: hoe kan ons van Pieter Dumas ontslae raak?

Sy sonde?

Hy weier om te aanvaar die kerk is "toe" of dat hy nie bruinmense buite sy gemeentegrense as lidmate mag aanvaar of as ouderlinge aanstel nie.

Hy predik Sondag na Sondag van een van die konserwatiefste preekstoele in Suid-Afrika 'n boodskap van eenwording en versoening.

En in 'n gemeente bedreig deur bankrotskap en ondergang, het hy sy eie salaris met die helfte verminder om die gemeente aan die gang te hou en leef nou in 'n karig-gemeubileerde eenslaapkamerswoonstel in die suide van Germiston. Die pastorie is verkoop om geld vir die gemeente te kry.

Pieter Dumas is gebore op die wynplaas Jacobsdal (bekend vir sy uitstekende pinotage) net buite Stellenbosch. In plaas van wynboer word, het die jong Dumas besluit om liewer predikant te word.

"Ek dink dit was maar die ding oor die sin van die lewe wat my laat teologie doen het. Erfplase en mense verval en word stof. Dit het die lewe nogal sinneloos gemaak. Toe het ek natuurlik nog nie geweet van al die gekonkel in die kerk nie."

Dit het Dumas uiteindelik elf jaar geneem om predikant te word. "Ek het nooit gedruip nie, net gestaak. Altyd oor Grieks en Hebreeus. Ek het vyf jaar aan my BA-graad geswot, en toe nog nie Grieks II gehad nie."

Die kweekskooljare was ontstuimige jare. Dumas het die lig gesien en besluit dat hy hom op geregtigheid en eenwording van die vier NG-Kerke gaan toespits.

"Ek glo skeiding wek vervreemding, wat op sy beurt haat en geweld verwek. Apartheid is die duiwel in die kerk. Dit druis direk in teen die liefdesversoening van God. Dit is duiwels en wek haat in plaas van liefde. Die kerk aanbid 'n ander god - die apartheidsgod - as ek."

Sy mede-studente wou van Dumas weet: "Wat de duiwel soek jy in die kerk? Jy is 'n Judas." Baie dosente het sy oortuigings gedeel, maar gewaarsku: "Pas op Dumas, die mense is nog nie gereed hiervoor nie."

Die meeste ander jong predikante wat soos Dumas gevoel het, is ná hul studies Sendingkerk toe of na die NG-Kerk in Afrika. Dumas het besluit om in die blanke kerk te bly, wat hy as sy sendingveld beskryf.

***"Toe het ek natuurlik nog nie geweet van al die gekonkel in die kerk nie."***

Uiteindelik het hy in 1983 in Germiston-Sentraal beland. Dié gemeente, toe reeds baie arm en met 'n dalende ledetal, kon nie 'n predikant kry nie. Dumas het besluit om hulle uit te help.

Die wysgere in die kerkraad het onmiddellik hul wenkbroue vir die nuwe dominee se versoenings- en eenheidspreke gelig. Hulle het hom gou gewaarsku: dominee, hou aan met die linkse praatjies in die kerk, en ons bedank.

Nee dis reg broers, dan moet julle maar gaan. Hulle het toe bedank.

Met 'n nuwe, meer verligte kerkraad het Dumas in Junie 1985 sy kerk in beginsel vir almal oopgestel en met gesamentlike dienste met die bruin en swart kerk begin. Kort hierna het die kerkraad ook toegestem dat bruin lidmate van die "ou lokasie" buite Germiston by hulle kon inskakel.

Vroeg in 1987 het Dumas voorgestel dat 'n bruin werker, Nicky Cassam, wat die kerkdienste elke Sondag bygewoon het maar nie 'n lidmaat van die bruin kerk was nie, gekatkiseer en aangeneem word. Die kerkraad het dit aanvaar.

Kort hierna het die ring tussenbeide getree en dit verbied omdat dit kwansuis verdere onrus in die gemeente sou veroorsaak. Hy mag in die wit gemeente katkiseer, maar moet in die Sendingkerk aangeneem word. Dumas het hulle beskuldig dat hulle rassisties is. Cassam het padgegee en begin drink.

Heelwat lidmate het in hierdie dae padgegee na Germiston-Suid waar daar 'n regsgesinde predikant was.

Een aand in 1987, terwyl Dumas 'n biduur in die township gelei het, het hy besluit dat hy die swartmense nog nouer by die gemeente wil betrek en het voorgestel dat Joseph van Oudtshoring as ouderling aangeneem word.

Weer eens het die ring ingegryp en gesê Van Oudtshoring mag nie, hy's buite die gemeentegrense. "Ek het vir hulle gesê hulle is liefdeloos en diskrimineer. Joseph is bruin en mag nie in 'n wit groepsgebied woon nie, daarom is hy buite die gemeentegrense."

Dumas is aangekla en daaraan skuldig bevind dat hy valse getuienis predik, die kerkleiding laster deur hulle rassiste te noem, dat hy 'n obsessie het om die kerkdeure oop te kry, dat hy sy kerkraad verlei en bowe alles, rasse-verhoudinge versteur!

"Die volgende oggend was twee lede van die ring daar om my van my pligte te onthef.

"Ek mag nie verder gepreek het nie en het van daardie oomblik af nie salaris gekry nie. Hulle wou nog vir my bid en 'n stukkie lees, maar ek het geweier."

'n Nuwe, regse kerkraad is aangestel wat wou hê Dumas moet onmiddellik die pastorie ook ontruim. Toe hy kort hierna op appèl deur die Suid-Transvaalse Sinode onskuldig bevind word, het hulle geweier om dit in die kerk af te kondig. Alle vorige besluite oor gesamentlike dienste, nagmaal en ouderlinge is herroep.

Hoewel hy onskuldig bevind is, mag hy nie weer in dieselfde gemeente aangestel word. Hy was bloot weer beroepbaar, maar geen ander gemeente wou Dumas hê nie.

Dit het uiteindelik 'n aansoek in die Hooggeregshof gekos om hom terug op sy pos te kry. Dieselfde oggend wat die ring hom herstel het, het die kerkraad hom weer van alle ongerymdhede aangekla. Die ring het dit verwerp.

"Ek was terug by square one. Ek het dieselfde kerkraad as voor 1983 gehad en my goeie werk was ongedaan. Ek moes weer van vooraf begin. Gelukkig het 'n paar onmiddellik bedank en die res van die regses in November verlede jaar."

'n Afvaardiging van die ring het die kerkraad se herroeping van die vroeëre besluite ongeldig verklaar en die status quo herstel. Gesamentlike dienste kon weer gehou word, maar Dumas sukkel steeds om sy gemeentegrense uit te brei om bruinmense gemeentelede te maak.


Intussen is die pastorie verkoop en bly Dumas nou in sy eenslaapkamerwoonstel. 'n Nuwe woonstel wat hy vroeg vandeesmaand moes betrek, is hom geweier omdat die eienaar uitgevind het dat swartmense hom gereeld besoek.

"Ek werk nou vir die helfte van my salaris, wat minder as R1 500 per maand is. As die gemeente bankrot raak, is dit verby met my in die blanke kerk. Geen ander gemeente sal my wil hê nie.

"Maar hier wil ek bly tot my werk klaar is. Almal het gesê dis onmoontlik om te doen wat ek hier gedoen het. Hier het ek die valse rus-en-vrede-teologie van die NG-Kerk in versoening en byna-eenwording omskep.

"Ek kan nie die kerk los nie, want hy moet beveg word. As ek hier weggaan, neem die regses weer oop. Dan's alles tot niet. In God se oë kan hierdie gemeente, al is hy hoe arm en bankrot, dié gemeente van God word."


**PC 2000**



**Vir die allerbeste rekenaarpryse in Johannesburg!**


**Protea Pick n Pay Sentrum**
**Highstraat**
**Brixton**
**(011) 837-7938/9**

| * 10 MHZ XT | * 12 MHZ AT |
|---|---|
| R2 695,00 | R3 800,00 |
| 101 Sleutelbord | 101 Sleutelbord |
| 640k RAM | 640k RAM |
| 360k Slapskyf | 1,2 MEG Slapskyf |
| 12" | Multi 1/0 Kaart |
| Dubbelfrekwensie | 14" |
| Skerm CGA & | Dubbelfrekwensie |
| Hercules | MONITOR |
| 20 MB Seagate | 20 MB Seagate |
| Hardeskyf | Hardeskyf |
| 1 Parallelpoort | Intydse Horlosie |
| 8 Uitbreiding | Seriepoort |
| | Parallelpoort |
| | 8 Uitbreidings |

**Epson LX 800 vir slegs R765,00**

**Beginners pakket**
**4.7 tot 10 MHZ XT**
**256k RAM**
**360k Slapskyf-aandrywer**
**84 sleutel sleutelbord**
**12 duim dubbelfrekwensie**
**Monitor en Hercules-cya kaartopsie**
**100 Diskethouer**
**10 Sagte skywe**
**SLEGS R1 595,00**

**Onthou ons klop enige ander geskrewe kwotasie!**



# Sjamaans was die kunstenaars

LEWIS-WILLIAMS en Dowson sê onomwonde dat 'n grondige kennis van die Boesman se gewoontes en rituele noodsaaklik is as 'n mens enigsins sy kuns wil verstaan. Hulle poog dus as 't ware om deur die Boesman se oë na die kuns te kyk.

Daar is algemeen aanvaar dat die Boesman se gewoontes en kultuur saam met hom uitgesterf het in die vorige eeu. Gelukkig, danksy die toewyding van 'n paar mense, het dit nie gebeur nie.

Baie van die Boesman se gewoontes, wat deur Lewis-Williams en Dowson gebruik is om hul nuwe benadering tot Boesmankuns te formuleer, is in die 1870's neergeskryf deur dr Wilhelm Bleek en sy skoonsuster, Lucy Lloyd.

Wilhelm Bleek was 'n Duitse linguis wat oorspronklik onder /Xam-misdadigers uit die Kenhardt-distrik, wat in Tafelbaai moes help om die nuwe hawehoof te bou, gewerk het. Van hulle het hulle gesinne saamgebring en by die Bleeks in Mowbray gewoon.

Bleek en Lucy Lloyd het meer as 12 000 bladsye woordelikse weergawes van die /Xam-Boesman se gewoontes, rituele en mites neergeskryf.

Bleek het sy eie fonetiese stelsel ontwikkel en die Boesmans se vertellinge noukeurig op een kant van die bladsy met 'n direkte Engelse vertaling langsaan neergeskryf. Die /Xam-taal op die 12 000 bladsye bestaan nie meer nie, maar danksy die Bleek-gesin se ongelooflike toewyding, praat dit steeds met ons.

In 1873, terwyl die Bleeks besig was om 'n waardevolle toekomstige bron voor te berei, het gebeure in Natal aanleiding gegee tot 'n ander bron.

Die hoofman van die Hlubi's, Langalibalele, het geweier om sy mense se vuurwapens te laat registreer. Hy het vergelding gevrees en in Lesotho gaan skuil. 'n Oos-Kaapse magistraat, Joseph Millard Orpen, is deur die Natalse regering aangesê om Langalibalele te geen soek. 'n Jong Boesmangids, Qing, is saam. Orpen het Qing se vertroue gewen en neergeskryf wat die Boesman hom in die aande om die vuur vertel het.

Orpen het Qing se vertellinge gepubliseer en toe Bleek die artikel die eerste keer sien, het hy gewys op die verbintenis tussen die Boesman se gewoontes en sy kuns.

Maar ondanks Bleek en Orpen se werk, het navorsers nie veel aandag aan dié bronne geskenk nie. Volgens Lewis-Williams en Dowson was dit die geval omdat die bronne so moeilik verstaanbaar is. Volgens die skrywers is daar geen ooreenkomste tussen die verduidelikings van die Boesmans en Westerse interpretasies nie. Die uitsprake - deur Boesmans in hul eie konsepte en taal - is, net soos hul rotskuns, moeilik om te ver-taal sodat Westerlinge kan verstaan wat eintlik bedoel word.

As voorbeeld van die probleem waarmee die Westerse navorser worstel, gee die skrywers die volgende voorbeeld:

Orpen wou by Qing weet wat die skilderye van die mans met ribbokkoppe beteken. Qing het geantwoord: "They were men who had died and now lived in rivers, and were spoilt at the same time as the elands and by the same dances of which you have seen paintings." (p 29)

In die verlede is Qing se verduideliking vertolk as sou dit verwys na mitologiese geeste wat onder die water woon. Lewis-Williams en Dowson verwerp die interpretasie en stel voor dat 'n mens dit metafories vertolk. Volgens hulle bevat Qing se verduideliking drie belangrike metafore (dood, onderwater, bedorwe) wat ons meer vertel omtrent die godsdienstige dans wat die mens met die eland verbind.

Lewis-Williams en Dowson sê dat beide skilderye en graveerwerk van die Boesmans nou verbind is met die genesers en sjamaans.

(Sjamaan - 'n Tungus-woord van Sentraal-Asië wat antropoloë gebruik om te verwys na dié mense in jagter-versamelaar-gemeenskappe wat 'n beswyming of droomtoestand betree om sodoende die toekoms te voorspel, mense gesond te maak, die weer te beheer, 'n goeie jag te verseker ens.)

Sommige jagter-versamelaar-gemeenskappe het net 'n paar sjamaans, terwyl ander, soos die Boesmans, baie het. In teenstelling met sjamaans in ander gemeenskappe wat dikwels sielkundig gestrem is, was die Boesman-sjamaans gewone mense, mans of vroue, wat ook die gewone alledaagse takies moes verrig. Hulle was ook nie 'n bevoorregte klas nie.

Boesman-sjamaans het soms hul bonatuurlike magte in 'n afgesonderde wêreld van drome beoefen, maar in die Boesmangemeenskap is sjamanisme meestal by 'n beswymingsdans beoefen. By só 'n beswymingsdans sit die vroue om 'n sentrale vuur en klap hul hande op die ritme van 'n betrokke dans. Die mans dans in 'n sirkel om die vroue. Die Boesmans glo dat die ritme en die vroue se sang die magiese kragte in die sjamaans na vore bring. Die krag 'kook' teen die sjamaan se rugwerwels op en laat hom in 'n beswyming gaan. Die sjamaan beweeg dan rond en lê sy hande op mense om die siektes en kwale uit te trek, waarna hy of sy met 'n skril kreet die siekte by 'n 'gat' in die nek uitlaat. Sodoende keer die siekte terug na die oorspronklike bron daarvan - of na 'n ander kwaadwillige sjamaan of na die gees van 'n gestorwene.

Lewis-Williams en Dowson verduidelik die noue skakeling tussen sjamanisme en Boesmankuns aan die hand van die bonatuurlike kragte wat die sjamaan se werk moontlik maak. Die suidelike /Xam het na die sjamaan verwys as !g:xa. Die eerste deel van die woord, !g:, beteken 'krag', en die agtervoegsel, -xa, beteken 'vol van'. 'n Sjamaan was dus iemand gevul met krag.

Omdat soveel van die skilderye die beswymingsdans uitbeeld, is die skrywers van mening dat die meeste, indien nie almal nie, deur sjamaans geskilder is. Die sjamaans het egter nie geskilder terwyl hulle in 'n beswyming was nie, maar eerder hul visioene na die tyd onthou en geskilder. Navorsing het getoon dat sjamans in ander wêrelddele ook oor die vermoë beskik om die hallusinasies wat hul tydens 'n beswyming ervaar het as 'n na-beeld te beleef.

'n Ou Boesmanvrou, moontlik die laaste lewende suidelike Drakensberg-Boesman, het vertel dat haar pa 'n sjamaan was. Sy kon haar jeugjare nie meer so goed onthou nie, maar kon haar pa se skilderye, en die rituele wat dit uitbeeld, sonder enige moeite herken. Sy het ook onthou dat hy elandbloed gebruik het om verf mee te maak. Volgens die skrywers het sy vertel dat die Boesmans tydens die beswymingsdans na die skilderye gedraai het om hul 'krag' te gee. Toe sy in die grot kom waar sy as 'n kind gewoon het, het sy begin dans, na die skilderye gedraai en in 'n lae stem begin sing. Dit was in 1985.


Sy was terug in 'n wêreld wat reeds uitgesterf het, en waarvan navorsers baie graag meer sou wou weet.



(Bo) Wilhelm Bleek. Sy toewyding het gesorg dat die /Xam nie heeltemal verdwyn het nie (p 26)

"People do evil and fight
When they have grown fat
After rain has fallen"

Diä!kwain, Wilhelm Bleek se informant (p 110)



(Regs) 'n Bladsy uit Lucy Lloyd se notaboek (p 27)

# *Brandberg se Wit Vrou het baie wetenskaplikes verlei*

**'n Omvangryke nuwe boek oor Boesman-rotskuns, getiteld *Images of Power, Understanding Bushman Rock Art*, het pas by Southern Book Publishers (R49,99 + AVB) verskyn. Die skrywers, David Lewis-Williams en Thomas Dowson, albei lede van die Rotskuns-navorsingspan van die Departement Argeologie van die Universiteit van die Witwatersrand, verwerp die ouer vertolkings van die skilderye en stel 'n nuwe benadering tot Boesman-rotskuns voor. RYK HATTINGH bespreek die boek. (Alle inligting, foto's en lyntekeninge op die blad, behalwe waar anders vermeld, is uit dié boek.)**

IN 1655 het Jan van Riebeeck 'n ekspedisie onder leiding van Jan Wintervogel uitgestuur om die gebied noord van Kaapstad te gaan verken. Wintervogel en sy ekspedisie was die eerste wit koloniste in Suid-Afrika om met die Boesmans in aanraking te kom. Wintervogel was nie juis beïndruk nie. Terug in die Kaap het hy hulle beskryf as baie klein mensies, wild, sonder hutte, beeste of enigiets in die wêreld.

Twee honderd jaar later, in 1856, het die sendeling Henry Tindall 'n Kaapse gehoor van die Boesmans vertel: "He has no religion, no laws, no government, no recognised authority, no patrimony, no fixed abode...a soul, debased, it is true, and completely bound down and clogged by his animal nature."(p 4)

Terloops, Tindall was nie baie suksesvol in sy pogings om die Boesmans tot die Christendom te bekeer nie.

Sedert Wintervogel en Tindall het rassistiese wanopvattings van die Boesman opgestapel. Die Boesmans is beskryf as eenvoudige en kinderlike mense, nie in staat tot abstrakte denke of simbolisme nie. Daar was selfs skrywers wat gesê het dat die Boesmans nie tussen mens en dier kan onderskei nie.

Teen die einde van die 19e eeu som die historikus George McCall Theal die Boesman só op: "(They) were of no benefit to any other section of the human family, they were incapable of improvement, and as it was impossible for civilised men to live on the same soil with them, it was for the world's good that they should make room for a higher race". (p 4)

## Brandberg

Dié wit koloniste met hul superieure koloniale mentaliteit wou natuurlik nie aanvaar dat die "primitiewe" Boesman oor die verstandelike vermoëns beskik het om ook kuns te pleeg nie. Ander kunstenaars moes gevind word.

So het een van die invloedrykste 'kenners' van pre-historiese kuns in Europa, Henri Breuil, byvoorbeeld gesê dat hy onder meer Feniciese en Mediterreense figure in Suider-Afrikaanse rotskuns kan identifiseer. (Erich von Daniken impliseer in een van sy talle eksotiese teorieë dat dié skildery 'n besoeker uit die ruimte afbeeld!)

Die skildery wat gelei het tot Breuil se skouspelagtigste flater, die sogenaamde "Wit Vrou van die Brandberg", het 'n legende geword. 'n Legende wat navorsing oor Boesman-rotskuns baie skade berokken het.

Die skildery is in 1917 deur Reinhardt Maack ontdek. Tydens 'n besoek aan Suid-Afrika in 1929 het Breuil Maack se afbeelding van die skildery gesien, maar nie die skildery self nie. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog is hy weer in Suid-Afrika en bestudeer foto's van die skildery. Hy skryf aan die destydse eerste minister, genl JC Smuts:

"I send you the portrait of a charming girl, who has been waiting for us on a rock in the Brandberg range for perhaps three thousand years; do you think it well to keep her waiting much longer?" (p 6)

Dis nie waar Breuil se romantisering opgehou het nie. Uiteindelik, in 1947, slaag hy daarin om by die Brandberg uit te kom.

Die berg lyk vir hom soos die ruïnes van 'n Griekse of Minoïese stad, en sy ontberings om by die skildery uit te kom, ontvang op die ou end baie meer aandag as die skildery self.

Toe Smuts Breuil se afbeelding van die skildery sien, het hy glo gesê: "You have upset all my history... When you publish these paintings, you will set the world on fire and nobody will believe you." (p 5)

Breuil se Wit Vrou is die wêreld ingestuur en het baie mense verlei.

Hy het egter 'n paar lelike foute gemaak.


Die Wit Vrou van die Brandberg is nie wit òf 'n vrou nie. Onlangse ondersoeke het aangetoon dat die figuur 'n penis het, en 'n pyl-en-boog dra - sonder enige twyfel manlike toerusting. Die Wit Vrou het ook nie Mediterreense gelaatstrekke nie en die feit dat die onderste helfte van die figuur in wit geverf is, beteken glad nie dat dit 'n witmens uitbeeld nie. Die Boesmans het nie altyd hulle kleure realisties gebruik nie. So is daar baie voorbeelde van rooi, wit en swart olifante.

Daar is in elk geval in die Suider-Afrikaanse rotskuns baie ander voorbeelde van wit figure wat sonder twyfel Boesmans uitbeeld.

Belangriker nog, net bokant dié "Wit Vrou" is 'n skildery van 'n wildsbok met 'n mens se agterbene wat sekerlik nie letterlik vertolk kan word nie.

Die Wit Vrou en die ander figure in die Brandberg is Boesman-rotskuns. Treffend, maar nie verskillend van enige ander Boesmankuns in Suider-Afrika nie.


Die mite van die Wit Vrou van die Brandberg kan dus geïgnoreer word.




Die Wit Vrou van die Brandberg (p 5)

## 'God het dit daar geplaas'

**DIE Boesmans in die Kalahari is nie die nasate van die kunstenaars in die suide nie. Hulle maak nie rotskuns nie, en het geen tradisie daarvan nie. Volgens Lewis-Williams en Dowson is daar wel 'n paar wat bewus is van skilderye in die Tsodilo-heuwels, maar - soos Megan Biesele gevind het - sê hulle dat god dit daar geplaas het. Die kunstenaars in die suide - wat as gevolg van kolonisasie uitgesterf het - se tale het heeltemal verskil met dié van hul woestynbroers.**



# Die beswyming is 'n universele verskynsel



**VOLGENS Westerse navorsers kan die beswyming in drie fases verdeel word. Navorsers, onder leiding van Ronald Siegel, het die ontdekking gemaak gedurende 'n neuro-psigologiese ondersoek na veranderlike bewussynstoestande.**

**Omrede sjamanisme gegrond is op veranderlike bewussynstoestande, is dit uiters belangrik om dit te verstaan.**

**Daar is natuurlik talle faktore wat 'n mens se bewussyn kan beïnvloed.**

**Hoewel die neuro-psigologiese eksperimente meestal met die hallusinogeen LSD gedoen is, verskil die veranderinge in bewussyn wat deur dié middel veroorsaak word nie veel van die veranderinge wat deur ander verdowingsmiddels veroorsaak word nie.**

**Wat meer is, bewussynsveranderinge as gevolg van sensoriese verlies, pyn, ritmiese beweging of klank, intense konsentrasie, hiperventilasie en in sommige gevalle selfs skeelhoofpyne, volg almal dieselfde patroon.**

**Dit beteken dat Boesman-sjamaans, wat nie so sterk gesteun het op hallusinogene soos sjamaans in ander wêrelddele nie, se ondervindinge baie dieselfde moes wees as dié van ander sjamaans én Westerse proefkonyne wat aan die neuro-psigologiese eksperimente deelgeneem het.**

**Die relevansie van die navorsing tot sjamanisme word verduidelik aan die hand van die Tukano in die Amasone-stroomgebied wat gereeld die verdowingsmiddel yajé (Banisteriopsis) gebruik.**

**Geraldo Reichel-Dolmatoff het die mense gevra om hom van hul ervaring van die verdowingsmiddel te vertel. Hulle het hom van die drie stadia, wat ooreenkom met die laboratoriumbevindings, vertel. Hy het hulle toe gevra om hul visioene te teken, en groot was sy verbasing toe hul tekeninge so te sê identiese weergawes van dié van Westerse proefkonyne was.**

**Die gevolgtrekking dus: Sekere beswymingervarings is universeel, en die Boesman-sjamaans het daardie universele ervaring op dié subkontinent se rotse geskilder. (p 60)**

*** 'n Baie interessante boek oor die magiese kragte van sjamaans is Ernesto De Martino se Primitive Magic: The psychic powers of shamans and sorcerers, Prism Press. Dorset; 1972.**

# Só maak sjamaans gesond

*Dit is een van die duidelikste Boesmanskilderye van 'n sjamanistiese genesingsritueel. In die middel lê 'n persoon op die naat van sy/haar rug met die knieë opgetrek, terwyl 'n sjamaan hom/haar die hande oplê. Dié twee word omring deur 'n halfmaanvormige lyn wat òf 'n hut òf 'n voor in die grond - deur die dansende mans veroorsaak - kan voorstel. Dit hoef egter nie 'n 'realistiese' funksie te vervul nie.*


*Die pyle hoef nie noodwendig 'werklike' pyle voor te stel nie, omdat die Boesmans nooit gevaarlike voorwerpe laat rondlê nie. Dis heel moontlik 'pyle van siekte': klein, onsigbare pyltjies wat deur bose shjamaans om bose redes in mense geskiet word. In die genesingsritueel trek die sjamaan die pyltjies in sy eie lyf in en werp dit later weer uit.*

*Nie al die genesingsdanse is sirkelvormig soos dié een nie. Soms dans die sjamaan in die middel, terwyl die vroue om hom sit of staan en die ritme van die dans klap.*

*Sommige skilderye wys egter die dansers in 'n lang ry. Die skilderye moet egter nie as 'n fotografiese afbeelding van die werklike dans aanvaar word nie, maar eerder as 'n ver-beelding van die sjamaan se bevoorregte perspektief op die 'werklike' en die 'onwerklike' elemente van die beswymingsdans. (p 38)*



# Praat ons nog van Boesmans?



DIE Boesman behoort tot die sogenaamde Khoisan-groep, wat uit die Khoikhoi en San of Boesman bestaan. Die Boesmans beskik nie oor 'n woord wat na hulself as 'n enkele groep verwys nie; elke groep het sy eie woord.

So byvoorbeeld verwys 'n groep in die noorde van Namibia en Botswana - onder antropoloë bekend as die !Kung - na hulself as Zu/'hoasi wat 'voltooide mense' beteken.

Die woord 'Boesman' is afgelei van die Nederlandse 'Boschjesmans' wat in die 17e eeu gebruik is om na al die groepe, die !Kung inkluis, te verwys.

Sommige mense meen die woord 'Boesman' is beledigend en assosieer dit met die ou, rassistiese beskouing van die mense. In Images of Power wys Lewis-Williams en Dowson daarop dat die woord 'San' - 'n Nama-Khoikhoi-woord - óók negatiewe konnotasies het.

Die Namas het die woord nie net gebruik om na die oorspronklike jagters van die subkontinent te verwys nie, maar na enige verarmde, kuddelose mense. Die skrywers haal Mathias Guenther aan waar hy sê die woord 'San' is ook gebruik om "the flotsam and jetsam of the pluralist society of the Cape" te beskryf.

Die skrywers het egter besluit om die meer bekende 'Boesman' te gebruik, maar sê duidelik dat hulle dit sonder enige beledigende ondertone doen.

* In sy studie: The !Kung in the Kalahari Exchange: An Ethnohistorical Perspective, regverdig Robert J Gordon sy gebruik van die woord 'Boesman' só:

"I will, however, continue to use the term because according to Hahn (1870) and Nienaber (1952)... the term is derived from the Dutch Bossiesman, which meant 'bandit', a term that they did not achieve by living in the splendid invigorating isolation of the Kalahari. I continue to use the term Bushman because I think that it is necessary to make banditry respectable again."

(Camel Schire (red), Past and Present in Hunter-Gatherer Studies. Orlando: Academic Press)

# Ongeletterdheid en armoede loop hand aan hand

**Vandag staan bekend as Internasionale Geletterdheidsdag, en volgende jaar is tot Internasionale Geletterdheidsjaar verklaar.**

**Volgens statistieke van die VV is 9 miljoen, of een derde, van alle volwassenes in die wêreld ongeletterd. ANTON STEENKAMP stel ondersoek in na die posisie in Suid-Afrika.**




**Deelnemers by verlede jaar se viering van Internasionale Geletterdheidsdag op 8 September by Wits. *(Foto: Dawn Norton)***

ONGELETTERDHEID beteken nie net dat jy nie kan lees of skryf nie. Dit beteken ook dat dit moeiliker is om werk te kry, dat jy minder betaal word, dat jy nie kennisgewings kan lees nie, en dat jy nie eers jou geld kan bank nie.

Volgens Francis Wilson en Mamphela Ramphele in "Uprooting Poverty: The South African Challenge", is meer as 'n derde van swart volwassenes in Suid-Afrika ongeletterd.

Dié syfer, wat neerkom op sowat 6 miljoen mense, is gegrond op die syfers van die 1980-sensus, wat nie die "onafhanklike" tuislande - Transkei, Ciskei, Bophuthatswana en Venda - insluit nie. As die TBVC-lande ingereken word, is die syfer nader aan 9 miljoen.

Daarenteen is minder as een persent van die blankes in Suid-Afrika ongeletterd.

Wat die syfers vir swartmense betref, moet verder in gedagte gehou word dat dit nie aantoon in watter taal die mense geletterd is nie. Selfs al kan iemand 'n inheemse taal lees en skryf, maar nie Engels nie, is dit vir hom of haar bitter moeilik om werk te kry waar 'n basiese kennis van Engels nodig is.

Wilson en Ramphele beskou ongeletterdheid as een van die groot oorsake van werkloosheid, en dus armoede, vir mense in Suid-Afrika.

Uit die aard van die saak is dit juis die armste mense, soos plaaswerkers, wat nie 'n voldoende opvoeding kry nie. Sodoende word hulle vasgevang in 'n spiraal van armoede - omdat hulle ongeletterd is, kan hulle nie beter werk kry nie, hulle kan nie opvoeding vir hul kinders bekostig nie, en die situasie duur vir geslagte voort.

Volgens die Race Relations Survey van 1987/88 het die minister van Onderwys en Ontwikkelingshulp, dr Gerrit Viljoen, in 1988 gesê slegs 379 skole onder sy beheer was onderworpe aan verpligte onderwys. In die tuislande was onderwys glad nie verpligtend nie.

Skoolbywoning is verpligtend vir bruin en wit kinders tot op 16 jaar of nadat hulle standerd 8 geslaag het, en vir Indiërs tot op 15 jaar.

In 1987 het die regering gemiddeld R2 508 op die opvoeding van elke blanke kind gespandeer, teenoor R476 gemiddeld op elke swart kind.

In 1986 was daar 259 volwasse onderwyssentrums vir swartmense landswyd onder regeringsbeheer (36 minder as in 1985). By dié sentrums is 46 987 studente ingeskryf.

Hierbenewens is daar verskeie geletterdheidsprojekte landswyd wat sonder regeringshulp informele klasse aanbied. "Baie swartmense is agterdogtig oor regeringsprogramme, en ons probeer om aandag te gee aan volwasse leerlinge se besondere behoeftes en eise," sê Carola Steinberg van die English Literacy Project (ELP).

Ondanks die verskeidenheid van projekte landswyd om geletterdheid te bevorder, woon slegs sowat 0,1 persent van die ongeletterde mense in Suid-Afrika klasse by, sê Steinberg. Onder dié groepie is daar nog vele wat nie die kursus end-uit volg nie.

ELP se teikengroep is fabriekswerkers, en hulle werk saam met vakbonde om geletterdheidsklasse onder werkers aan te bied.

Aangesien baie werkgewers nie wil toelaat dat hul werkers in werksure klasse bywoon nie, vind van die werkers dit egter moeilik om na 'n lang werksdag nog tyd vir die klasse af te knyp.

Werkers word nie net geleer hoe om Engels te lees en te skryf nie, maar daar word klem gelê op spesifieke probleme: Hoe om 'n loonstrokie te kontroleer, hoe om banksake te reël, die verhouding met bestuur en die bespreking van werksprobleme.

"Ons beklemtoon die noodsaaklikheid van dié aspekte van geletterdheid wat onmiddellike nut vir die werkers het," verduidelik Steinberg.

Saam met ander organisasies soos Learn and Teach, die Montagu en Ashton Gemeenskapsdiens se Lees- en Skryfprojek, Sached en Using Spoken and Written English (USWE), glo ELP dat geletterdheid deel is van die stryd om gelykheid vir almal in 'n nie-rassige, demokratiese Suid-Afrika.

Slegs in so 'n stelsel, glo hulle, sal 'n geletterdheidsprogram op groot skaal aangepak kan word. Intussen lê hulle die fondament vir massa-geletterdheid.

Van die ander organisasies werk meer spesifiek in die gemeenskap, onder huiswerkers en in landelike gebiede.

"Omdat ons nie skoolgegaan het nie, het ons nie beheer oor ons eie lewens nie," vertel een van ELP se leerlinge.

"Selfs toe ons die klasse begin bywoon het, het ons gesukkel. Ons het gesukkel om vorms in te vul, om die plek te kry. En ander mense het vir ons gelag en gesê ons is te oud om te leer."

Virginia Ntefang, 'n student aan die Universiteit van Bophuthatswana, beskryf die probleme wat 'n ongeletterde volwassene in die gesig staar:

"Hulle kan nie huis toe skryf as hulle op 'n ander plek werk nie. Hulle moet hul vriende vra om briewe vir hulle te skryf of te lees.

"Hulle kan nie notas aan hul vriende stuur of inkopielyste opstel nie. Baie keer voel hulle minderwaardig teenoor geletterdes.

"Hulle moet gedurig gehelp word, en word dikwels bedrieg deur die mense wat voorgee om hulle te help.

"As hulle gelukkig genoeg is om werk te kry, moet hulle tevrede wees met laagbesoldigde handearbeid."

Die VV se leuse vir Geletterdheidsjaar is dat elke volwassene teen die jaar 2000 moet kan lees en skryf.

In Suid-Afrika, soos in die res van die wêreld, lyk dit na 'n onmoontlike doelstelling.

## Probleem met skryf

DUMISANI NGUBANE, een van die leerlinge by ELP se geletterdheidsklasse, het die volgende brief aan die Ukukhanya-nuusbrief geskryf oor die probleme wat hy ondervind:

"Sometimes I write in Complain book. I write about problem in the work. Like one day, I find the flower not there. I find only the flower pot.

The flower stand next to the lobby lift. Now I was write about this in Complain book for Superindented.

I write: "I found some body is taking the flower" The next day the Superindented ask where is the person I saw taking the flower. I said I did not see anybody.

The Superindentd say: "But you write you see some body" I said no it was mistake - Problem of write.


# JODAC

Johannesburg Democratic Action Committee

**Onderhandelings - waagstuk of kortpad?**

**'n Reeks van drie debatte oor onderhandelings vir 'n demokrasie**

**Forum 1: Hoekom onderhandel?**

13 September 1989 7.30 nm

Internasionale druk en die vryheidsbeweging: Titus Mafolo, United Democratic Front

Beperk Regeringskeuses: Mark Phillips, Centre for Policy Studies, Wits

**Forum 2: Onderhandelings vir Vrede.**

27 September 1989 7.30 nm

Internasionale Ondervinding: Tony Karon, Redakteur, New Era

Die Vredesooreenkoms in Namibia: Laurie Nathan, Department of Peace Studies, Bradford-universiteit

**Forum 3: Wat verander as onderhandelings begin?**

Paneelbespreking oor meganismes en implikasies

11 Oktober 1989 7.30 nm

Prof Marinus Wiechers, Universiteit van Suid-Afrika

Kobus Jordaan, Demokratiese Party

Sydney Mufamadi, Cosatu

**PLEK: Dorothy Suskind-auditorium, John Moffat-gebou (langs die swembad), Wits-universiteit**

# Hierdie comrade verdien sy prys

**BONES**
*Deur Chenjerai Hove*
*Uitgegee deur David Philip in Kaapstad saam met Boabab Books in Harare.*
*Prys R15,95.*

**Deur Victor Munnik**

"BONES" is 'n boek wat 'n mens bly maak, en dis klaar 'n baie goeie rede vir Afrika om die boek so 'n groot prys te gee.

Dié kort, baie liriese roman vertel van 'n trotse en uitgesproke vrou - Marita - wat onder 'n harde baas (en 'n harde bossboy) op 'n Rhodesiese plaas werk.

(Ek kon na twee keer se lees nie besluit of die verhaal in 'n bevryde Zimbabwe afspeel of nie. Vir die heldin was dit ook nie so duidelik nie.)

Marita wil haar enigste seun gaan soek in die stad.

In die stad is daar glo lyste van vryheidsvegters wat dood is, en sy vat geld saam sodat sy iemand wat kan lees, kan betaal om haar seun se naam op die lys te soek.

Sy deel 'n baie intieme vriendskap met 'n jong meisie aan wie haar seun 'n liefdesbrief geskryf het.

Wanneer Marita stad toe gaan, gee sy haar huisraad aan dié meisie en ontketen sy 'n reeks gebeure wat uiteindelik lei tot haar dood, en die waansin van die jong meisie.

Die verhaal van iemand wat haar verstand verloor in 'n gemeenskap wat nie wil verstaan nie, is al baie gebruik om groot hartseer uit te beeld, en om 'n gemeenskap se sosiale waardes te kritiseer.

Dit is hier ook die geval. Die beendere van die titel verwys na die offers wat bevryding in Zimbabwe geverg het. In die loop van die roman word egter uitgebeeld hoe baie mense 'n naïewe beeld van die vryheidsvegters gehad het: "...do they not say a terrorist eats people without roasting them? Do they not say a terrorist takes the wives of other men, sleeps with them before the eyes of their very husbands, then asks the parents to roast their children for him?" (p 5).

Hove se klaagsang oor opofferings wat nooit ten volle goedgemaak word nie, is baie liries. Op elke bladsy is daar 'n metafoor of beskrywing wat 'n mens opval. Lees net watse haiku volg op 'n beskrywing van lykshuis-amptenare wat 'n vriendin van die heldin (wat in die stad sterf) agter in 'n vangwa geprop het: "Even the few birds flying across the town know that the rains will come, but nothing yet seems to frighten them. They sing when the things inside them tell them to sing. They open their beaks when the beaks say they should be opened, maybe to swallow a little insect trying to visit its friends the other side of the kopje near the city." (p 96).

En wanneer die meisie in die inrigting vir geestesverteurdes haar ma - wat haar baie skade aangedoen het - wegjaag, is die metafoor onvergeetlik: "She walks with her face hidden away from me. She wants to hide her whole body away from me, she crawls away like an injured cockroach, to go to her place of death." (p 134)

Hove se metafore word almal gehaal uit die omgewing waarin die storie afspeel. Dié tegniek gee die omgewing werklikheid terwyl die werklikheid deur sy taalgebruik liries word.

Die liriek het ook 'n baie volkse kleur: dit is duidelik dat hy metafore en spreuke gebruik wat deur geslagte in die mond blinkgevryf is.

Die laaste deel van my lofsang kan ek opsom in een frase: Chenjerai Hove voel soos 'n comrade.

'n Implisiete feminisme (wat baie verfrissend is by 'n Afrika-skrywer) spreek uit die karakterposisies en die woorde wat hy aan vroue gee.

En 'n uitgesproke humanisme - nie die winkel-ubuntu wat die amabenzi deesdae mee smous nie - lê aan die hart van hierdie werk.

Baie geluk met jou prys, comrade Chenjerai!

*Victor Munnik is die skrywer van die bundel kortverhale "Oog van die Nyl".*



**CHENJERAI HOVE wie se roman "Bones" pas die Noma-toekenning gewen het as vanjaar se "beste boek in Afrika".**

## Liebenberg in aanhouding

**DIE bespreking van Daniel Hugo se jongste digbundel "Verse van die ongeloof" kan ongelukkig nie vandag soos beplan hier verskyn nie. Wilhelm Liebenberg, wat die boek vir Vrye Weekblad resenseer, is verlede Vrydag by sy huis in Johannesburg in hegtenis geneem.**

**Liebenberg, 'n dosent in Afrikaans en Nederlands by die Universiteit van die Witwatersrand en 'n ampsdraer van die Johannesburg Democratic Action Committee, word ingevolge artikel 3 van die Noodregulasies in die tronk op De Aar aangehou. Die artikel maak voorsiening vir onbeperkte aanhouding sonder verhoor.**

**In 'n verklaring waarin hy aanhouding sonder verhoor veroordeel, het prof. R.W. Charlton, vise-kanselier en rektor van Wits, namens die universiteit 'n beroep gedoen op die Minister van Wet en Orde om Liebenberg en ander aangehoudenes aan te kla of vry te laat.**

**Ook sy kollegas in die departement Afrikaans en Nederlands en die Afrikaanse Skrywersgilde het 'n versoek gerig om Liebenberg se vrylating.**

boeke blad

**Onder redaksie van KOOS PRINSLOO**


# Mans van min woorde

KIES enige Amerikaanse middelslagdorp - nie 'n plaasdorp met sy bekoring nie, ook nie 'n stad met sy neuroses en oorweldigende lewenstyl nie. Iets tussen die twee, met 'n klein sakesentrum en 'n handvol woonbuurte.

Stap in by enige middelklas-huis en trek die plastiekblinding oop. Die lig val soos melkerige tee op die mat. Van die rusbank maak iemand beswaar: die son maak die TV-beeld dof. Dis 'n werklose kêrel wat lê en biere knak. Of 'n ontwrigte tiener wat skool bank. Of 'n ma wat 'n blaaskans vat.

Iets pla. Iemand het nie huis toe gekom nie. 'n Werkaanbod bly uit. Paartjies kry stry oor geheime uit jare vooraf. Die soort mense, dié soort spanning is nie beperk tot Amerika nie. Maar daar was 'n Yank wat dit kon aanbied soos min ander skrywers.

Raymond Carver is een van die Amerikaners wat "dirty realists" genoem word. Maar selfs in dié term sien jy al hoe ongemaklik hy mense maak. Daar is niks vuils omtrent die wêreld wat hy beskryf nie. Dit is bloot 'n eerliker en minder opgesmukte realisme as wat sy voorgangers kon bewerkstellig.



**MARTIN STEGMAN skryf oor die Amerikaanse skrywers Raymond Carver (links) en Tobias Wolff**

Carver is in 1939 gebore en verlede jaar oorlede. Sy bekendheid het hy hoofsaaklik aan vier bundels kortverhale te danke, maar hy het ook vier digbundels die lig laat sien. In "Fires" is 'n paar van sy essays en 'n klomp verse byeengebring. Die eerste lig wat Carver gesien het, was dié van Clatskanie in die staat Oregon. Daar het sy pa by 'n saagmeule gewerk, voordat hulle na Yakima verskuif het. Die ondervinding van klein dorpies en 'n minder gegoede lewenstyl het die raamwerk geword vir baie van Carver se stories.

Iets dreigends doen geen storie kwaad nie, het Carver in 'n essay geskryf: 'n dreigement op sy plek is goed vir die bloedsomloop. Daar moet 'n spanning heers, 'n gevoel dat iets binnekort gaan gebeur. Anders is daar geen storie nie.

Wat het Carver geglo is 'n kortverhaal? Hy haal VS Pritcherd aan: "A short story is something glimpsed from the corner of the eye, in passing".

Gee die oogopslag lewe, en met 'n bietjie geluk werp dit lig op die oomblik en dalk op die lewe daar rondom.

In een van sy vroeë stories vertel Carver van 'n paartjie wat die bure se woonstel oppas. Hulle maak beurte om saans die plante te gaan natlei en die kat kos te gee. Dan begin hulle in die bure se goed krap en raak die besoekies al langer. Die man drink van buurman se drank. Die volgende aand glip sy vrou in buurvrou se klere.

Die storie eindig met die twee wat staan en sterf van skaamte voor die bure se deur, nadat hulle per ongeluk die sleutel in die woonstel toegesluit het. Voyeuristies soos dié twee karakters is Carver beslis, maar sonder vooroordeel of moraliteit. Hy staan en kyk net en vertel in min woorde met sprekende stiltes tussen die reëls.

By sy dood het een kritikus gesê hy reken hy sal Carver aan 'n enkel paragraaf uitken. In die stortvloed Amerikaanse skrywers van die kortverhaal sedert die Tweede Wêreldoorlog staan Carver se styl soos 'n paal bo water.

Nietemin kan 'n mens sien waar hy vandaan kom as jy na sy onmiddellike voorgangers kyk. In sy bekende roman "The Wapshot Chronicles" trek John Cheever skielik los met 'n stukkie wat klink en voel soos Carver. Dit hou nie lank nie, dan slaan die meer morele en romantiese stem van Cheever weer deur. Maar as hy vertel van 'n jong soldaat en sy gefrustreerde vrou se lewe op 'n triestige militêre basis, raak dit pure Carver.

Navolgers van Carver is daar vele. Soms is die invloed seker onbewustelik, maar in enige bloemlesing van moderne Amerikaanse stories staan die nasate van die "dirty realists" in 'n ry.

Een man wat in dié styl staande bly langs Carver, is sy tydgenoot Tobias Wolff, wat in 1945 in Alabama gebore is. Hy het in 1982 gedebuteer met "Hunters in the Snow". Daarna het gevolg die novelle "The Barracks Thief" en nog kort stories in "Back in the World" (1985).

Wolff het verskeie O. Henry-pryse gewen vir sy kort prosa. "Barracks Thief" is aanvanklik effens misgekyk, totdat dit die PEN/Faulkner-prys gekry het. Dit is 'n deemisvolle storie oor drie soldate in 'n Amerikaanse weermagkamp. Hulle wag vir oproepinstruksies. Op 'n dag begin dinge verdwyn - een van die drie vriende, blyk dit, is die dief.

Wolff se stories stem só ooreen met Carver s'n, dat 'n mens eintlik eers in sy novelle kan sien waar die effense verskil lê. Wolff kyk net so skerp en vertel net so ekonomies. Hy staan miskien net nie so ver terug nie. Sy meegevoel met sy karakters kom soms sterk deur.

Dit kom dalk hierop neer: Carver sny dieper en met groter presisie. Sy melankolie is sorgvuldiger versteek.

Daar is van Hemingway tot vandag 'n magdom Noord-Amerikaanse meesters van die kortverhaal. Carver en Wolff is twee van die grootstes. Albei is boeiende, onvergeetlike kunstenaars. Hulle is deure na 'n wêreld van fyn kort prosa wat 'n mens nie moet misloop nie.


NUWE BOEKE
**TAURUS • 1989**

**DIE WAARHEID en ander stories**
***Harry Kalmer***
In *Die waarheid en ander stories* illustreer Harry Kalmer sy vermoë as prosaskrywer in gestroopte, onderbeklemtoonde vertellings oor ontheemde jong mense in 'n tyd van politieke omwentelings.
**Prys: R15,00 plus avb**

**Breyten Breytenbach**
**Memory of Snow and of Dust**
This complex and allusive novel is both a gripping investigation of the South African predicament and also a meditation on exile, betrayal, love and creation.
**Price: R37,00 excl**

**LADY ANNE**
**Antjie Krog**
Antjie Krog bekyk die lewe en liefdes van Lady Anne Barnard (1750-1825) uit 'n perspektief van byna twee eeue later.
*Lady Anne* is Antjie Krog se sewende digbundel en haar eerste by Taurus.
**Prys: R18,50 plus avb**

**Beskikbaar by boekwinkels of direk van TAURUS, Posbus 39400 Bramley 2018**

# Sela, minister, 'n ander bestuurstyl is nodig



Makliker Gesê

Elsabé Wessels

"NELSON MANDELA is 'n man van begrip en integriteit.

"Ek het hom leer ken as 'n man wat nie sy mense in die steek sal laat nie. Hy het 'n ouwêreldse, amper Romeinse benadering tot bepaalde waardes."

Ek haal nou maar vir Kobie Coetsee, minister van Justisie, aan, siende hy jare reeds in die bevoorregte posisie is om by Suid-Afrika se bekendste politieke gevangene te kuier.

Ná al die gesprekke wat die minister met Mandela gehad het, het hy tot die slotsom gekom dat die ANC-leier "gematig" is.

Dit alles het Coetsee kwytgeraak in 'n onderhoud met 'n verslaggewer van Nasionale Pers verlede week. Ondanks die feit dat Mandela nie geweld afsweer nie en hom steeds verbind tot die beleid en oogmerke van die ANC.

So op die vooraand van die verkiesing het ek begin wonder of Coetsee voorspraak maak vir die vrylating van Mandela. Dit sou egter meer sin gemaak het as PW Botha nog aan die stuur van dinge was. Coetsee was mos 'n PW-man en dit was hy wat die kuiertjie by Tuynhuys gereël het.

'n Mens moet seker nie te veel asem ophou vir die veel bespiegelde vrylating van Mandela nou na die verkiesing nie. Ek kan nie dink watter rol Mandela in FW de Klerk se gewaande Groot Indaba gaan speel nie.

Coetsee se heldeverering vir Mandela het my eers in koue woede laat uitslaan. (Die klimaat van 'n sirkus waar Suid-Afrika se wit kiesers uitdraf om oor die lot van die meerderheid te gaan besluit, leen hom in elk geval tot voortgesette slegte humeur).

Wat het Coetsee verwag? 'n Monster?

Soos ek die geskiedenis verstaan, is dit nie Mandela en sy tydgenote wat onredelik was nie. Saam met miljoene ander het hulle politieke deelname geëis. Dit geld vandag nog.

As 'n goeie Vrystater behoort Coetsee tog begrip hiervoor te hê. Die heroïese geskiedenis van die Boere-republieke, vryheidsoorloë, konsentrasiekampe en rebellies roer diep in Boere-are.

Maar 'n belangrike lessie is klaarblyklik wel geleer. Volgens Coetsee het Mandela die tronkowerhede goed op die punte van hul tone gehou met klagtes oor toestande en behandeling. "Die opperbevel van die ANC op Robbeneiland het 'n hele aantal jare daar 'n houvas gehad juis weens griewe en die taamlik suksesvolle hofaksies.

"Toe ons deur 'n ander bestuurstylbenadering en maatreëls hierdie teelaarde vir griewe verwyder het, is hulle insgelyks ontlont en het hul aggressiewe profiel teenoor die staat en regering beslis ook 'n ander vorm aangeneem," vertel Coetsee.

Sela, minister!

Dink net. As hierdie benadering dan so goed in die tronk gewerk het, wat se blink toekoms wag daar nie op diegene wat dit in die burgerlike lewe implementeer nie.

Vandag, meer as ooit tevore, het ons dringend 'n "ander bestuurstyl" nodig. Terwyl opstande reg oor die land woed, kan die tyd nie ryper wees om "hierdie teelaarde vir griewe" te verwyder nie. Miskien kan 'n mens dan ook verwag dat 'n bittere versetveldtog "ontlont" word en dat duisende vreedsame betogers se "aggressiewe profiel" teen die onderdrukkende owerhede "'n ander vorm" begin aanneem.

Die eerste wat dié les behoort aan te gryp, is Adriaan Vlok en sy gemaskerde mag. Coetsee behoort aan Vlok en sy offisiere in bevel te kan vertel dat "'n ander bestuurstyl" nie in sambokke en knuppels lê nie.

'n Ander bestuurstyl is nie om arrogante jong manne in gepantserde uitrusting na 'n werkersberaad te stuur nie. 'n Ander bestuurstyl is nie om kerkleiers met traanrook te bestook nie. 'n Ander bestuurstyl is nie om Kaapstad se strate pers te spuit nie. 'n Ander bestuurstyl is nie om baaiers met honde te verjaag nie. 'n Ander bestuurstyl is nie om vroue en studente met sambokke en knuppels te slaan sodat mediese behandeling nodig is nie. 'n Ander bestuurstyl is nie om gekose leiers in aanhouding te neem nie.

Coetsee praat van "dignitas en amnestas" (waardigheid en integriteit). Dié waardes, sê hy, word hoog deur Mandela aangeskryf.

Maar is dit dan so buitengewoon? Waarom klink die minister half verbaas daaroor? Waardigheid en integriteit is nie sulke seldsame waardes nie. Of is dit net afwesig by diegene wat nie 'n basiese begrip vir regverdigheid en menswaardigheid toon nie?

Ek verlaat my verder op Coetzee se uitspraak: "Tussen ons het 'n bevrugting van mekaar se saak ontwikkel wat ek dan eintlik getipeer het as geweldige vordering aan ons kant, want tot dusver het die ANC en die revolusionêre geen begrip gehad vir die Afrikaners, die Suid-Afrikaner en die blanke se aansprake nie."

Weer eens, Sela, minister. Maar waarom dan die verskriklike weerstand om met die gekose leiers van die volk te praat?

Is die manne in die mag miskien bang dat daar te veel redelikheid aan die ander kant gevind gaan word? Sou dit nie inderdaad beter wees as ons alger mekaar nou maar beter leer ken nie? Nie een van ons gaan verdwyn nie.

'n Kompromie in politieke onderhandeling gaan nie bereik word deur blindelingse kragdadigheid nie. Diegene, selfs stoere Afrikaners, wat reeds besoeke aan die ANC-bannelinge gebring het en wat die moeite gedoen het om leiersfigure in die binneland te leer ken, sal kan getuig van die potensiaal vir gesprek en onderhandeling.

Miskien moet die NP maar 'n blaadjie uit Coetsee en die tronkowerhede se boek neem.

As daar soveel eenstemmigeheid kan plaasvind tussen 'n man 25 jaar agter tralies en 'n polikus op vrye voet, moet daar onder die volk ook potensiaal wees tot redelikheid, inskiklikheid en vriendskap.

# Rooi Rus, Spyker of NP-tegnokrasie?

**In die verkiesingspamflet van dr Francois Jacobsz vind ons gesofistikeerde bemarkingstegnieke wat oënskynlik los staan van politieke ideologie, maar reklame en advertensie het die mondstuk van die vryemark-ideologie geword. DIRK WINTERBACH vertel meer**



BEMARKING is die wagwoord in pamflette wat dr Jacobsz aan ons bekend stel. In glansende kleurfoto's word hy as pakket aangebied - sakeman, gesinsman, sportman.

Die kandidaat is self nie huiwerig om sy eie bates aantreklik te verpak nie.

Hy vertel van die ervaring opgedoen as direkteur van maatskappye landwyd, en sy sewe jaar in die Presidentsraad.

"Experience is a cherished commodity," sê hy in 'n aanhaling langs 'n foto waarop hy druk in gesprek met sterk seningrige vingers iets aan iemand verduidelik.

Dr Francois Jacobsz, NP-kandidaat vir Helderberg, word as presteerder bemark.

Hy het vier grade verwerf, uitgeblink as tennisspeler, bokser en Comrades-silwermedaljewenner.

Dié nyweraar en sakeman is saam met onder andere dr Gerhard de Kock as een van die Jaycees se "Four Outstanding Young Men" vir 1966 aangewys.

Hy is vandag direkteur en voorsitter van 15 maatskappye en dien op die direksies van sewe ander grotes.

"Following my dream of becoming a top industrialist, I saw opportunities and made them happen," verklaar hy in vet letters langs 'n kleurfoto waar hy in ontspanne luim met byderwetse polkadot-das die toeskouer toeglimlag.

Op 'n klein foto-collage in die opvoupamflet sien ons sewe fasette van die kandidaat in interaksie met ander - met smaakvolle vertrek of malse tuin; met 'n wit hondjie teen 'n agtergrond van skitterende sporttrofeë.

'n Lang, smal foto van die pragtige bergreekse tussen Stellenbosch en Somerset-Wes, strek oor al ses panele in die pamflet.

Dis nie die blote feit van politieke bemarking wat mens weer laat kyk en wonder nie. In die VSA word presidente al lank met enorme reklameveldtogte aan die publiek verkoop.

Wat opval is die gemak waarmee Jacobsz se persoonlike beeld én selfbeeld die advertensieformaat inglip.

Niemand kan van hom sê dat hy die soort nasionale politikus is wat net twee verslonsde, styllose pakke in sy kas aanhou nie.

Nee, hy is debonair in ontwerperspakke van alle skakerings, tuis in oopnekkraag met krawat.

Maar die beeld van goedversorgde (hy draf elke oggend), welgeklede presteerder is op sigself nie genoeg nie.

Daar is immers pierewaaiers en witkraagboewe wat ook fiks lyk, deftig aantrek en dinge regkry.

Nee, Jacobsz is meer as dit. Hy is die besorgde nyweraar met genoeg common sense en gewete om te besef dat ons 'n beter politieke bedeling vir Suid-Afrika benodig.

Net mooi die soort persoon wat in korporatiewe raadskamers met adverteerders veelrassige reklamesnitte skep wat ons elke dag op TV sien. Waarin wit en swart rekenmeesters na werk saam 'n bier oor die perdeblad wegslaan. Saam aandele mag besit in Yskor.

Wat ons sien in die bemarking van Jacobsz, top-nyweraar, is die saamsnoer van politiek en bemarking.

Dis 'n neweproduk van die tegnokratiese regering deur bestuurders en spesialiste.

Die wending in Jacobsz se bestuursloopbaan wat van hom 'n politieke bestuurder moet maak, word aangekondig in 'n politieke pamflet.

Maar in die pamflet vind ons gesofistikeerde bemarkingstegnieke wat oënskynlik los staan van politieke ideologie.

Oënskynlik: Reklame en advertensie het die mondstuk van die Vryemark-ideologie geword, vervul 'n soortgelyke funksie as propaganda onder sosialisme.

Die tipiese tegnokraat sal in die Nasionale Party aandring op prioriteite van bestuur en beplanning, rasionaliteit en rasionalisering, 'n laer ideologiese profiel vir die party.

En só 'n visie sal energiek bemark word. 'n Mensliker bedeling, gegrond op Vrye Onderneming, eerder as Ras?

"Ja" vir dié wat opwaartse mobiliteit bo politieke betrokkenheid (veral in die massapolitiek) wil stel.

"Nee" vir revolusionêre ideoloë en organiseerders, vir militantes in die werkersklas.

In 'n glansende beperkteoplaag reklameproduksie van Nedfin Bank vind ons aanhalings soos: "The language of war is now an established part of the corporate vernacular."

'n Nasionalistiese Tegnokrasie sal ook militêre bestuurders insluit.

Sal hulle sagter, mensliker te werk gaan as Rooi Rus Swanepoel of die Wes-Kaap se berugte Spyker?

En met dié vrae die toekoms in.

# Sokker-

AI, wat laat 'n Boerehart beter klop as 'n rugbytoets en 'n verkiesing albei binne net een week!

Eers foeter mens die internasionale aanslag op en daarna die totale binnelandse aanslag, in watter gedaante hy ookal mag opduik. Dis mos die lewe in sonnige Suid-Afrika.

Ons weet natuurlik dat miljoene swart Suid-Afrikaners nie hierdie week kon gaan stem het nie, net soos honderdduisende van hulle ook geen belang gehad het by die spektakel op Ellispark nie.

Nee, hulle harte en oë was by die spiksplinternuwe Soccer City waar Kaizer Chiefs hulle soveelste titel gewen het.

Die titel mag net nog een gewees het, maar die eerste wedstryd by hierdie supersportkompleks by Crown Mines buite Johannesburg was 'n historiese geleentheid.

Vir die eerste keer het ons sokkermense 'n hoofkwartier wat kan saamgesels met die beste wat daar is.

In 'n rekord bouprogram is die hele kontrak betyds voltooi sodat die besetting van Ellispark deur die rugbywêreld geen uitwerking op hulle beplanning gehad het nie.

In die opsig is dit 'n onafhanklikheidsverklaring van 'n breë beweging waarvan die meeste wit Suid-Afrikaners eintlik veel weet nie.

En Afrikaanssprekendes feitlik niks.

Hierdie nuutverworwe selfstandigheid van die sokkerbase kan allerhande interessante implikasies inhou.

In die eerste plek gaan die bestuur van Ellispark finansieël gevoelig geknyp word, want oor die laaste paar jaar het die volgepakte sokkerskares daar gesorg

# *Barend was nie so 'n goeie student nie*



Volgens SAMPIE TERREBLANCHE, professor in ekonomie aan die Universiteit van Stellenbosch, het Barend du Plessis hom in die verlede gereeld gebel. Hy doen dit nie meer nie. Dié Matie-professor verskaf die redes

TYDENS 'n TV-debat tussen Zach de Beer en Barend du Plessis het laasgenoemde beweer dat ek glo 'n 30 persent verlaging in die lewenstandaard van die blankes bepleit het. Soos 'n mens van NP-segsmanne kan verwag, is ek heeltemal uit verband aangehaal.

Ek het in 1981 'n toespraak in Pretoria gehou waarin ek - toe nog 'n naïef idealistiese NP-ondersteuner - vir 'n filantropiese benadering gepleit het. Ek het my vir 'n regverdiger bestel beywer en gepleit dat blankes opofferings moet maak ter wille van die opheffing van swartmense. Dit was destyds die enigste manier om swartmense se opheffing in 'n kwynenede ekonomie te bewerkstellig.

Die daling in die reële per kapita-inkome is reeds vanaf 1974 met ons. In dieselfde toespraak het ek egter ook gewaarsku dat as ons nie groter regverdigheid deur filantropiese opofferings kan bewerkstellig nie, grootskaalse sosiale onrus vir ons voorlê en dat dit tot 'n verdere daling in die groeikoers gaan lei.

Tog snaaks dat ek die agteruitgang in die ekonomie byna tot die naaste desimale punt korrek voorspel het en tog maak Barend du Plessis geen melding daarvan nie.

Ek het destyds gehoop dat blankes se lewenstandaarde (vrywillig) vir die regte redes afgeskaal sou word. Nou word dit vir die verkeerde redes op ons afgedwing.

**Op Barend se vraag of ek intussen my mening verander het, is my antwoord 'n onomwonde Ja. Ek besef nou dat die nodige opheffing net kan slaag met behulp van 'n vinnig-groeiende ekonomie en dit is net haalbaar as ekonomiese verhoudings met die buiteland weer genormaliseer kan word.**

**Ek het oor die afgelope vier jaar 12 internasionale konferensies bygewoon. Dit het my twee dinge geleer.**

**Eerstens dat geen internasionale bank ooit weer gewillig sal wees om 'n oortrokke rekening aan 'n NP-regering toe te staan nie - in elk geval nie solank Barend die minister van Finansies is nie. Solank die NP regeer sal ons met kruipende armoede te make hê.**

**Die tweede ding wat ek geleer het, is dat dit nie maklik sal wees om ons ekonomiese verhoudings met die buiteland te normaliseer nie, maar dat daar tog 'n redelike kans bestaan dat 'n DP-regering dit nog sal regkry - maar dan moet die DP binnekort die regering van Suid-Afrika word.**

**Terwyl Barend en Org Marais my voortdurend uit verband aanhaal en hulle smeeradvertensies teen my plaas sonder om 'n oog te knip, is daar tog iets oor Barend se verlede wat ek meen mense behoort te weet.**

**Twee maande voordat sy aanstelling as minister van Finansies amptelik bekend gemaak is, het PW Botha hom in dier voege ingelig. In daardie twee maande het hy my byna elke dag gebel om hom in die elementêre beginsels van die Staatsfinansies te onderrig. Hy was toe nogal 'n groot dissipel van my en het alles wat ek te sê gehad het oor die ekonomie vir soetkoek opgeëet.**

**Maar, helaas, hy was glad nie 'n goeie student nie. Ek aanvaar beslis nie verantwoordelikheid vir die swak minister van Finansies wat hy nog al die jare is nie.**

**Dit verbaas my dat Barend homself kan voorhou as 'n hoëpriester van vrye ondernemerskap en van eiendom, en dit terwyl so baie statutêre hindernisse die swartmense weerhou van deelname aan die hoofstroom van ekonomiese aktiwiteit en hulle ook weerhou van eienaarskap in die grootste deel van Suid-Afrika.**

**Barend se houding is een van skynheilige oneerlikheid ter wille van 'n paar addisionele stemme. Met dié soort verdagmakery kom sy geloofwaardigheid ernstig in gedrang.**

**Barend moet liewer nie beweer dat ek nog altyd dieselfde idees handhaaf as in die begin van die tagtigerjare nie. Indien dit werklik die geval sou wees, sou hy my mos nog gereeld kon gebel het. Waarom doen hy dit nie?**

**Gelukkig weet hy ek beweeg nie meer in die muwwe denkatmosfeer van die uitgediende NP nie. Vandat ek my losgemaak het van die denke en opportunistiese gesoek na regverdigings vir alles wat verkeerd loop, is ek 'n vry mens. Vir al die baie Nasionaliste wat ontgogel is met die NP se ekonomiese en ander kleitrappery het ek goeie raad. Breek weg!**

# geskiedenis terwyl Boereharte klop

vir meer as net 'n skeppie pap.

Maar nog verreikender is die moontlike internasionale implikasies.

Met 'n boikotstrategie wat al hoe meer begin om selektief na sake te kyk, is dit nie onwaarskynlik nie dat die nie-rassige sokker-opset simpatieke ondersteuning in die buiteland gaan geniet.

Waar hulle egter vroeër om logistieke redes afhanklik was van die establishment van Ellispark, sal hulle nou met sekerheid en trots kan verklaar dat sokker sy eie baas is.


En dan sal ons droëbek sit en kyk hoe die room van die buitelandse sokkerwêreld hier kom speel, terwyl ons nog steeds met nuwe ywer en nuwe visie ons groepspeletjie bly afmaak met die een aanpassing van die reëls na die ander.

## Stil-stil Die Stem

Natuurlik is daar binne die rugby-administrasie mense wat hard probeer werk aan 'n ander voorkoms van hierdie blekerige nasionale spel.

Terwyl ons Saterdag onder op die vlakte na die kassie sit en kyk, vertel twee Johannesburgers van die ou dae toe daar net so 'n afgeskeepte skyfie van die paviljoen vir swart rugbygangers afgebreek was.

Ek onthou self die Nuweland van my kindertyd en van jare daarna waar die groot rugbykenners op die suidpaviljoen ingeperk was.




Die merkwaardigste van al die dinge wat hierdie seisoen met ons rugby gebeur het, het stil-stil gebeur, en ek probeer voorstel hoeveel het daardie onvermoeide strydos, Danie Craven, daarmee te doen.


Dis toetsrugby, en dis die Groen en Goud, maar 'n ou simbool het verdwyn.

Nòg op Nuweland, nòg op Ellispark het "Die Stem van Suid-Afrika" opgeklink en kon die voorwedstrydse adrenalienpompie rus.

Was dit net omdat dit 'n "gemengde" internasionale span was wat nie 'n lied van hulle kant gehad het nie?

Of was dit 'n direkte erkenning van die rugbybase dat "Die Stem" 'n verdelende faktor is in die gemeenskap van mense wat deur hulle liefde vir rugby verby ou en moeë vooroordele gevoer is in die rigting van 'n nuwe Suid-Afrika?

Wanneer ek vandag hierdie praatjie lees, sal ek weet of die ander stem iets hiervan vasgevang het.




# Oorbrug oneerlike gaping tussen beleid en praktyk

OM 'n arbeidsrubriek dié week te skryf sonder om 'n toekomsblik te waag, sal ietwat ontduikend wees, miskien lafhartig, en dalk ook irrelevant.

Die probleem is natuurlik dat die rubriek kort voor 6 September se algemene verkiesing geskryf moet word, om baie kort daarna te verskyn.

Koalisieregering uitgesluit, kan een van die partye - terwyl u hierdie stuk lees - moontlik bemoeid wees met die taak om te besluit oor ons land se toekomstige mannekragbeleid. Dít is in elk geval teoreties die geval terwyl die rubriek geskryf word!

Net soos die besluite oor finansiële en ekonomiese beleid, of die besluite oor sport, geloof, buitelandse verhoudinge of wat ookal, sal dit in die praktiese toepassing van die beleid wees waar die nuwe regering se probleme lê. En in dié verband het die sakelewe veral vir ons geleer dat dit geweldige probleme kan veroorsaak as 'n omhelsde beleid wyd aangekondig word, terwyl die uitgevoerde praktyke myle ver daarvan af lê. In die lig van blanke Suid-Afrika se keuse Woensdag (die ander paar kruisies het tog nooit veel beteken nie), kan ons verwag dat beide die beleid en die praktiese toepassing daarvan ietwat gewysig gaan word.

As die KP aan bewind gekom het, was dit natuurlik 'n uitgemaakte saak. Volgens een van hul vooraanstaande ondersteuners is die swart vakbonde mos die oorsaak van ons onaanvaarbare inflasiekoers, mens kan hul net sowel blameer vir Suid-Afrika se sportisolasie.

'n Ander regsgesinde, die hoofsekretaris van die slegs-vir-blankes Mynwerkersunie, Peet Ungerer, meen dat dit nog betyds sou gewees het om die steeds verslegtende omstandighede waarin Suid-Afrika hom bevind, te stuit. Nou, beweer Ungerer, wag daar op blanke werkers "'n toekoms van verontregting, al groter armoede en miskenning". Die KP sou die arbeidswetgewing gewysig het en onder andere nie meer vir swart vakbonde erkenning gegun het nie. Dit is juis dié besluit van die regering tien jaar gelede wat die blankes 'n minderheidsgroep by die werkplek gemaak het, beweer hy.

Om die Wet op Arbeidsverhoudinge te wysig, is maklik (dalk selfs wenslik). Maar hoedat Ungerer die miljoene swart werkers en vakbondlede sou wegwens, is 'n ander saak; tensy 'n mens natuurlik in sprokiesland leef, of nou nog glo dat Verwoerd-politiek prakties toegepas kan word.

Die KP sou voorts weggedoen het met veelrassigheid by toilette, eet- en drinkplekke. Dit sal dalk makliker wees om die vele geriewe wat nog steeds afsonderlik gehou word, veelrassig te maak.

Mnr KP Cronje (dit is werklik sy voorletters) meen die "laaste strooi op die kameel se rug is eise wat gestel word dat die Mynwerkersunie veelrassig moet word". Die ander keuse is miskien dat hy glad nie meer op die mynbase enige druk sal kan uitoefen nie. Die demografiese feite kan nie ontken word nie. Die keuse lê tussen selfmoord en integrasie.

Maar watter veranderings kon ons verwag het as die DP aan bewind gekom het? Myns insiens is daar nie veel wat hulle kon gedoen het om te verbeter op die land se mannekragbeleid nie. Maar hulle sou gesorg het dat die praktyk 'n bietjie nader daaraan gebring word. Die aanduidings is dat hulle pragmaties genoeg is om die nut hiervan in te sien.

Dit is mos amptelike beleid dat daar vryheid van assosiasie moet wees. Vra egter vir die meerderheid van die bevolking hoe vry is dit werklik, veral kort voor 'n verkiesing. Ek meen die DP sou ten minste weggedoen het met die wetgewing wat die toepassing van hierdie beginsel steeds belemmer.

Die staat se inmenging in die private verhouding tussen werkgewers en werknemers behoort ook volgens amptelike beleid tot 'n minimum beperk te word. 'n Buitestaander sal dit kwalik glo, nie te praat van 'n stakende fabriekswerker wat traanrook, sambokke en koeëls teëkom nie.

Ek glo nie dat 'n DP-regering direkte stappe sou gedoen het om die loongaping tussen blank en swart vinniger te vernou nie. Maar hulle sou 'n vryer, onfhanklike vakbondbeweging toegelaat om dit te kan bewerkstellig. Die groot voordeel sou gewees het dat hulle werklike onderhandeling sou aanmoedig. Dit bly die beste versekering dat verandering geleidelik en ordelik sal wees, wat ook deel uitmaak van ons amptelike mannekragbeleid.

Sou hulle weggedoen het met die vele ongewenste aspekte van die 1987-wysigings aan die Wet op Arbeidsverhoudinge? Ek glo nie. Net soos onder die nuwe regering, sou dit weer afgehang het van die druk wat werkers op die ekonomie uitoefen.

Wat kan ons dan van die "nuwe" regering en die "nuwe" leier verwag? Die keuses is reeds duidelik uiteengesit. Hulle kan aanhou om oor hul regterskouer te kyk en vinniger agteruitgaan. En dit sal ons almal, wit en swart, saamsleep. Of hulle kan meer gehoorsaam wees aan die waarskuwings van bykans die hele wêreld, en veral die meerderheid van ons eie burgers waaroor hulle regeer.

Die ondoeltreffendste keuse sal wees om die oneerlike gaping tussen beleid en praktyke te behou. Ons kan kwalik bekostig om dit te doen.

Vrye Weekblad

# Die verkiesing

DAAR rus van vandag af 'n swaar verantwoordelikheid op FW de Klerk en sy Nasionale Party.

Ons glo hy moet deeglik kennis neem van die uitstaande kenmerke van die verkiesing.

In die eerste plek het tienduisende voormalige Nasionaliste hul misnoeë met die party te kenne gegee.

Nie almal wat dié keer vir die Konserwatiewe Party gestem het, is ver-regse rassiste nie. Baie van hulle is bloot net moeg vir die NP se wanbestuur, korrupsie, arrogansie, dubbelpratery en rigtingloosheid.

Dat die KP se prestasie vér tekortgeskiet het aan sy verwagtinge - byvoorbeeld die NP-oorwinnings in Boksburg en Krugersdorp - bewys dat die ver-regses sekerlik nou 'n plafon bereik het.

Die tyd vir oor die regterskouer loer is nou vir altyd verby. Meer as driekwart van die wit kiesers-korps het hul kruise getrek agter partye wat gesê het hulle staan vir verandering en onderhandeling.

Dié wat na links weggebreek het, kan maar ernstig opgeneem word. Niemand kon ná die regering se histeriese veldtog teen die DP en sy bande met die breë demokratiese beweging nog vir dié party gestem het sonder om 'n besliste breuk met wit minderheidsregering en groepsobsessies te gemaak het nie.

De Klerk moet van hulle kennis neem. Van ons land se beste mensemateriaal en mees toegewyde patriotte is ondersteuners van die Demokratiese Party.

'n Ander uitstaande kenmerk van die verkiesing is die belaglik lae stempersentasies in die verkiesings vir die bruin- en Indiërhuise. Die driekamerparlement het nou lank genoeg tyd gehad om hom aan die bruin en Indiër-gemeenskappe te bewys. Die reaksie is 'n bewys dat dié gemeenskappe die driekamerparlement verwerp. De Klerk moet nou na dié boodskap begin luister.

Die stemlose swart burgers het ook duidelik hul misnoeë met die etniese verkiesings te kenne gegee. De Klerk moet ophou om "agitators!" en "terroriste!" te skreeu en die erns van dié gemeenskap se gevoelens begin besef en iets daaraan doen.

Die NP het ernstige skade aangerig met hul kortsigtige verkiesingstaktiek van konflik aanblaas tydens verkiesingstyd. Van die "ANC-aanvalle op wit stembusse" en ander NP-spookstories het, soos ons verwag het, toe niks gekom nie. Hierdie skade moet ongedaan gemaak word.

De Klerk behoort al die mense wat in die laaste week sonder verhoor aangehou is, onmiddelik vry te laat en 'n hand van samewerking en vriendskap uitsteek na die breë demokratiese beweging - dié mense met wie hy binnekort sal moet begin onderhandel.

Suid-Afrikaners gaan De Klerk fyn dophou in die dae wat kom. Ons wil die "nuwe gees, die nuwe dryfkrag en die nuwe visie" sien waarmee die NP so te koop geloop het, en ons wil sien wat hy bedoel het met sy herhaaldelike beloftes van "onderhandeling."

# Mandela

NELSON Mandela is 'n "gematigde man" vir wie "waardigheid en integriteit belangrik is". Boonop "onderskryf hy vreedsame ontwikkeling".

Dít is die siening wat die minister van Justisie, Kobie Coetsee, van die ANC-leier het en soos dit vandeesweek in 'n koerant verduidelik is.

Wat maak Nelson Mandela dan nog in die tronk?


## So sê hulle:

**"As die** regering die Ossewabrandwag verbied, dan sê ek dis tyd om halt te roep, dan is die Afrikaner geen gehoorsaamheid aan die regering verskuldig nie. As die hou van vergaderings verbied word, sal ek my volle morele ondersteuning aan burgerlike ongehoorsaamheid gee. Ek is bereid om sulke vergaderings by te woon en daaraan deel te neem, wat die gevolge ook al mag wees." - Dr DF Malan voor die NP-kongres, 1940.

**"Ek het** glad nie met die politiek grootgeword nie. Ek het niks daarvan geweet toe ek vir FW ontmoet het nie." - Marike de Klerk.

**"My dogter** ry op Stellenbosch met 'n bakkie, en die enjin het vasgebrand. Nou is ek te bang om die garage te bel en oor die foon sakedinge te reël." - Weer Marike.

**"Dit was** verskriklik. Daar was traangas en ek het my balans verloor en geval. Ek is in 'n vangwa gegooi saam met 'n klomp ander pers mense en ek weet tot nou toe nie eens na watter polisiekantoor ons geneem is nie." - Deirdre Visser, dr Chris Barnard se dogter, wat in Kaapstad in hegtenis geneem is.




# Hoekom het FW die leier geword?

**Max Viljoen van Londen skryf:**

Gee vir FW 'n kans - who is fooling who? Soos Castro twintig jaar gelede gesê het - "Let history judge!"

Hoekom het FW leier van die federale NP geword en nie ou Pik of Barend of Chris nie? Wie is die "man who leaves no footprints" en wat kan 'n mens van sy agtergrond uitvind?

As 'n mens na die laaste dekade van NP-bewind kyk, raak jy al hoe meer bewus van die rusies, woelinge en sterk verskille binne die NP self. Eerstens was daar die "Inligting-skandaal" met die groot verskille tussen "verlig" en "verkramp", "Noord" en "Suid" en die Botha-ouens en die Muldertjommies wat na tevore gekom het. In die 80's was dit die verskille tussen die PW Botha-manne binne die Transvaalse NP - Pik, Louis Nel, Pietie du Plessis, Fanie Botha en Barend - en die Treurnicht-faksie.

Met die Bols-grappie het ou Pik, Fanie en Louis lelik seergekry - Pik en Fanie was uit sekere leierskapposisies gejaag en ou Louis was selfs tydelik uit die Transvaalse NP geskors! Maar toe het Oom Andries sy goed gevat en noord getrek om die KP te stig en apartheid te red. Iewers skielik het die Transvaalse NP nog 'n nuwe leier gekry - FW.

Hoekom het die Transvaalse ouens in 1982 vir FW as leier gekies? Hy was nie "verlig" nie, maar hy was ook nie "verkramp" nie. Al was hy 'n Transvaler, was hy nie betrokke by óf die Treurnicht-faksie óf die Botha-faksie binne die Transvaalse NP nie. Hy was ook nooit betrokke by die intrige van die NP-politiek nie. Hy was gekies omdat hy homself nooit aan een of ander faksie binne die NP gebind het nie.

Hy was altyd 'n "partyman", 'n man van die middelgrond, 'n kêrel wat meer bekommerd was om NP-eenheid te herstel as om 'n nuwe beleid vir die party te formuleer.

Hy het self gesê: "Ek wil nie graag 'n faksieleier wees nie en ek is teen faksievorming binne die Transvaalse NP. Ek wil graag die leier van 'n span wees wat altyd kan praat van ons. Ek wil my teenoor u verbind tot lojale leierskap, lojaal aan die Hoofleier, lojaal aan die Nasionale Party in sy breë federale verband, maar ook lojaal aan die Transvaalse NP." (Nat 80's, Maart 1982)

Ja, die woelinge binne die NP was ernstig gewees. Die Transvaalse NP was die grootste en belangrikste faksie binne die federale verband van die NP. Dit was De Klerk se verantwoordelikheid om Transvaalse NP-lede en ondersteuners bymekaar te hou - om die eenheid van die federale NP te beskerm. Daar was geen kwessie van "brave new worlds" in daardie stadium nie!

En nou, in 1989, is FW die leier van die hele NP. Hoekom? Wel eerstens is daar die Harms-ondersoek. Al die Transvaalse grootkoppe is daarby betrokke - weer Pik Botha, Magnus Malan en Gerrit Viljoen. Snaaks, maar dit lyk vir my asof elkeen van hulle nie net Transvalers is nie, maar in die verlede aan die "PW Botha"-faksie behoort het. Is ons besig om 1982 te herhaal?

Miskien is daar mense binne die SA Polisie, die veiligheidspolisie of die Transvaalse Administrasie wat hierdie ouens wil terugkry oor die feit dat hulle hul Transvaalse broers in 1979, 1982 en 1989 veraai het? Daar is ook 'n groot kloof tussen die NP-leierskap en hulle ondersteuners.

Mense is ook die hel in oor PW se bestuurstyl. Die NP is nou in 'n gevaarlike situasie en iemand moet red. Gaan dit Pik, Barend of Chris wees?

Asseblief mense, ons soek nie meer rusies binne die NP nie! Kry vir FW, hy's nie verlig of verkramp nie en hy's verbonde aan partyeenheid, dissipline en lojaliteit. Hy sal ons bymekaar hou terwyl ons die hele gemors uitsorteer.

Conspiracy theory? Net 'n ander teorie? Ek glo nie. Die NP is diep geskeur. Dit het die werklike potensiaal om te disintegreer. Dis nou tyd vir "crisis-management" en FW moet die stuurman van hierdie amper-gewraakte skip word. Die mense wat glo dat FW ware verandering gaan bring, moet liewers kyk na sy geskiedenis binne die NP - sy rol was altyd dié van versoener.

## BRIEWE

**Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.**

## Menseregte ontken

**Chris Bresler, Anna Coetzee, Ena Jansen, Marí Lätti, John Miles, Gerrit Olivier, Fred Pheiffer, Amalia Ueckermann, Marlene van Niekerk en Rike Vaughan van die Departement Afrikaans en Nederlands by Wits skryf:**

Wilhelm Liebenberg word sedert 1 September aangehou ingevolge artikel 3 van die Noodtoestandregulasies. Ons as sy kollegas in die departement Afrikaans en Nederlands aan Wits meen steeds dis nie onredelik om te versoek dat hy onmiddellik aangekla word nie. Aanhouding sonder verhoor is 'n ontkenning van menseregte.

## Ontsteld oor Sandy

**Laetitia Muir van Jodac skryf:**

Ek rig hierdie brief as 'n ontstelde en bekommerde vriendin en kameraad van Sandy Smit wat sedert verlede Vrydag volgens die noodmaatreëls in aanhouding sonder verhoor verkeer. Sandy is 'n bekende fotograaf en lid van die Johannesburgse Demokratiese Aksie Komitee (Jodac).

Dit is duidelik dat Sandy en duisende ander die prooi geword het van die staat se "show of muscle" voor die verkiesing; waarmee alle vorms van politieke opposisie uitgewis, geïsoleer of selfs pers gespuit is soos 'n wafferse plaag!

'n Regstelsel wat vir sulke wandade en skrikbewindtaktieke voorsiening maak, verdien die minagting waarmee dit bejeën word.

Die implikasies vir aangehoudenes soos Sandy, haar familie, vriende, kollegas en regsverteenwoordigers is enorm.

Besoeke, kommunikasie en die tref van persoonlike reëlings (soos rekenings, aflewerings, troeteldiere, werk - vergelyk jou eie chaotiese vakansiereëlings - verskoon die ironie) word uiters moeilik, stadig en burokraties wanneer 'n persoon so ver van sy/haar familie en vriende aangehou word.

Die ontwrigting wat sulke ongenaakbare en onnodige optrede in 'n persoon se lewe veroorsaak, is onmeetbaar en wreed. Ek kan net my kop in skaamte laat sak dat hulle een van die saggeaardste en vreedsaamste mense wat ek ken so 'n onreg kon aandoen.

Sandy, ons ondersteun jou en dit waarvoor jy staan daar ver in Baberton se tronk.

## SAAK-reünie

DIE Stellenbosse Aktuele Aangeleentheidskring (SAAK) herdenk op Vrydag, 29 September sy 25-jarige bestaan met 'n reünie vir alle oud-lede.

Belangstellendes kan vir Daniël Malan skakel by (02231) 76222 of skryf na Schoongezichtstraat 3, Stellenbosch 7600.

*Vervolg op bladsy 22*

# Die slegte nuus: the tiger is back! En daar is nie juis goeie nuus nie

Brolloks

WAT geregtelike kommissies van ondersoek ook al van die man te sê gehad het, een ding staan soos 'n paal bo water: die Raj het chutzpah.

Daar staan die nimlike Amichand lewensgroot met 'n stewige klompie stemme (relatief gesproke) agter sy blad en 'n krans blomme om sy nek en hy sê vir die TV-kamera die James-kommissie kan 'n haan gaan vang: "The people has (sic) decided: the tiger is back!"

Was dit nie louter vermaak om die uitslae van die Huis van Afgevaardigdes dop te hou nie? Daar was in party kiesafdelings tot sewe kandidate, en byna al die setels het van hande verwissel. En dan was daar die kandidaat wat nie 'n enkele stem op hom kon verenig nie!

* Snaaks, ja, net jammer dit maak 'n bespotting van die demokrasie.

## Nog slegte nuus

Maar daar was nóg slegte nuus in die verkiesingsuitslag. Soos die wit minister van wit onderwys, Piet Clase, wat met 'n paar stemme in Virginia gewen het. As die KP's en die HNP's net geweet het hoe ver regs Piet is, het hulle dalk sommer vir hom gestem.

Ander slegte nuus is dat Willem Hefer toe nie juis veel van 'n duik in Roelf Meyer se steun gemaak het nie.

* Ons almal sou darem beter af gewees het sonder dié middelmatige knaap.

## En goeie nuus

Die beste nuus van die verkiesing is dat die Engelse rassis van Krugersdorp, Clive Derby-Lewis, in Krugerdorp verloor het. Nou nie dat Brolloks 'n groot fan van Leon Wessels is vandat hy sy Wet en Orde-hoed opgesit het nie, maar Brolloks sal twaalf Leons vat vir een Clive. Sy rassisme is amper meer aanstootlik as enigiemand anders s'n.

* Maar miskien is dit nou net weer die Boer in Brolloks wat uitkom.

## Beter nuus

Nee, daar is beter nuus as Clive: die feit dat Slim Glennie Babble dit nie gemaak het nie. Veral na sy vuil geveg teen Wynand Malan en die totale aanslag wat Beeld op Wynand losgelaat het.

* Maar 'n mens kan nie altyd wen nie. Babb se tasse is glo klaar gepak om as genomineerde LP Kaap toe te trek. Mag hy vir ewig in sy wit serp verstrik raak.

## Viva Stoffie!

Die Prys vir Uithouvermoë word dié week gedeel deur twee vreemde voëls: Louis Stofberg en Jaap Marais.

Stoffie kom darem al 'n lang pad. 'n Dekade of twee gelede tot NP-LV vir Worcester verkies, maar loop toe saam met Jaap HNP toe. Verloor daarna herhaaldelik in verskeie kiesafdelings. Stap toe oor na die KP. En daar maak hy dit toe dié keer met 22 stemme in Sasolburg!

Oom Jaap se pad is nog langer. En treuriger. Hy het dié keer weer sy deposito verloor. Maar toe TV met hom gesels, is hy vol geesdrif oor sy party se toekoms.

* Ons eie teflon-politikus: geen mislukking klou aan hom vas nie.

## Wie se hiel?

Brolloks se tone het sommer van ergerlikheid omgekrul toe hy die KP se Vrystaatse leier, Cehill Pienaar, net ná sy oorwinning in Heilbron hoor sê sy oorwinning is 'n "bewys dat dat die Afrikanervolk herrys."

Brolloks is amper lus om te sê: Jou moer, broer.

As die Afrikanervolk aan die herrys is, dan is dit in Randburg met 'n Wynand Malan, in Simonstad met 'n Jan Momberg, in Groenpunt met 'n Tiaan van der Merwe, en Umhlanga met 'n Kobus Jordaan.

Maar dan, hierdie mense is meer as Afrikaners. Daarby is hulle verby. Hulle is deel van die Suid-Afrikaanse nasie wat aan die herrys is.

* Hoekom laat dit so 'n slegte smaak in die mond as 'n rassis so groot opgee oor sy Afrikanerskap?

## Pasop, Boere!

So van Afrikaners gepraat. Die wit skuim wat hulself die Wit Wolwe noem begin nou 'n tier opsaal wat hulle nie die guts gaan hê om te ry nie.

Brolloks praat nou van die aanvalle op die Louis Bredenkamps, die Alet Schoons en die Willem Saaymans, almal Afrikaanse Pretorianers wat nie 'n geheim maak van hul afsku in apartheid nie.

* 'n Vriendelike woordjie van waarskuwing, kêrels.

Hierdie Afrikaanssprekendes wat julle "linkses" noem het oneindig meer moed en durf as julle banggat regses - al is die meeste van julle polisiemanne.

En die tyd vir 'n ander wang draai is verby...

## Ditsem, susters

Die tweede prys vir chutzpah gaan aan die 18 nonne van Pretoria wat die KP gebel en gevra het om 'n bussie te stuur om hulle stembus toe te vat. En toe hulle by die stembus afklim, stap hulle reguit na die DP-tent toe.

* Met sulke pikkewyne kan mens mos 'n nasie bou.

## Rooi gesig

Die rooiste gesig in Suid-Afrika is sekerlik die geleerde Lawrie Schlemmer, wat nie so lank gelede nie met groot fanfare en wetenskaplikheid vertel het dat die KP 64 setels gaan wen en die NP 65.

## Pers

Brolloks het altyd gedag die polisie haat die pers. En daar bespuit hulle die hele Kaapse middestad vol pers goed.

## Gee FW 'n naamkompetisie

Ons plaas volgende week nog inskrywings in die Gee FW 'n naam-kompetisie

# *Met wie beoog die stomme siel om te indaba?*

JA, toe, hoeveel maal het die haan vanoggend gekraai?

Kan julle nog die Volk in die oë kyk, of het julle ook so on the sly verraai? Kyk net na al die derduisende stemme teen die uitverkore Party, dis skoon on-Bybels. Hoe is julle dan grootgemaak?

Moeder ween so stil-stil in haar no-name-snesies, dis tog al wat mens kan bekostig in die verarmde gewestе. Oswald is besig om met mening die laaste inheemse broodbome uit te spit, meen glo dis ons laaste kans om 'n ou buitelandse geldjie te verdien. Miesies Klaagvoort is nowhere to be seen en die stroop kook al amper oor vir die jongste koeksisteroplaag.

Vrinde, weke lank word die Klaagvoorts aan die gang gehou deur die gedagte van die komende Groot Indaba. Dit gis en dit gons, dis soos 'n toring van babbel, as jy Grieks was sou jy dalk kon volg, en dit sou heeltemal kosjer wees want onse volkie vorm mos 'n groep saam met Grieke en ander uitwaanshede.

So word die Afrikanerkultuur maklik beskerm. Dis net wanneer ons skole en dinge Afrikaners van ander kleure inneem dat die groepsidee skade ly en onse kultuur in die stof kan byt. Waansin? A nee a, suiwer logika, uit die mond van die Groot Grondboon self.

Wat ons nou eintlik aan die hol het, is Madam de Klerk se man se gedagte van die Indaba. Met wie beoog die stomme siel om te indaba? Volgens hom sal dit die "verantwoordelike leiers" van die swart gemeenskap wees. Vir "verantwoordelik" lees "those who would not rock the boat". Lees "puppets".

Miskien darem ook so 'n amperse respektabele figuur soos Sy ex-Edele A Ragsbanjo, vaandeldraer vir Skoon Administrasie. En natuurlik Eerwaarde Hendrickse, mits Madam se man hom koöpteer voor die somer op ons is, want die kêrel het mos 'n onweerstaanbare drang om tydig en ontydig te gaan swem.

Dit laat dan die "onverantwoordelike" leiers soos Vader Mandela, die twee Archies, Gumede en Tutu, Frank Chikane, Alan Boesak, Mewa Ramgobin, Jay Naidoo en die hele spul van die MDM, te veel om op te noem en te min om gewig te dra.

Het Madam se man nie dalk die begrippe "verantwoordelik" en "verteenwoordigend" verwar nie, soos destyds in die geskiedenisboeke oor verantwoordelike en verteenwoordigende bestuur? Ek vra maar net, die arme man se konstitusionele begrip lyk tog so gebrekkig.

Watwou Groot Indaba, vrinde, praat eerder van die Groot Hangover. Die rugbytoets is verby, toe kom dit by die wit nasionale sport, verkiesing.

Dis tog so 'n jollie gedoente, als in die familie kan jy maar sê, ons gooi net die oorskiet en die onbetroubares in hul eie verkiesing in om die ou spul stil te hou.

## Alles is pers

Nou is dié sports ook verby, en waar mee sit ons nou? Die oorblyfsels van kragdadige verkiesingspropaganda, daardie derde nasionale sport: brutale vergruising van al wat leef wat nie met jou saamstem nie, en wat jou nie kan uitstem nie.

Geliefdes, die landskap lê besaai met klippe, dit lyk soos 'n maanlanding. In die Kaap het kleurbewustheid 'n nuwe dimensie aangeneem: alles is pers, asof mens deur 'n rosy spectacle na die fantastiese spektakel kyk.


Katedrale, monumente uit die oertyd, strate, sypaadjies, motors, mense: alles pers gespuit. Was dit nodig? Wel, dit was seker verkieslik bo die genadelose gefoeter van mense wat vreedsaam protesteer of bloot die protes gadegeslaan het.

Beter as om kerke binne te storm, of met Casspirs toe te parkeer sodat kerkdienste nie kon voortgaan nie. Beter as om vreedsame kerkleiers in hegtenis te neem.

Beter as om medici wat talle mense wou help wat deur mense in blou klere aangerand is, in hegtenis te neem.

Een van die geboue wat in die slag gebly het, was juis Newspaper House. Praat van die purple press. En daar, in pers met 'n vinger uitgekrap op 'n gebou in Burgerstraat, staan die kostelikste woorde van die week: "The purple shall govern".

Dis hierdie ononderdrukbare humorsin van ons mense wat verhoed dat die land totaal ontplof.




Egbertus Klaagvoort

## Broodboomdroom

Oswald sit hand in die hare. Die broodbome lê vergete op die grasperk, nog 'n uitvoerbesending wat nie die mas gaan opkom nie. 'n Broodboomdroom. Die probleme is veelvuldig.

Miesies Klaagvoort meen dat sy onbestrede tot die koeksistergilde verkies moes gewees het, want een van die voorste baksters is kwansuis insolvent, en jy kan mos nie vir high office staan as jy nie geld het nie.

Die goeie siel kan glo nie haar suikerrekening by die koöp betaal nie, en 'n bloubrief is tog seker bewys van insolvensie? Oswald skud maar net die kop, weet al beter as om teë te praat.

Dan's daar nog die kwessie van godsdiensvryheid. Seg Oswald, die grondwet (die vorige, of is dit nou die huidige dispensasie, julle onthou mos nog) waarborg vryheid van aanbidding. Nou wonder hy hoe dit nou strook met al die kaskenades en manewales van mense in blou klere in en om en agter en bo-oor kerke die afgelope week. Nie net is mense deur 'n gepantserde voertuig van hul kerk weggehou nie, maar 'n predikant is toegang tot sy eie kerk geweier. 'n Kerkdiens is deur 'n polisiegeneraal verbied.

Klink dit na die optrede wat mens in 'n polisiestaat te wagte kan wees?

Ag, julle is seker laf, vrinde, hoe kan dit nou 'n polisiestaat wees as die kerkdiens tog wel voortgegaan het? Ja, dit is so. Maar eers nadat 'n aansoek tot die Hooggeregshof gerig is dat die diens toegelaat moet word.

Na 'n foxtrot voor regter Foxcroft het die hof toe sy seën oor die kerkdiens uitgespreek, en die belastingbetaler beveel om nogmaals die kerklikes se koste te betaal omdat die polisie vir die soveelste maal 'n ongegronde verbod op 'n alledaagse aktiwiteit geplaas het.

Sotliker optrede sal jy moeilik kry. Dis nou die Unique Democracy. So much vir die besorgdhede van onse Oswald.

## Waar's broeder Heyns

Wat julle eie Egbertus nou wil weet, is waar Broeder Heyns in die gedoente staan? Waar lê die lojaliteit van die Afrikanerkerk, waar dit moet kies tussen kerk en staat? Ligloop, geliefdes.

Jaar na jaar groei die lysie van linkse aktiviste en simpatiseerders wat vermoor of vermink of verskrik word deur bose magte, en die lysie van onopgeloste misdade teen linksgesindes is net mooi ewe lank.

Toevallig, natuurlik. Mens wonder in alle rigtings hoekom sulke misdade duister bly, terwyl die geringste misstap aan die ander kant van die spektrum met volle geweld vergeld word.

Nou hoor Egbertus dat verlede week se vreedsame optog oor Durban se strande regse geweld opgelewer het, en dat swart polisiemanne eers beswaar daarteen moes maak voordat hul wit genote opgetree het.

Wat beteken dit tog? vra Moeder. Alles, Moeder, alles, antwoord Egbertus vaag.

## Wie moet ons bedank?

**Jan McDonald van Port Elizabeth skryf:**

Ek lees graag wat andersdenkendes skryf en daarom het ek u blad gekoop. Ongelukkig moet ek sê die manier hoe u te velde trek teen die Nasionale Party maak my skaam. Ek is nie 'n lid van die NP of enige ander party nie, tog wil ek my nie skuldig maak aan 'n slegsêery, of bly wees oor die ondergang van die huidige regeringsparty nie.

U blad maak daarop aanspraak dat hy nierassig is, tog is dit nie heeltemal korrek nie. U kom vir die regte van die swartman op en nie vir dié van die witman nie.

Dit is die NP wat vir ons 'n Republiek gebring het, vry van Britse oorheersing. Dit is mense wat tot NP-geledere behoort wat geveg het vir die bevordering van Afrikaans.

As dit gaan om vryheid dan het ons Afrikaners reeds die paadjie geloop deur twee Vryheidsoorloë, waar onder andere 20 000 Afrikanervroue en kinders in Britse konsentrasiekampe gesterf het. Ek wonder of vandag se swartmense aanspraak kan maak op sulke vervolging? Ook wil ek u daarop wys dat u baie te danke het aan die witman.

Die nuwe Suid-Afrika waarvan u praat sal nie sonder meer 'n beter plek wees nie. In die meeste Afrika-state heers daar vandag korrupsie, armoede en die grootste ellende denkbaar. Afrika sit met 'n geweldige skuldlas wat hy nie kan terugbetaal nie. Afrika sit vandag verder met 'n geweldige bevolkingstoename en so ook Suid-Afrika.

Volgens my inligting sal Suid-Afrika se bevolking van 28,5 miljoen binne 35 jaar drie keer vermenigvuldig. (Population Growth - South Africa's ticking time bomb). 'n Swart regering in Suid-Afrika sal heel waarskynlik kommunisties wees, soos ons omringende buurstate. So 'n regering kan 'n eenpartystaat wees, wat geen teenkanting duld nie, en waar geen vryheid van spraak heers nie. U nuwe Suid-Afrika mag dus heel anders daar uitsien as wat u dink.

Suid-Afrika se grootste probleem is nie apartheid nie, maar die bevolkingsontploffing onder die swartmense.

(Brief verkort)

## Waar is die eerwaarde?

**Jane Chapman from Canada writes:**

This is a copy of a letter sent to mr FW de Klerk.

I am a member of Amnesty International and I am writing to express my concern about the arrest of REV. ZWO CALVIN NEVHUTALU.

I wish to know where he is being held and why he is being held. I appeal to you to grant him access to legal counsel and visits from his family.

I also ask that he be treated humanely and not subjected to torture by either the South African Police or the Venda Security Police.

Please bring him to trial promptly and unless he can be found guilty on a fairly recognizable criminal charge, please release him immediately and unconditionally. Thank you.

## Misbruik van God se naam

**Petrus Strijdom van Fort Beaufort skryf:**

Mnr FW de Klerk se slotsin op die onlangse Klerksdorp-vergadering waarin hy die sukses van sy vyfpuntplan aan die seën van die Almagtige God ondergeskik stel, kom neer op 'n growwe misbruik van die Naam van God.

Die applous wat op die melodramatiese sin gevolg het, gee 'n aanduiding van die effek waarop dit gemik was, naamlik om die NP en sy leier, in die lig van hul jammerlike verlede van onreg en onderdrukking, 'n kleed van Christelikheid om te hang.

Die Naam van God word nou ingesleep om aan 'n party wat op geen manier meer sy beleid Christelik-eties kan verantwoord nie, groter geloofwaardigheid by kiesers te gee. God se Naam word dus ter wille van goedkoop politieke gewin misbruik. Dit is godslasterlik. Dit is 'n blatante sonde teen die derde gebod, wat eis dat God se Naam net met die allergrootste eerbied gebruik mag word. Dit sal nie ongestraf gelaat word nie.

Inhoudelik impliseer De Klerk se stelling dat politieke sukses as sodanig, 'n bewys van God se seën kan wees. As die sukses van die NP se onchristelike en diaboliese rekord oor die afgelope dekades aan die seënende hand van God te danke moet wees, moes die sukses van die Nazi's onder Hitler ook die gevolg van God se seën gewees het. Dit is tog uitgeslote.

De Klerk kan nie deur middel van 'n oneerlike beheer en manipulasie van inligting en 'n massale breinspoeling van kiesers tesame met 'n ongebreidelde aanwending van mag, 'n resultaat bereik en dit dan sonder meer met die seënende hand van God in verband bring nie.

In die geskiedenis van God se volk is politieke en godsdienstige leiers juis herhaaldelik deur die ware profete in die Naam van God verdoem omdat hulle as kragtige meningvormers die volk so suksesvol mislei het, en veral omdat hulle dit met behulp van vroom godsdienstige praatjies gedoen het.

De Klerk behoort ernstig daaroor na te dink of die volgende woorde van Jesaja en Amos en Jesus aan die leiers van hulle tyd, nie op hom en sy mede-misleiers in Party en Kerk van toepassing is nie:

"As julle julle hande in gebed uitstrek, sal Ek my oë vir julle toemaak. Selfs al bid julle hoe baie, sal Ek nie luister nie, want julle hande is met bloed bevlek. Moenie voor My verskyn as julle verkeerd doen nie. Hou op met kwaad doen. Leer om weer goed te doen, sorg dat daar reg geskied..."

"Gee pad voor My met die rumoer van jou gesing...Maar laat die reg en die geregtigheid te voorskyn kom, laat dit aanrol soos watergolwe, soos 'n standhoudende stroom."

"Ellende wag vir julle, huigelaars! Julle wat ander wil lei en self blind is. Wat volgens die wet van God die swaarste weeg, laat julle na: geregtigheid, barmhartigheid en betroubaarheid. Blinde leiers! Julle is soos witgeverfde grafte, wat van buite mooi lyk maar daarbinne vol doodsbene en allerhande onsuiwerheid is. So is julle ook: van buite lyk julle vir mense vroom, maar van binne is julle vol huigelary en minagting van die wet."(Jesaja 1:15-17; Amos 5:23-24; Matteus 23:13-28)

# Vrye Weekblad KLEINADVERTENSIES

**Tarief: R10 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan**

**Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Gwynne of Karien (011) 836-2151, fax (011) 838-5901, of skryf aan Posbus 42637, Fordsburg 2033. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.**

### PERSOONLIK

Die Takhare vir Vrede sê red 'n volk

Geestelike waardes is die hoekstene vir vrede - Die ouer Takhare

Die Bleskoppe teen Apartheid het besluit om nie die waarnemende bleskop se aansoek om lidmaatskap goed te keur voordat hy nie geweld afsweer nie.

Die Kommissie van Ondersoek het tot die skokbesef gekom dat 'n deel van Johan Stemmet 30 cm lank is?!

Is dit moontlik dat ek verlede naweek weer en nog meer oor jou kon geFLIP het?

Koningin aan Biskop: steeds skaakmat, of ken jy 'n paar nuwe skuiwe? Is toeval steeds die grootste agent?

Allersluste, baie baie dankie vir die pragtige bossie blomme... én die inloer! - Koos

Geleentheid gesoek van Johannesburg na Kaapstad vir eerste week in Oktober. Bel Theresa (011) 838-6507(w)

### WOONPLEK

Benodig: Vakansieverblyf in of naby Kaapstad gedurende Kersvakansie (een week tot tien dae). Bel Gwynne (011) 836 2151

Benodig: Huis te huur in die omgewing van RAU, vanaf Januarie 1990. Verkieslik drie tot vier slaapkamers. Bel Desmond by 782-6001

Pretoria: Persoon gesoek om huis te deel op goed geleë plot vanaf 1 Oktober. Huur R290. Bel Patsy (012) 862-637

### DIENSTE

Kitaarlesse deur Deon Maree - skrywer van die gewilde boek KITAAR: leer self speel. Tel 648 8032

Drawing Lessons: Learn to draw through an exciting drawing program with regular small classes, personal tuition and reasonable rates. Tel Alan (011) 837-4830

Diensplig Adviesdiens. Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig. Skakel Durban (031) 301 5663 Richard (w), Pietermaritzburg (0331) 944079 Mark (h), Kaapstad (021) 689 1194 (5.30 nm tot 7.30 nm), Grahamstad (0461) 26067 Rudi (h), Oos-Londen (0431) 27713, Port Elizabeth (041) 56 1483, Pretoria (012) 320 2230 Alice (w), Johannesburg (011) 614 8106 Neil (h) of gaan na die Methodiste Kerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae van 4.30 nm tot 7.00 nm

Spesiale Aanbod: Stoomskoonmaak van Tapyte en Stoffeersel. Laat jou drie slaapkamers, sitkamer, eetkamer en gang of ses stuk sitkamerstel professioneel diep stoomskoongemaak word vir net R55. Plus gratis vlekverwyderaar en reukverweerder. Skakel: (011) 724 0784

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkswinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Ons begin met 'n opleidingskursus vir nuwe lede vanaf 20 September 1989. Ons benodig veral vroue wat Afrikaans en/of enige ander Afrika-taal kan praat. Bel POWA voor 11 September vir verdere inligting (011) 642 4345

### GEBEURE

Die Barend J Toerien-klub vergader Dinsdagaand na rugby by die taalmonument op Paarlberg. Bring jul eie bergklimskoene en toue saam. Versnaperings opsioneel.

Woensdag 13 September. U word uitgenooi om u wegneemete om 1 nm na die USIS-Ouditorium, 3e vloer African Life-gebou, Commissionerstraat 111, Jhb te bring vir 'n reeks middaguurvideo's oor Hendrick Smith se boek The Power Game - How Washington Works: Die tweede video is getiteld The Pentagon

Step Teen: Systematic Training of Effective Parenting of TEENS sal vanaf 2 Oktober tot 27 November aangebied word. Die kursus sal weekliks aangebied word en 9 weke duur, op Maandae van 9 vm tot 11.30 vm. Skakel Cheryl Lyons of Joan Rubinstein (011) 648-1120

### MARK

**AKUUT**

**Prosa & Poësie**

**Hambidge vs Roodt**
**Hambidge vs De Jong**
**Hambidge vs Olivier**
**Hambidge vs Liebenberg**
**Hambidge vs Malan**
**Hambidge vs Letoit**
**Hambidge vs Hambidge**

**Jaargang 3, nr 1**

Bestel teen R4,00 vanaf Posbus 547, Cradock 5880
Die Jongste Uitgawe van AKUUT

**Kashgar**

**Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880 3566**

1986 Nissan bakkie te ruil vir Jeep of klassieke motor (verkieslik 'n 1950's Mercedes) in 'n goeie toestand. Skakel (011) 487-1239 na-ure

### VAKANSIES

Drakensberge

Herberg vir die wat jonk van gees is. Ook staptoere van 2-10 dae. Redelike tariewe. Ed Salomons, INKOSANA LODGE, Posbus 60, Winterton 3340. Tel 03682 vra vir 3520


### WERK

ZAIRE (Kinshasha)

Personal Assistant to MD. Must be able to liaise on senior diplomatic level, speak fluent French and have foreign passport. Involves extensive overseas travel. Package offered: R120 000 - R140 000 (neg). Call Marie Norval in confidence: (021) 221-227/8


JACOB RegoP®

**HELP OM VERLORE ENERGIE TERUG TE PLAAS DEUR DIE VOEDINGS-VITAMINES WAT VIR NORMALE LIGGAAMLIKE FUNKSIES VEREIS WORD, TE VERVANG**



Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules, saam met die koepon hieronder, aan: EMCOR, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel (021) 551-4360

Naam: ...
Adres: ...
... Poskode: ...
Telefoon: ...

**OOK VERKRYGBAAR BY JOU NAASTE APTEEK**



**Moenie jou gewilde strokieskarakters misloop nie!**






Vir R60 (AVB ingesluit) m kry jy Vrye Weekblad 12 maande lank, en vir R30 (AVB ingeluit) 6 maande lank. Stuur aan Posbus 42637 Fordsburg 2033.

Naam: ...
Adres: ...

Tjek/poswissel ingesluit vir R60/30



Vrye Weekblad

# *Die Wildeman van Libië bly 'n raaisel*

Mouna Nabiaa

PARYS - Sy bure in noord-Afrika dink hy het wyser geword. Die Weste sien hom steeds as 'n internasionale terroris. Maar na twintig jaar as die grootbaas van Libië bly kolonel Muammar Kaddafi 'n onvoorspelbare - en flambojante - enigma.

Sy jongste verrassing was verlede week met die aankondiging dat Tsjaad en Libië 'n ooreenkoms oor hul jarelange geskil oor die Aouzoustrook onderteken het. Albei lande het aanspraak gemaak op dié strook van 114 000 vierkante kilometer wat nou deur Libiese troepe beset word.

Toe Kaddafi op 1 September 1969 in Libië oorgeneem het, was hy 'n "harde en suiwer" jong offisier aan die hoof van die junta wat die mag by koning Idris afgevat het en Libië in die Sosialistiese Libiese Arabiese Jamahiriya (volkstaat) verander het.

Oor die jare het hy getrou gebly aan sy twee belangrikste doelwitte: die vernietiging van Israel en die bevegting van "imperialisme".

Maar by tye het dit isolasie binne die Arabiese wêreld meegebring, gelei tot aanklagte dat hy die grootste chemiese oorlogskompleks in die wêreld opgebou het, en in 1986 hom die teiken van 'n Amerikaanse lugaanval op Benghazi en Tripoli gemaak wat sy aangenome seun gedood het.

Deur dit alles het hy bly klou aan sy droom van Arabiese eenheid. Maar sy agt pogings tot vereniging met een of meer Arabiese state, selfs met Tsjaad in 1981, het op die langste 'n paar maande geduur.

Deesdae lyk dit asof Kaddafi die konflikte met Arabiese state bygelê het, sy militêre avonture in Tsjaad laat vaar het en selfs steun vir teenstanders van Afrika-regerings beëindig het.

Tydens die Arabiese spitsberaad in Casablanca in Mei het hy selfs die hertoelating van Egipte tot die vereniging van Arabiese state aanvaar, al het hy tot die laaste oomblik volgehou dat hy Kaïro nooit sal vergewe vir die ondertekening van die vredesverdrag met Israel in 1979 nie.

Maar Libië bly steeds die enigste Arabiese staat wat nie die Veiligheidsraad se Resolusie 242 aanvaar het wat Israel se reg op bestaan erken nie.

Kaddafi het sedert 1987 ook betrekkinge met Irak, Jordanië, Morokko en Tunisië herstel - almal state wat hy vroeër gekritiseer het.

Maar hy het waarskynlik nie 'n keuse gehad nie. Sy Arabiese broers het die Amerikaanse bomaanvalle bra halfhartig verdoem en dit was duidelik dat sy isolasie al werkliker geword het.

Sedert 1988 het Libië die Magreb Arabiese Unie met Morokko, Algerië, Mauritanië en Tunisië gevorm. Hoewel dié state dit eerder as 'n soort gemeenskapsmark sien, glo waarnemers in noord-Afrika dit is die eerste stap na 'n vereniging van dié lande.

Maar in die Weste het Kaddafi se beeld geensins verbeter nie. Veral Amerika gaan voort om Kaddafi van terrorisme te beskuldig.

Kaddafi maak geen geheim van sy steun vir die Palestynse terroris Abu Nidal nie. Nidal word geblameer vir die bloedige terroriste-aanvalle op die lughawens van Rome en Wenen in 1985.

Hy steun ook vir Ahmad Jibril wie se Palestynse splintergroep glo vir die bom verantwoordelik was wat die Pan Am-boeing oor Lockerbie in Skotland laat ontplof het.

Kaddafi gee ook steun aan die Ierse Republikeinse Leër, die Baskiese Separatiste en die Nieu-Caledoniese Separatiste. Libië stuur ook wapens na Nicaragua.

Amerika beweer Kaddafi is besig om 'n reusagtige fabriek suid van Tripoli te bou waar chemiese wapens gemaak gaan word. Kaddafi ontken dit ten sterkste en sê dit is 'n farmakologiese fabriek.

Kaddafi het altyd 'n sin vir die dramatiese. Soos tydens die Arabiese spitsberaad van 1982, toe hy 'n wit handskoen oor sy regterhand getrek het "sodat ek nie hande bespat met bloed hoef te skud" as hy ander Arabiese leiers groet nie. - AFP



## Kaal soldaat aangekeer

PANAMASTAD - 'n Lid van die Amerikaanse weermag is tot 200 dae gevangenisstraf gevonnis omdat hy kaal in die straat geloop het, het die dagblad El Matutino hier berig.

James Wiggins, wat by die Amerikaanse weermagkamp, Kobbe, sowat 17 kilometer suidoos van die hoofstad gestasioneer is, is tot 200 dae gevangenisstraf gevonnis omdat hy "in Los Martireslaan heeltemal kaal rondgeloop het."

Volgens El Matutino het Wiggens het sy "skaamdele aan vroue gewys en is hy deur die weermag aangekeer."

Die VSA se Suidelike Kommando wou nie op die voorval kommentaar lewer nie. - AFP

## Dronk varke maak amok

NAIROBI - Dertien varke het dronk geraak en chaos veroorsaak na hulle 'n sterk plaaslike bier gesuip het, het die Daily Nation hier berig.

Die varke het 'n paar kanne van die brousel, wat bekend staan as "Kangara", op 'n plaas naby Eldoret in die Skeurvallei, opgesuip.

Toe die varke na die gefuifery wakker skrik, het hulle chaos in die dorpie veroorsaak en skoolkinders rondgejaag.

Tuisbrouery is teen die wet in Kenia, en die eienaars van die bier het dit versteek omdat hulle bang was die polisie ontdek dit. - AFP

# Wetenskaplikes hoop op 'n laaste Voyager-aardigheid

PASADENA - Voordat Voyager 2 in die verre ruimte verlore raak, hoop wetenskaplikes wat sy reis volg op 'n laaste aardigheid: 'n wyehoekfoto van die aarde se sonnestelsel.

Ingenieurs van die National Aeronautics and Space Administration (Nasa) oorweeg om die ruimtetuig te herprogrammeer om dié panoramiese beeld in te neem en te versend.

Die ruimtetuig is so groot (en so swaar) soos 'n motor en word deur kernkrag aangedryf. Hy het nou 'n reis van twaalf jaar na die planete Saturnus, Jupiter, Uranus en Neptunus voltooi - altesame sewe biljoen kilometer.

Die tuig se reis word nou voortgesit na die einders van ons sonnestelsel, en uiteindelik na ander sonnestelsels.

Aan boord is opnames van groete en liedjies in baie van die tale wat nou op aarde gepraat word. Net in geval daar lewe êrens anders is.

* Die sein wat die Voyager 2 na die aarde toe terugstuur, is so swak dat dit versteur kan word deur die lawaai van molekules wat teen mekaar bots.

Om dit te vermy word die kragtige ontvangers op aarde in vloeibare stikstof omhul.

Die data-stroom, wat foto's insluit, word teen die spoed van lig na die aarde gestuur, maar dit duur vier uur en ses minute om die aarde van Neptunus te bereik.

Die sender registreer net 20 Watt, sowat 'n kwart van die krag van 'n gemiddelde stereo-stelsel. - AFP

## week in die nuus

### Suid-Afrika

Honderde mense, meestal ondersteuners van die **breë demokratiese beweging**, word aangehou te midde van landwye verset en verskerpte polisie-optrede in die aanloop na die etniese verkiesing.



Die **ANC** bevestig dat sy sekretaris-generaal, Alfred Nzo, onder die organisasie se reëls die mandaat het om namens president Oliver Tambo op te tree totdat die volgende algemene konferensie in 1990 plaasvind.

**Twee polisiemanne** wat 'n verdagte doodgemartel het, word in die Transkeise Hooggeregshof skuldig bevind aan aanranding met die doel om ernstig te beseer en elk tot twee jaar gevangenisstraf gevonnis.

Pamflette wat onder die naam van **Studente vir 'n Demokratiese Samelewing (SDS)** uitgegee is en Tukkie-studente aanmoedig om klasse te boikot, word op die kampus van die Universiteit van Pretoria versprei. Die SDS ontken dat die pamflet deur hulle versprei is. Verskeie SDS-lede was die afgelope twee weke teikens van aanvalle deur die Wit Wolwe.

**Pamflette** wat enersyds vra vir 'n boikot van die blanke Volksraadverkiesing en andersyds kiesers vra om vir DP-leier Wynand Malan te stem, word in Randburg onder die naam van die 'MDM' (Mass Democratic Movement) versprei. Woordvoerders van die breë demokratiese beweging ontken dat hulle verantwoordelik is. Malan, met verwysing na valse briewe wat deur ondersteuners van die NP-kandidaat, Glenn Babb, aan koerante gestuur is, sê Babb moet onder sy eie ondersteuners na die oorsprong van die pamflet soek.

**'n Man** word in 'n stormloop vertrap toe polisie traanrook in 'n skare by 'n lente-musiekfees in Soweto invuur. Die fees, wat gehou is om geld in te samel vir die Takalani-tehuis vir gestremdes, is deur die polisie as 'n "onwettige byeenkoms" beskryf.

**Veldbrande vernietig plantasies** oor 400 hektaar in die Duiwelskloof-gebied van die Oos-Transvaal. Brandstigting word vermoed.

**Veertien joernaliste** wat teen die sensuur van die media onder die noodmaatreëls betoog het, word in Kaapstad in hegtenis geneem.

**Prokureursfirmas** mag van nou af hul dienste adverteer, besluit die Vereniging van Prokureursordes.

**Wilhelm Liebenberg en Sandra Smit,** twee lede van die Johannesburgse Demokratiese Aksiekomitee (Jodac) wat onder die noodmaatreëls aangehou word, word onderskeidelik na tronke op De Aar en Barberton verskuif.

**Dr. Daan Ehlers**, die voorsitter van die Nywerheidshof, word gedwing om aan die einde van hierdie maand, in plaas van Januarie volgende jaar, af te tree, deurdat sy kontrak nie hernu word nie. Die direkteur-generaal van Mannekrag, Joel Fourie, ontken dat dit enigiets daarmee te doen het dat dr. Ehlers glo ontevrede is oor aspekte van die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge.

### Wêreld

**Die Administrateur-Generaal** van Namibië, Louis Pienaar, verwerp 'n versoek van Swapo om die spertyd vir kiesers om in Namibië te registreer, tot ná 15 September uit te stel.

**Pres. George Bush** van die VSA kondig aan dat militêre hulp ingeroep gaan word in die oorlog teen dwelmhandelaars in Sentraal-Amerika. Meer geld sal ook beskikbaar gestel word vir gevangenisse, rehabiliteringsprogramme en opvoeding. Intussen ontplof twee bomme in Medellin, die dwelmhoofstad van Bolivië.

**'n Boeing 737** van Varig stort neer in die Amasone-oerwoud in Brasilië. Ses van die 52 passasiers aan boord kom om in die ongeluk.


**'n Boeing 747** van British Airways se een enjin ontplof toe die vliegtuig van Gatwick-lughawe af opstyg. Niemand word beseer nie.

**Sowat 700 mense** het verlede maand in 'n ontploffing by 'n verdedigingsbasis naby Bagdad gesterf, sê Westerse diplomate in Irak.

**'n Linkse aktivis** word in Santiago, Chile, op straat doodgeskiet.

**Lech Walesa,** die leier van die Solidariteit-vakbond in Pole, besoek Wes-Duitsland om samesprekings te voer met pres. Richard von Weizsacker, kanselier Helmut Kohl en die minister van buitelandse sake, Hans-Dietrich Genscher.

**Hallusinerende skape** wat "magic mushrooms" - 'n plaasvervanger vir LSD - wat geil groei op die Shetland-eilande, geëet het, veroorsaak probleme vir motorryers deurdat hulle op die pad ronddwaal en hulle nie aan die verkeer steur nie.



# Suid-Afrikaanse rugby weer met die hoed in die hand

> *Suid-Afrika se rugbyheil berus nou op die besoek van saamgestelde spanne*

**Charles Ochse**

DIE spelers het gedoen wat van hulle gevra is. Die toetsreeks teen die Internasionale Toerspan is gewen.

Maar hulle én die toeskouers is uitgehonger vir nóg toetse. Maar teen wie? Hoe, wat, waar, wanneer?

As daar nie bevredigende antwoorde hierop teen die volgende seisoen is nie, staar Suid-Afrikaanse rugby, en wêreldrugby, die grootste breekspul in sy geskiedenis in die gesig.

Die gesaghebbendes wat dusver die antwoorde probeer verstrek het, kan in drie kategorieë verdeel word: die optimiste, die realiste en die pessimiste.

Prof Fritz Eloff, die voorsitter van Noord-Transvaal, in sy hoedanigheid as voorsitter van die Internasionale Rugbyraad, hoop dinge verander só dat Suid-Afrika teen 1995 die Wêreldbeker-reeks sal kan aanbied. Die Springbokke is tans uit dié reeks geskors.



Dok Craven en prof Eloff druk aan 't gesels

Die uiters suksesvolle afrigter van die Bokke, dr Cecil Moss, sê hy maak aanstaande jaar plek vir 'n jonger man. Maar hy sal tot die einde van die jaar beskikbaar wees as die Springbokke dalk oorsee gaan toer. 'n Toer na Suid-Amerika en Fiji is in berigte as 'n moontlikheid genoem.

Verskeie van wêreldrugby se grootbase wat hier was vir die SA Rugbyraad se eeufeesvieringe meen 'n toer soos die pas afgelope een kan 'n jaarlikse instelling word. Die internasionaal erkende rugbyskrywer, John Reason, sê Suid-Afrika moet net vroeër begin organiseer om 'n langer en beter toer te verseker.

Dan is daar steeds die hardnekkige gerugte dat feitlik die hele Australiese toetsspan gereed sit om op 'n nie-amptelike toer, ook genoem rebelle-toer, na Suid-Afrika te kom.

En die Franse. Na die eerste toets op Nuweland is die "Dinsdagspan" aangesê om maar solank die feesverrigtinge te gaan bywoon. Toe maak die toerkaptein, die napoleontjie Pierre Bibizier, die kleedkamer se deur toe. En daar word gesê as hul vyftien Franse was, het hulle die Springbokke getrap.

Daar is glo 'n soort van 'n eed gesweer dat hulle die tweede toets sou wen. Só ernstig was veral die Franse om die Springbokke te klop. Ná 'n halfuur van reguit praat, is kringetjie gemaak en saamgesing. Spanbestuurder Willie-John McBride sê hy weet nie in watter taal nie, maar die gees was reg.

Vervolgens die realiste - maar hy wat nie aan wonderwerke glo nie is ook nie 'n realis nie.

Meneer Rugby, dr Danie Craven, sê openlik op TV 'n Springboktoer na die buiteland is voorlopig buite kwessie.

Só ook nie 'n amptelike toer van die onderskeie groot rugbylande na Suid-Afrika nie. Maar daar bestaan saamgestelde spanne soos 'n Vyfnasiespan, 'n South Pacific-span en 'n Pan-American-span.

Die huidige toer was aanvanklik beplan om 'n Vyfnasiespan (Engeland, Wallis, Skotland, Ierland en Frankryk) te wees. Wat Dok nie genoem het nie, is die Anzac-span, saamgestel uit Australië en Nieu-Seeland of die Gondwana-streekspan van Suid-Amerika. Wat hy bedoel is dat Suid-Afrika se rugbyheil nou op die besoek van saamgestelde spanne berus.

Op 'n pessimistiese noot in 'n koerantonderhoud sê Ken Smith van Skotland, die ondervoorsitter en waarskynlik volgende voorsitter van die Internasionale Rugbyraad: "Toere na Suid-Afrika is so 'n sensitiewe saak dat niks gewaarborg kan word nie."

Smith sê sport en politiek kan nie meer geskei word nie. Ons moet daarmee saamleef. Suid-Afrika moet eers sy politieke vraagstukke oplos en eers weer op ekonomiese gebied deur die wêreld aanvaar word, voordat daar gereelde toere na en van Suid-Afrika kan plaasvind.

Kortom, Smith sê wat ons almal weet. Onder rugbymense is daar 'n kameraderie, 'n ontsettende broederskap. Hulle wil die Springbokke ten volle in wêreldrugby terug hê.

Maar dit help nou nie om 'n klomp hol beloftes te maak wanneer almal lekker eeufees hou nie. Die wêreld se rugbybase was hier. Baie sal terug by die huis deur hul eie lande se rugbyrade uitgestem word oor die kwessie van Suid-Afrikaanse toere.

Die wat nog opstaan om getel te word, soos McBride roerend gepleit het, se amptelike spanne sal eenvoudig deur hul lande se regerings belet word.

Quo Vadis? Wat is die oplossing dan?

Springbok-krieket probeer al byna twintig jaar om met die grootste ordentlikheid deur die amptelike kanale toere te kry. Uiteindelik het hulle besef nie-amptelike toere, die sogenaamde rebelletoere, is die enigste suksesvolle uitweg.

Daarmee was krieket hoogs suksesvol. Eers was dit die Engelse, toe die Sri Lankane, die Wes-Indiërs, die Australiërs en nou weer die Engelse vir die komende twee seisoene. Die sterkste krieketspelende lande se beste spelers is eenvoudig met geld gekoop nadat krieket ook eers drie, vier seisoene met saamgeflansde Derrick Robins-toerspanne rondgeploeter het.

Natuurlik is rugby se probleme meer kompleks as krieket, want hy is (nog!) nie so 'n groot geldsport nie. Maar die spelers brom al harder oor geld en kort-kort dreig 'n rugbyrevolusie daaroor.

Die nuwe geslag Springbok-rugbyspeler begin hul al openliker skaar agter die vryer denkende administrateurs van die spel soos dr Louis Luyt wat sê óf gereelde toets óf...

Die nuwe Springbokkaptein, Jannie Breedt, het sy TV-onderhoud onmiddellik ná die wedstryd gekies om te sê sy span het nog 'n toets of twee nodig om weer die grotes soos die All Blacks te kan klop. Jannie, terloops, het hom in twee toetse gevestig as een van die groot Springbokkapteins met sy onkreukbare lewe van die veld af en die voorbeeld waarmee hy op die veld lei.

Omdat Suid-Afrika - noudat prof Eloff voorsitter van die IRR is - allermins 'n breuk in wêreldrugby sal wil veroorsaak, kan verwag word dat Springbokrugby vir nog 'n seisoen of wat met die hoed in die hand sal staan en kyk wat wêreldrugby hom laat toekom. Wat daarna gebeur, is enigeen se raaiskoot.

Intussen sal Dok Craven veg met alles wat hy het vir sy Springbokke. Sy biografie, Craven, word met dié aanhaling van hom afgesluit:

"Die dag dat ek weer 'n Springbokspan sonder bemoeiing van betogers kan sien opdraf op Twickenham, Landsdowne Road, Murrayfield, Cardiff Arms Park en al die ander groot velde van die rugbywêreld, waarvan daar vir my uit my speeldae soveel sentiment verbonde is, sal ek in vrede sterf."

> *Die spelers brom al harder oor geld en kort-kort dreig 'n revolusie daaroor.*

Ter stawing, net weer, dat rugby so 'n groot spel is wat geen kleurgrense verdra nie, dié pikante staaltjie.

'n Johannesburgse vriend van my en sy maat, 'n Bolandse wynboer en 'n blok van 'n man, sit en kyk na die eerste toets op Nuweland. Agter hulle sit 'n paar bruinmense wat, toe die reëntjie begin neersif, vir hulle skuiling onder 'n saambreel aanbied.

Só anders as die jare toe die bruinmense nog agter die pale in die hoeke vasgedruk was en die Springbokke uitgejou het, juig almal nou ewe hard saam vir die Groen en Goud. Vreugde ken geen perke nie, toe Naas Botha onderskep en so ver deursuiker vir sy drie.

Toe daar weer stilte kom, sê een man: "Hel dit was nou grênd. Maar hy moet net nie dié niekery hier in die Curriecupfinal kom uithaal nie."

Sien, die verwagting is dat Naas vir Noord-Tranvsaal teen die WP in die eindstryd sal speel.



"O ja, dit lyk asof Naas vir die Noorde in die eindstryd gaan uithaal" (Foto: Eric Miller - Afrapix)

VRYDAG

Bylaag tot Vrye Weekblad, 8 September 1989



Vars van Broadway. Die bekroonde Lanford Wilson se vuurwarm toneelstuk "Burn This" begin Dinsdagaand by die Upstairs in die Mark-Teater, Johannesburg. Die vier akteurs wat in die "liefdesverhaal van die jare tagtig" optree, is Russell Savadier, Terry Norton, Neil McCarthy en Danny Keogh. Die term "burn this" verwys na 'n pynlik private brief, wat eerder verbrand moet word. En dis dié soort waaghalsigheid wat Wilson glo in die drama wou oordra.

# Shebeen-galery vir 'n appel en 'n vy

CHRIS DU PLESSIS

FIG is hier. Selfs moontlik om te bly. Fig is die Famous International Gallery: 'n splinternuwe, onbekende kunsgalery wat nog geen bande met die buiteland het nie. Maar wel groot planne.

Die organiseerders het ook al 'n plek vir die planne. Op die hoek van Troye- en Jeppestraat.

En die opening van die galery is al Sondag, van drie-uur die middag tot die aand om tien. Dáár kan mense na die groeptentoonstelling Pawn/Porn kyk wat werk sal insluit van onder meer Vrye Weekblad se spotprenttekenaar Alistar Findlay.


Daar is ook werk van Braam Kruger, Jeff Locke, Niel Goedhals, Barend de Wet, Robert Hodgins, Wayne Barker, Beezy Bailey, Debra Bell, Morris la Mantia, Maggie van Wheezel, Kate Gottkens, Andrew Lindsay, John McCann, Peter Roux, Gunter Herbst en baie baie ander.

Volgens een van die organiseerders en stigters van die projek versinnebeeld die woord "porn", in die titel, pornografie, erotika, "junk mail", geweld, ensovoorts. Die "pawn" beteken weer dit bevat 'n mengelmoes van kuns-objekte. Ons sê dankie vir die verduideliking.

Een van die voordele om by Fig uit te stal is dat 'n veel laer komissie as by die kommersiële galerye gevra gaan word.

Daar sal ook genoeg ruimte wees vir iets wat in die persvrystelling "instellasies" genoem word, en vir lewendige optredes.

"Die plan is om ook ander galerye se openings te onderskep," sê die Fig-organiseerder. "Jy kan ons maar 'n Shebeen-gallery noem".



Greg Latter se "date" vir die dag gee hom die koue skouer in 'n toneel uit Darrell Roodt se rolprent "The Stick". Latter is vir 'n AA Life/Vita-prys genomineer as beste ondersteunende akteur. "The Stick" is as beste prent genomineer. Die toekennings word Sondagaand tydens 'n groot gala-aand by die Hippodrome in Gold Reef City oorhandig. 'n Spektrum Suid-Afrikaanse groepe, van Ladysmith Black Mambazo tot die Gereformeerde Blues Band, sal die aand optree, en dit word regstreeks op M-Net uitgesaai. "The Stick" kan by die Weekly Mail se Filmfees - wat Maandag in Johannesburg en 18 September in Kaapstad begin - gesien word. Blaai om vir 'n volledige program van die fees.

# Dis weer die Sondes van die Vaders

**Dit word blykbaar mode om Afrikaner-pa's en hul waardes onder die spervuur te plaas. Deon Opperman het dit met "Stille nag" gedoen. Pieter Fourie is kort op sy hakke met "Die groot wit roos" wat hierdie naweek begin. Chris du Plessis het net voor openingsaand met van die akteurs gaan gesels.**

DAAR was 'n punt tydens die repetisies vir Pieter Fourie se "Die groot wit roos" dat Louis van Niekerk gevoel het hy moet maar die handdoek ingooi. Die karakter was besig om effens te naby te kom.

Louis is nie die enigste een in die rolverdeling wat dié krisispunt bereik het nie. Terwyl ons op Windybrow se stoep sit en gesels, lyk dit vir 'n oomblik ook of Brümilda van Rensburg die gees gaan gee. Sy moet vroualleen sewe uiteenlopende vrouerolle vertolk. Een se "trekke" mag moontlik die meer sedelike lede van ons gemeenskap skok. Dit skok selfs vir Brümilda. Sy gee openlik toe aan haar tydelike wanhoop. Gavin van den Berg staan op om haar te paai...

Sowel Louis as Gavin het oorspronklik gedink die draaiboek is swak: "melodramaties, onopvoerbaar..." Maar hoe dieper hulle gedelf het hoe meer respek (en gepaardgaande angste) het ontwikkel. Met elke repetisie word nuwe moontlikhede ontdek. "Ons het stukke wat ons oorspronklik uitgesny het al weer teruggesit," sê Louis. "Gelukkig is Pieter meer as bereid om nuwe voorstelle te aanvaar. Hy het die oorspronklike teks seker al sewe keer verwerk."

Todat die stuk open, sal die liefde/haat-verhouding met die regisseur Dieter Reible ook voortduur. "Hy het aan die storie 'n potensiaal gegee wat ons nie gedink het bestaan nie," sê Gavin. "Maar hy is meedoënloos as regisseur. Jy moet jou persoonlikheid openbaar. En as jy dit te veel doen, word jy ook op jou plek gesit."

"Die groot wit roos" is 'n komplekse stuk. Louis is 'n stereotipe manlike Chauvinis van die "ou skool". Sy reputasie as "breker" of vroue-veroweraar loop hom selfs in sy middeljare vooruit. Hy betree die verhoog in 'n rolstoel.

Sy seun (Gavin) is sensitief. Sy pa neem hom kwalik daarvoor en betwyfel sy manlikheid en selfs sy seksuele oortuiging. Gavin se metgesel (Jana Cilliers) is egter genoeg deur die seun se weergawe van sy pa se lewe, en die invloed op sy impotensie, geboei om 'n fliek daarvan te maak. Sy kies ook sommer die seun om die rol van die vader te vertolk...

Tegnies is dit dus interessant in die sin dat dit 'n verhoogstuk oor die verfilming van 'n rolprent is. Die akteurs moet as't ware byna op twee maniere projekteer deur dié "dubbel-medium".

Maar uiteindelik is "Die groot wit roos" nog 'n verhaling van die verhouding tussen pa en seun.

"Soos die pa deur middel van die moewie oor sy lewe kyk, word sy selfsug openbaar. Dit is pynlik maar hy voel ook dat dit iets is wat hy moet doen. Hy word algaande eerliker - erken selfs sy verhouding met 'n man..." sê Louis.

Die pa se seksuele ontwaking het begin toe hy op dertien deur 'n ouer vrou verlei is. Die vrou doen dit in weerwraak vir die behandeling wat sy van die seun se pa (dis nou Gavin se karakter se oupa) ontvang het. Gavin daag laat by die stel op as dié deel van sy vader se lewensverhaal vertel word. Die regisseur kon nie wag nie en hy sien hoe sy pa vir hom instaan en homself as dertienjarige vertolk. Dan gaan daar 'n lig op...

Nietemin. Die stuk bewys weer eens dat die mens nie ver genoeg gevorder het dat hy insigte sonder 'n krisis kan ervaar nie.

Seuns! bel jul vaders...Vaders! bel jul seuns voor julle die stuk gaan sien. Miskien help dit.



Dis kaptein Bob Karwan. Hy is 'n oud-myner. Hy versorg alkoholiste en ander verstotelinge in "Simmonds Street", 'n hostel van die Heilsleër in Johannesburg. Die foto is geneem deur Trevor Samson en maak deel uit van sy eerste foto-tentoonstelling wat Sondagaand sesuur by die Mark-Teater se galery in Breestraat, Johannesburg open. Samson is 'n koerantfotograaf en werk sedert 1985 met tussenposes aan dié projek. Daar is ook drie vryheidsvriende wie se tentoonstelling Sondagaand by die Mark begin: Fikile, voorheen 'n professionele bokser en nou versot op kuns, Chabani Cyril Manganyi, van die Mofolo-Kunssentrum in Soweto, en Peter Mthombeni, 'n student in sy finale jaar by die Wits Technikon.



Bertolt Brecht in "My Name is Bertolt Brecht: Exile in USA" op filmfees

Die Weekly Mail se filmfees begin - 2

Ons sê totsiens aan Bill Ainslie - 3

Sammy en Rosie: die politiek van seks - 3

Kevin Smith se "kleurling"-rolle verby - 5

# PROGRAM VAN DIE WEEKLY MAIL SE FILMFEES

**JOHANNESBURG**

**Lyric-Teater**
**Central-straat 91, Fordsburg**

**Maandag 11 September**
6.00 The Native Who Caused all the Trouble
8.00 The Fable of the Beautiful Pigeon Fancier
10.00 Ghosts of the Civil Dead
**Dinsdag 12 September**
6.00 A Night in Havana
8.00 Windprints
10.QO Jobman
**Woensdag 13 September**
6.00 Sammie and Rosie Get Laid
8.00 The Native Who Caused all the Trouble
10.00 A Very Old Man with Enormous Wings
**Donderdag 14 September**
6.00 The Fable of the Beautiful Pigeon Fancier
8.00 The Stick
10.00 Matewan
**Vrydag 15 September**
6.00 A Very Old Man with Enormous Wings
8.00 Jobman
10.00 A Night in Havana
**Saterdag 16 September**
2.00 Matewan
4.00 Ghosts of the Civil Dead
6.00 Windprints
8.00 Sammy and Rosie Get Laid
10.00 The Fable of the Beautiful Pigeon Fancier
**Maandag 18 September**
6.00 The Times of Harvey Milk
8.00 A Night in Havana
10.00 Family Viewing
**Dinsdag 19 September**
6.00 The Great Pretender
8.00 A Very Old Man with Enormous Wings
10.00 Sammy and Rosie get Laid
**Woensdag 20 September**
6.00 I'd Love to Feel Free in my Land
8.00 Matewan
10.00 The Stick
**Donderdag 21 September**
6.00 The Native Who Caused All the Trouble
8.00 The Killing Floor
10.00 Ghosts of the Civil Dead
**Vrydag 22 September**
6.00 Jobman
8.00 A Dry White Season
10.00 I'd Love to Feel Free in my Land
**Saterdag 23 September**
2.00 The Killing Floor
4.00 White Dog
6.00 Falkenau/ Tell Me Some
8.00 A Dry White Season
10.00 Family Viewing
**Sondag 24 September**
7.00 Gala-aand: Toekennings vir kortfilm-wedstryd

**Black Sun**
**Louis Botha-laan 262, Orange Grove (Tel) (011) 728-3280**

**Maandag 11 September**
7.00 The Times of Harvey Milk
9.00 Prick Up Your Ears
11.00 Out in Africa/ Holy Father and Gloria
**Dinsdag 12 September**
7.00 A Fire in Africa
9.00 Frida
11.00 White Dog
**Woensdag 13 September**
7.00 Hotel Terminus
**Donderdag 14 September**
7.00 Chela/ Ballad of the Little Soldier
9.00 Out in Africa/Holy Father and Gloria
11.00 The Times of Harvey Milk
**Vrydag 15 September**
7.00 The Killing Floor
9.00 White Dog
11.00 Family Viewing
**Saterdag 16 September**
7.00 Frieda
9.00 Prick Up You Ears
11.00 My Name is Bertolt Brecht
**Maandag 18 September**
7.00 Falkenau/ Tell Me Some
9.00 Kortfilm-samestelling 1
11.00 Hidden Farms/ Musiekvideos/ Too Far Apart/ Teich/ Utter/ Switch off that Machine
**Dinsdag 19 September**
7.00 Namibia: No Easy Road to Freedom/ If Music be the Healing Force
9.00 Kortfilm-samestelling 2
11.00 Prick Up Your Ears
**Woensdag 20 September**
7.00 Chela/ Ballad of the Little Soldier
9.00 Kortfilm-samestelling 3
11.00 My Name is Bertolt Brecht
**Donderdag 21 September**
7.00 Hotel Terminus
**Vrydag 22 September**
7.00 Frida
9.00 Kortfilm-samestelling 4
11.00 My Name is Bertolt Brecht
**Saterdag 23 September**
7.00 I'd Love to Feel Free in my Land
9.00 Zonderwater

**ALEXANDRA**

**King's Bioskoop**
**2de Laan 48, Alexandra (Tel) (011) 440-3134**

**Dinsdag 12 September**
7.00 Ghosts of the Civil Dead
9.00 Sammy and Rosie Get Laid
**Donderdag 14 September**
7.00 The Native Who Caused All The Trouble
9.00 Jobman

**Alexandra Kunssentrum**
**2de Straat 31, Marlboro (Tel) (011) 887-4278**

**Woensdag 13 September**
7.00 All Night in Havana
9.00 Matewan
**Vrydag 15 September**
7.00 Xaba
9.00 Out in Africa/ Holy Father and Gloria
**Saterdag 16 September**
7.00 A World Apart
9.00 White Dog
**Maandag 18 September**
7.00 Windprints
9.00 Xala
**Dinsdag 19 September**
7.00 Chela/ Ballad of the Little Soldier
9.00 The Stick
**Woensdag 20 September**
7.00 A World Apart
9.00 The Great Pretender
**Donderdag 21 September**
7.00 I'd Love to Feel Free in my Land
9.00 A Dry White Season
**Vrydag 22 September**
7.00 The Killing Floor
9.00 Fire in Africa
**Saterdag 23 September**
7.00 Salt of the Earth
9.00 The Killing Floor
**Besprekings deur Computicket of by die deur.**

**Dis jul laaste kans om Gys de Villiers mét hare te sien, want die speelvak van "Taraboemdery" by die Roodepoort Stadsteater loop môre ten einde. Volgens Gys, wat die rol van Koot in die Chris Barnard-stuk vertolk, het die spelers en die regisseur, Ilse van Hemert, die kleindorpdinamiek in 'n meer universele "Sam Shepard-agtige" stuk omskep. "Hoewel Afrikaanse teater ook (soos Engelse en "swart" teater) appeltjies geskil en aggressief "issues" en outoriteit aangepak het, is die menslike psige ook altyd ondersoek. En dit word nou al hoe meer beklemtoon. Ons is nou aan die voorpunt om 'n nuwe era van Suid-Afrikaanse teater te ontwikkel. Afrikaanse gehore moet nie onderskat word nie. Hulle is reg vir meer gesofistikeerde teater," sê hy.**



# Bacchus en baldadigheid

HAAKAAS
**Charles Leonard**

**Peace and Love - The Pogues (9)**

My vriņd Jakkie kerm nou al die afgelope paar weke omdat ek sulke hoë punte vir die plate gee. Ek kan dit ongelukkig nie help nie omdat daar sulke uitstekende plate op die mark is. 'n Ander liewe vrind van my het gekla oor die idee dat ek "marks" aan die plate toeken. As Marxis gee dit haar 'n bietjie aanstoot oor die hele ding van mededinging in ons kapitalistiese stelsel. Ek is dan maar 'n "Marksis". Anyway, nou vir The Pogues:


The Pogues se naam kom van die Galliese uitdrukking Pogue Mahone wat "kiss my arse" beteken. Die agtstuks uit Noord-Ierland het nog altyd dié houding gehad. Niks en niemand - nie eens die opslurpende kapitalistiese musiekbedryf - kon nog dié vrolike dronkgatte verander nie.

Die bonhomie van Bacchus en al sy gevolge - van baldadigheid tot babelaas - word weer eens op Peace and Love, hul vierde langspeler, losgelaat.

The Pogues doen dit met die tradisionele Iersheid van The Dubliners as musikale basis, en die middelvinger-onder-die-neus anargie van The Sex Pistols as ingesteldheid.

Tussen die knieë-teen-die-bord lekkergeit van die Ierse bluegrass, is daar die onverwagse onbeskaamd-sentimentele Misty Morning, Albert Bridge, Tombstone en Night Train To Lorca, wat deur Jem Finer geskryf is.

In vergelyking met die rooi-oog delirium van die sanger, Shane McGowan, het dié liedjies 'n effens temperende invloed op die plaat wat dit makliker kan maak vir nuwe Pogue-aanhangers om "in" die groep se musiek te kom.



McGowan

Lorelei is nog 'n snit wat nie deur McGowan geskryf is nie.

Daarop sing die engel Kirsty McColl saam met Phil Chevron oor verlore liefde.

Tog bly McGowan met sy deurdringende passievolle stem die dryfkrag agter The Pogues. Sy lirieke laat jou - die bloedbelope dronkenskap ten spyt - verstom met 'n vlymskerp wêreldvisie.

My gunsteling op die plaat is Cotton Fields: "Now the party's over/ And the money's all gone/ You remember feeling like/ Jesus'son/ Your girl has left your side/ And now you're gonna get crucified" en "Too late to crack a smile/ You gotta carry/ That shit up that drunken mile/ When they put electrodes/ In your brain ..."

Die musiek is ook 'n aanslag van musikale energie. Magnus, Vlok en hul cronies moet hiér kom kyk na wat 'n totale aanslag is.

Dié plaat is miskien effens meer rockerig as die vorige drie langspelers. Luister self, maar moenie daarsonder bly nie.

Sit dit op jou draaitafel, skuif die volume knoppie tot bo, en sien hoe The Pogues die skuim van jou bier af blaas, die was in jou ore laat smelt en jou met 'n lag uit die maag laat kans sien vir môre se "oorhang".

**Plate word op 'n skaal van 0 tot 10 beoordeel**


787-7987/4

ONDER
*Vry en Sat*: Delia Layton

*So:* Pierre van Staden

*Di:* Colin Shamley

*Wo:* Ian McCormick

*Don:* Annie


BISTRO, KROEG EN BILJARTKAMER
Crossroads-sentrum, Hendrik Verwoerd-rylaan, Randburg
787-7987/4

Jameson's
DSA COMMISSIONER ST. JHB
Vry, Sat, Son — D-Fusion
Dins, Wo, Don — Underground Press
Tel: 836-6002/838-1769





**ETE EN DRINKE**



# Die koning van varswatervis

AS gebore en getoë Vrystater het ek nooit forel in my skooljare geëet nie. Daar was nie forelle in die omgewing nie, en as daar was, sou ek waarskynlik nooit forelle gevang nie.

Van visvang het ek niks geweet nie - al was daar 'n dam op die familieplaas en 'n rivier redelik naby - want die boere het hul neus vir vis opgetrek: ons is vleismense, waarvoor het ons dan skape en beeste? Maar ek moet sê ek het die kinders van die plaaswerkers soms beny wat met handlyne visgevang het.

Die eerste forel wat ek geëet het, was op Stellenbosch. Daar was twee manne saam met my in die koshuis wat hulself op onwettige manier aan forelle in die Eersterivier gehelp het - Chops en Jan, maar ek sal nie hul vanne noem nie.

Hulle het snags 'n groot klomp lyne met erdwurms in die rivier gegooi - ek weet nie watter wetlike reëls daar aan forelvang is nie maar jy moet 'n stok en vlieg gebruik - en die volgende dag was die oes groot.

Chops het 'n yskas in sy kamer gehad sodat daar altyd forel was. Ek kon nie glo wat ek geëet het nie. Die sagte, witste, sappigste vis.

Uiteindelik het die polisie snuf in die neus gekry, en toe Chops en Jan eendag hul vis uit die rivier wil haal staan die vangwa gereed met die deure reeds oop. "O hel Chops, nou moet ons hardloop," sê Jan.

Hulle hardloop 'n polisieman uit die aarde uit en hardloop langs die rivier af na arbeidershuisies wat vandag die Volkskombuis-restaurant is en gaan kruip daar onder die beddens weg.

Chops en Jan moes toe 'n ander plan beraam. Hulle het die rivier deeglik geïnspekteer en kom toe agter die hele rivier word gepatrolleer behalwe die eerste 400 meter onder die forelplaas in Jonkershoek. Daar het hulle toe hul lyne ingelê en die oes was groot.

Forel is die koning van varswatervis, met karp kort op sy hakke. (Mense hier trek hul neus vir karp op. Ek skryf later oor karp.)

Party goeie restaurants in Europa het hul eie dammetjies waarin hul forel hou. Die water moet egter gepomp word want 'n forel moet altyd stroomop swem. Die pomp loop 24 uur 'n dag en dit maak dit duur om forel aan te hou.

Elke keer wanneer 'n bestelling vir forel in die kombuis aanland, stap die sjef buite toe en gaan vang 'n forel. Dan slaan hy die vissie met 'n rubberhamer of iets anders op die kop - moenie die kop papslaan nie - en maak hom skoon en gaar.

Forel wat net gevang is, is baie lekkerder as bevrore forel. Maar bevrore forel is nie te versmaai nie. Verlede week maak ek bevrore (pienk) forel vir vriende gaar en ek was verstom hoe goed dit gesmaak het. Daarna het my vriend Jac dit ook so gaargemaak, en sy reaksie was dieselfde.

### Forel met wyn en kruie


Dié reseppie is bitter eenvoudig. Smeer 'n bak met botter. Kap 'n groot ui fyn en strooi dit egalig oor die botter. Gooi ligte wit wyn omtrent 'n halfduim diep in die bak. Gaan pluk 'n takkie vars marjolein en 'n klein takkie tiemie. Sprinkel die blare in die wyn.

Was die vis deeglik af en sprinkel liggies met sout en peper. Lê die vis nou netjies op die bed van uie, wyn en kruie. Bedek die bak met foelie of 'n baie digte deksel en druk in 'n warm oond totdat dit net-net gaar is.

Die forelle wat ek gaargemaak het, was makoeloe forelle uit die Oos-Transvaal, en was omtrent 20 minute in die oond. Jak se forelle was piepklein en dan is 10 minute genoeg.

Jy kan die vis toets deur 'n vleispen of skerp messie daardeur te druk. As die vis gaar is, gly die pen maklik daardeur. Haal onmiddellik uit en bedien.

Forel het 'n subtiele vleisie wat nooit deur smaakmiddels oorheers moet word nie. Maar die wyn-, uie- en kruiekombinasie bring die smaak van die forel na vore.



### Blou-forel

En nou 'n resep waarvoor baie mense sal gril. Ek het nog nie forel so gaargemaak nie maar wel karp. Dis 'n klassieke resep, wat nog steeds in toprestaurants in Europa gebruik word.

Jy het eerstens 'n court-bouillon nodig. Dit is doodeenvoudig 'n vloeistof waarin die vis gaargemaak word en wat die vis heeltemal bedek.

Die bestanddele van court-bouillon vir blou-forel is:

**Court bouillon met asyn**

*3 liters water*
*150 ml goeie druiwe-asyn*
*40 g sout*
*2 mediumgroot wortels in dun skywe gesny*
*2 groot uie in dun skywe gesny*
*'n paar takkies pietersielie*
*1 takkie vars tiemie*
*'n halwe lourierblaar (wees versigtig vir lourier)*
*6-8 heel peperkorrels (nie fyn peper nie)*

Verhit tot kookpunt en prut 40 minute lank.

Voeg die peperkorrels 10 minute voor die einde by. Gooi deur 'n fyn sif en en laat afkoel.

Jy kan ook court-bouillon met wyn maak. Laat die asyn weg en vervang die helfte van die water met wit wyn of rooi wyn. Kook soos hierbo.

Probeer om lewendige forel vir die blou-forelresep te kry. Maak die forel dood, verwyder die kieue en ingewande maar moenie die slym van die lyf afwas nie. (Moet ook nie die slym afwas as jy bevrore forel gebruik nie.)

Plaas die forel in court-bouillon wat vinnig kook en laat 7-8 minute toe vir 'n forel wat 150g weeg.

Dreineer die forel, wat nou 'n mooi blou kleur sal wees (karp is pragtig).

Bedien met gestoomde aartappels en gesmelte botter met 'n bietjie suurlemoensap in 'n souspotjie. Koue forel kan met 'n ligte mayonnaise bedien word.

Let wel: Probeer 'n visketel in die hande kry. Dit is 'n langwerpige pot met 'n rooster onder in die pot. Wanneer die vis gaar is, lig jy die rooster uit. Die vloeistof dreineer, en die vis bly heel. As jy court-bouillon van gaar vis moet afgooi, kan jy die vis maklik breek.

### Forel in botter gaargemaak

Was die forel en droog dit af. Bedek met 'n lagie olie waarin sout en peper is. Rol dit in meel en skud die ergste meel af.

Plaas 'n groot klont botter met 'n klein bietjie olie in 'n braaipan. Plaas die forel in die pan wanneer die botter goed warm is. Braai die vis vinnig. Draai om en maak die anderkant gaar. Moet asseblief nie die vis oorgaar maak nie.

Plaas die vis op 'n warm bord. Druk 'n paar druppels suurlemoensap daarop uit en sprinkel met 'n goeie knippie pietersielie wat grof gekap en 'n paar sekondes in kookwater gedompel is.

Gooi die botter waarin die vis gaargemaak is daaroor. Jy kan ook nog 'n bietjie ekstra botter, wat sterk verhit is sodat dit begin bruin word, daaroor gooi. (Dis nie nodig nie).

Lekker eet.

KOOS COETZEE

# Gee jou drank 'n beter baadjie


**Drink uit 'n beter glas en die drank smaak beter, skryf BJ LANKWARDEN**

WANNEER dit kom by die inname van vloeistof maak die meeste mense net hul mond oop en gooi dit in. Daar is geen kuns daaraan nie. Maar vind die regte houer om die vloeistof beter te geniet, en dit word 'n kuns.

Kom ons noem 'n eenvoudige voorbeeld, een wat ons almal al ondervind het: die drink van water.

Onthou jy hoe lekker dit was om jou hande bak te maak en water uit 'n tuinslang te drink na 'n uitputtende rugby- of sokkerwedstryd toe jy jonk was?

Daar was jou hande die regte implement. Die smaak van water het nie oor tyd verander nie, maar die jare het ons verander. Ons vra nou vir 'n glas water, en dit is die regte houer.



Kraanwater smaak en ruik ongelukkig dikwels na chemikalieë. Deur die water te kook en in die yskas te sit maak ons dit weer drinkbaar. Op die een of ander manier smaak hierdie water beter uit 'n glas as uit plastiek-, koffie- of blikbekers.

So kan ons aangaan. Koeldrank smaak goed uit 'n blikkie, maar bier smaak beter uit 'n bottel. Dit smaak nog beter uit 'n glas en ondanks die groot hoeveelhede bierbekers wat mens aantref, smaak dit op sy heel beste uit 'n dun kristalglas met 'n steel.

Die debat of mens die melk voor of na die tee in die koppie moet gooi, sal waarskynlik vir ewig aangaan. Probeer dit sonder melk, nie swart nie maar ligbruin. 'n Uitstekende drank. Tee smaak baie beter as dit uit fyn porseleinkoppies gedrink word.

Vonkelwyne moenie in pieringglase bedien word nie maar in 'n fluit. Volgens die legende is die pieringglas gevorm op Marie Antoinette se linkerbors, en die fluit op die man wat die vorm gemaak het. Die fluit hou die vonkel baie langer in die wyn.

Verskillende wyne het verskillende glase nodig. Groot cabernets het fyn glas nodig met rande wat verkieslik aan die bokant effe opbuig. Dit moet effe tulpvormig wees om die geur bymekaar te hou.

'n Pinot noir het 'n groot ronde kom nodig aangesien die geur enorm is en dit 'n bietjie ruimte nodig het sodat jy daardeur oorwelm kan word.

'n Eenvoudige rooi wyn kan selfs in 'n erdekraffie uitgegooi word en in erdebekers gedrink word. Dit sal hierdie wyn net verbeter, maar moenie wit wyn so bedien aangesien hul nie lank koel sal bly nie.

Goedkoop wit wyne moet koud bedien word. Enigiets wat koud is, het minder smaak as wanneer dit teen kamertemperatuur bedien word. Groot wit wyne moet nie te koud bedien word nie aangesien dit die fynere besonderhede sal versteek. Bedien hulle teen 10 tot 12 grade Celsius.

'n Wynglas hoef nie van kristal gemaak te word nie, maar probeer om glase met 'n gesnede rand in die hande te kry.

Whisky is 'n perd van 'n ander kleur. Die prys van whisky het reeds skerp gestyg en sal aanhou styg. As jy 'n whisky en water-drinker is probeer dit met 'n bietjie gaslose mineraalwater drink. Dit sal die gemiddelde whisky na 'n agtjaaroud laat smaak.

Daar is baie maniere om jou drankgewoontes te verbeter en met stygende pryse moet jy die beste uit drank probeer haal.

Vir hulle wat nie 'n klomp goeie wyn op dinees kan voorsit nie, die volgende raad: as jy vonkelwater voorsit, sal mense minder wyn drink. Jy kan 'n bottel wyn op 'n dinee vir ses bespaar.


le pommier
**Restaurant en Galery**
**Nuwe Helshoogtepas**
**02231 - 91269**
*Geniet luilekker dae in die asemrowende natuurskoon van die nuwe Helshoogtepas*
Ons verskaf heerlike oggend- en middagtee met skons, brandewyntert en room
**Ons bied ook 'n uitgebreide a la carte-spyskaart op die terras.**
**Oop Dinsdae tot Sondae**
**Middag- en aandete**
Dis raadsaam om te bespreek
Toe op Maandae
Gelisensieer



Onthou...
*Koala Blu Restaurant*
**bedien besonderse kos uit Suidoos-Asië**
Bel vir Eric om uit te vind van die wonderlike jazz Sondagaande:
482-2477/8




HARRIDANS
RESTAURANT
JANET TELIAN
JACQUI CRAIG
By die Mark-teater
Breëstraat, Newtown
Tel: 838-6960

**Almal is dit eens, Kevin Smith is esteties amper 'n perfekte maaksel. Die vraag is: Kan hy toneelspeel? KATHY BERMAN en die beoordelaars van die Vita-toekennings se antwoord is positief...**

## Van doofstomme na politieke aktivis

# Kevin Smith word 'n Argentynse tronkvoël



Ná vier maande in Europa het die Kaapsgebore akteur Kevin Smith van die vliegtuig afgeklim en hom vasgeloop in 'n keerwal goeie nuus: twee Vita-rolprentnominasies (Beste Akteur in "Jobman" en Beste Ondersteunende Akteur in "A Private Life") en die rol van 'n politieke aktivis (teenoor Dawid Minnaar) in Manuel Puig se klassieke werk "Kiss of the Spiderwoman" wat vanaand by die Black Sun in Orange Grove, Johannesburg open.

In Europa het Kevin in JM Coetzee se "Waiting for the Barbarians" in Berlyn saam met 'n groepie Suid-Afrikaanse bannelinge opgetree.

"Ek het gevoel soos 'n plaasjapie wat die eerste keer die Groot Stad sien: onervare, ongeletterd, naïef..." Die byvoeglike naamwoorde hou nie op nie.

"As Suid-Afrikaners word ons van soveel dinge weerhou. En dáár is 'n mens met al hierdie ervaring gekonfronteer, en jy moet steeds jou integriteit behou."

Dit is moontlik waarom hy so nederig is oor sy onlangse prestasies. "Dit vat nie veel om hier erkenning te kry nie. Jy doen een TV-program en jy is bekend."

Miskien nie. Smith is al tien jaar lank in die bedryf. Ná UCT-dramaskool het hy eers by Truk aangesluit voor hy vryskut begin werk het. Hy was gelukkig om heelwat gesogte rolle te kry. Sy heel eerste rolprentrol was in Manie van Rensburg se TV-reeks "The Mantis Project". Hy het ook in die SAUK/Franse TV ko-produksie "Heritage" opgetree.

In albei het hy sogenaamde "kleurling"-rolle vertolk. Ook in Darryl Roodt se "Jobman" (titelrol), waarin hy 'n doofstomme speel, en in "A Private Life" as 'n onrustige jongeling uit 'n "gemengde" huwelik.

Sy verhoogoptredes strek van realisties tot ekspressionisties.

"Spiderwoman" is vir hom 'n baie spesiale projek. Manuel Puig se storie van twee mans, een gay die ander 'n politieke aktivis, wat geforseer word om mekaar te konfronteer in 'n Suid-Amerikaanse tronk, het 'n sterk boodskap vir plaaslike gehore.

"Dit is oor die afbreek van vooroordele en die maskers en borswerings wat mense dra om hulself nie bloot te stel nie."

Waar Smith in vorige rolle uit sy eie ervaring kon speel, moes hy nou intensiewe navorsing doen.

"Dit is die eerste keer in my lewe dat ek so hard werk om 'n biografie te bewerkstellig. Dit was maklik om my instink te vertrou in "Jobman" en "A Private Life". Ek het na aan myself gespeel. Maar hier is dit anders. Ons het na Argentynse musiek geluister, die ambassade besoek, die boek van hoek tot kant ondersoek..."

"Dit is eienaardig om in 'n Suid-Amerikaanse idioom te begin dink. Jy skep beelde vir jouself wat vir jou vreemd is. Ander temperature en reuke."

Hy is vol lof vir Laurens Seliye, die regisseur. "Hy is gesteld op detail. Alles moet geloofwaardig wees. Hiper-geloofwaardig.

"Die karakter begin in 'n mens se lewe inbloei. Jy droom konstant oor die stuk. Ek het al gemerk hoe Dawid se karakter Molina in hom begin lewe. Sy gesig het begin verander, sagter geword..."

Smith vergelyk die werkproses met 'n "intense" verhouding. "Jy werk konstant met een persoon. Jy reageer konstant teenoor daardie persoon. Jy kyk in sy oë. Jy raak aan hom. Jy moet "relax" en na mekaar luister, na die veranderinge van oomblik tot oomblik. En 'n mens moet mekaar vertrou".

Dit is hierdie element van vertroue wat aan die spits van Smith se kuns lê. Teater is die opwindendste wanneer 'n mens op jou kwesbaarste is, wanneer jy kan vertrou en jou "guts" oopmaak... Jy moet al jou lae afhaal, vel en klere, soos 'n jellievis word. 'n Massa oop senuweepunte met 'n verhoogde sin vir reuk, gehoor en aanraking. En dan moet 'n mens die gehoor aanmoedig om saam met jou te voel. Maar uiteindelik moet 'n mens ook 'n skild ontwikkel om jouself ná die tyd te beskerm.

"Moontlik is dit die rede waarom soveel akteurs hulle aan alkohol vergryp," sê hy. "Hulle is die hele tyd vasgevang tussen totale weerloosheid en normale selfbeskerming.

## Beroemde foto's

**Om die 150ste herdenking van die ontdekking van fotografie te vier, stal Natalie Knight beroemde foto's van Amerikaners en Europeërs by haar galery in Hyde Park Corner, Johannesburg, ten toon; onder andere dié Brassai-foto, van Mattise se ateljee, wat in 1939 geneem is. Van die omstrede Robert Mapplethorpe en Bill Brandt se werk is ook te sien.**



# Pierings op ons dakke




BAAS Christo het ons hierdie week 'n bietjie van sy planne vir ons kykgenot vertel. Dit is nou nadat ontydig berig is dat TV 2, 3 en 4 moet integreer om een diens in 'n verskeidenheid tale te word.

Dié versiende amptenaar het 'n visioen van ongelooflike tegniese moontlikhede uitgespel. Hy het gesê ons gaan almal eersdaags groot piering-ontvangers op ons dakke hê wat programme uit die ruimte kan opvang.

Dit klink te lekker. Miskien kan ons 'n debat tussen 'n marsman en die Minister van Wettig maar Slordig sien oor die effek van traangas op die melkweg.

Maar miskien ook nie: ons kan immers nou reeds nie eers programme van Bop opvang nie. Is Bop dan nie deel van die buitenste ruimte nie?

Die baas het ook gepraat van 'n kykspyskaart waarop 'n mens net sekere programme kan kies en dan net vir hulle betaal (min of meer soos wat 'n mens nie betaal vir foto's wat nie mooi uitgekom het nie). En van programme wat in agt tale uitgesaai gaan word.

Miskien is dit tog die aankondiging dat TV 2, 3 en 4 moet integreer, net in verskuilde vorm.

### Ei sister

Dit sal 'n groot jammerte wees. Want een van die plesiere van ons veelhoesenamige land is die veelstasie-tv. Dit is 'n ontsnapping.

So kon ek byvoorbeeld die ander aand van 'n tv-debat oor die toekoms van rassisme ontsnap na 'n program waar tannies in etniese sjiek met papierbyle dans.

En wegdraai van die onpatriotiese dinge wat op Topsport gewys word en wat kry ek? Miriam Makeba. En haar sjoewaddie-waddie persone. Peter Maringa in 'n amazing hemp. Sankatana by 'n murasie in die winterveld. En volgende week is dit... sjoe!... Heart Attack. Moet nie daai stukkie kultuur misloop nie.

Di a Rora op TV2 het altyd 'n verrassing. Die dû verrassing was Susan McCann (wat witmense net laat simpel lyk het). Die lekker verrassing was Mango Groove se Coke-advertensie (wat ons vreeslik oulik laat lyk het). Ek kan maar net sê ei sister.

### Die groot A

Die ander aand kyk ek na A Man Called Hawk. Hy is sterk. Hy is stil. En sy hart is op die regte plek (as hy 'n hart het).

Maar is dit reg om van 'n man, al is hy swart, te verwag om 'n hele hospitaal te red, terwyl hy 'n lesingreeks van 'n sterwende aktivis oor Swart Bewussyn inneem - en dit alles van agter donkerbrille uit?

Geen wonder sy woorde laat hom op emosie-belaaide oomblikke in die steek nie.

Gee my eerder die A-team (ja, waarvoor staan daai groot A?).

Waar Hawk geen sin vir humor of ironie het nie, het hierdie Amerikaners amper te veel daarvan. Want is dit nie bietjie baie post-modernisties nie as die eilanders van Toga-Toga in die Suidsee teen die einde van die program skree "Who wrote this? Who wrote this?" nie?

In elk geval, dit was lekker om te sien hoe die Roomse Gevaar in hul wit rokke deur die palmbome hardloop. En hoe die uitbuiters van onskuldige eilandbewoners ontmasker word. En hoe Murdoch die eilanders van bygeloof en neo-kolonialisme bevry.

En soos in al die A-team programme, sterf nie een iemand nie, nie eers die kroeks nie. So ratta-tatta-ta, julle ouens!

'n Mens kan mos maar droom voor jou TV-stel.

VICTOR MUNNIK

dié week by die
**MARK-TEATER**

MARK-TEATER
Maan - Vry: 8nm. Sa: 5.30nm & 9.15nm
**MY CHILDREN! MY AFRICA!**
Regie deur Athol Fugard
**ALL AGOG ST STYLITE** deur Marlene Blom.
"'n Fassinerende fantasiewêreld". Ma tot Vry: 6nm.
Sa: 2.30nm

UPSTAIRS-TEATER
**BURN THIS** - Regie deur Clare Stopford.
'n Skitterende, snaakse toneelstuk oor die liefde.
Ma tot Vry: 8.15nm, Sa 6.15 & 9.15nm

DIE LAAGER
Maan - Vry: 8.15nm
Sa: 6.15nm & 9.15nm
**MYSTERIES AND MISSES** - deur Robyn Orlin. Ma tot Sa: 8.15nm

WAREHOUSE BY DIE MARK
**THE UNBROKEN SPIRIT** - Mzwakhe Mbuli die volksdigter: Op 8,9,10,15,16 en 17e tree Noise Khanyile en Amagugu Akwazulu saam met hom op. Ma tot So: 8.30nm

KIPPIES BY DIE MARK
Di tot So: 8.30nm
**GEORGE LEE**

MARKGALERYE
Groot Galery
Vriende van Vryheid: Fikile Chabane, Cyril Mangyani, Peter Mthombeni
Klein Galery
Simmondsstraat: Foto's van die Heilsleër deur Trevor Samson

EKSPERIMENTELE MUUR
Sunprints deur David Barkham


Telefoon 832-1641
Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040
Johannesburgse Snuffelmark elke Saterdag van 9vm tot 4nm, en op Sondag is daar 'n kuns- en handwerkmark van 9vm

## FILM

*Vervolg van bl 7*

*HER ALIBI - Twee van die wêreld se sogenaamde aantreklikste mense, Tom Selleck en Paulina Porizkova (laas gesien in Anna en op die voorblaaie van 300 tydskrifte in die afgelope ses jaar as model) raak verlief. Die prent gebruik die beproefde tema van 'n gedweë skrywer wat, toe sy loopbaan 'n duik vat, inspirasie by die howe soek en daar vir Pauline ontmoet.

*SKIN DEEP - John Ritter (van Hooperman en Three's Company-faam) is 'n verleentheid in 'n fliek met 'n naam wat die produk goed omskryf. Baie meisies in baaikostuums. En so aan.



**Cybill Sheperd van Chances Are**

**ONAFHANKLIKE ROLPRENTTEATERS**

**KAAPSTAD**

LABIA - Oranjestraat 68: Vanaand: 2.30 Babette's Feast. 5.45 Skin Deep. 7.45 Danton. 10.15 Body Heat.
Saterdag: 10.00 en 2.30nm Three Men and a Baby. 4.15 Kangeroo met Judy Davis. 6.15 Babette's Feast. 8.15 Skin Deep. 10.15 Bull Durham.
Maandag: 6.00 Clan of the Cave Bear. 8.00 Kangeroo. 10.00 Skin Deep.
Dinsdag: 6.00 Kangeroo. 8.00 Skin Deep. 10.00 The Emerald Forest.
Woensdag: 2.30 Kangeroo. 6.00 The Emerald Forest. 8.00 Clan of the Cave Bear. 10.00 Skin Deep.
Donderdag: 6.00 Skin Deep. 8.00 Kangeroo. 10.00 Clan of the Cave Bear.

**JOHANNESBURG**

MINI CINE - Pretoriastraat 49, Hillbrow. The Lord of the Rings wys vanaand en Saterdagaand en volgende week wys Dominick & Eugène.

**Gidse saamgestel deur Debbie Amos**

## DIE WEEK SE TV

### Hoogtepunte

# 'n Oomblik saam met John Travolta

STARDUST met David Essex speel af in die jare sestigs ('n tydperk toe baie jongmense met tye baie kleure gesien het) en wys Donderdagaand op M-Net. 'n Jong swerwer met ruk en rol in sy hart sluit by 'n rock-groep aan en word 'n superster. Hy besluit dis nie wat hy EINTLIK wil wees nie, en breek weg (Mainstay was toe nog net 'n idee) en toe maak hy al sy 'groupies' gelukkig en stem in tot 'n laaste lewendige TV onderhoud... Ook met Adam Faith en Keith Moon.

Nou vir nog goeie nuus. PAUL McCARTNEY: PUT IT THERE is 'n dokumentêr oor die oud-Beatle en sluit liedjies van sy nuutste album Flowers in the Dirt in. Ook met Elvis Costello, wat deels verantwoordelik was vir die skryf van die lirieke. Natuurlik eksklusief vir M-Net 'gedekodeerde-kykers' bedoel, Sondagaand.

En nou vir NOG goeie nuus - as dit is wat ek dink dit is en nie covers is deur plaaslike kunstenaars nie - TV4 word wakker! Vanaand om 11.20 is dit Fats Domino - Blueberry Hill en Maandagaand bied The Forum die eerste deel van Muddy Waters aan. (Hoop dis nie al wat ons te siene gaan kry nie).

So van musiek en plaaslike produksies gepraat, onse eie Lesley Rae Dowling sing Saterdagaand (in die plek van LA Law) op TV1 'n paar van haar ou gunstelinge en DAN...word 'Met Liefde VAN...' (wat terug is op aanvraag van TV1-kykers) Maandagaand aangebied. Die program word deur die SAUK omskryf as 'ligte Afrikaanse musiek met 'n verskil'. Moet dit nie misloop nie.

Oukei, nou vir die flieks wat die week iets werd is, of liewer, die wat lyk of dit dalk iets werd kan wees. Framed wys Donderdagaand op TV1 en is 'n aksie- riller oor 'n swendelaar wat onskuldig deur die polisie in hegtenis geneem word. Maar toe maak hulle 'n fout en stel die mannetjie vry...Met Joe Don Baker, Conny van Dyke en Gabriel Dell.

Burt Lancaster kan Saterdagaand in TV1 se aksie-drama The Professionals gesien word. Vier professionele soldate word deur 'n Amerikaanse miljoenêr gehuur om sy Mexikaanse vrou uit die kloue van boewe te gaan red. Ook met Lee Marvin en Robert Ryan.

Ten einde laaste is daar 'n fliek Dinsdagaand op TV4 genaamd Moment by Moment met John Travolta en Lily Tomlin in die hoofrolle. Vreeslik romanties oor 'n verveelde vrou (en moeder) van Beverley Hills wat slaappille sonder voorskrif by die apteek wil koop. En in wie anders sal sy toe nie daar vasloop, as John Travolta nie.

Van die os op die esel, dis Dallas se 300ste herdenking Dinsdag, en Bobby sit vas in 'n hysbak met net 'n kas wyn om van te oorleef. Foei...



**Die nuwe Goeie Môre Suid Afrika nuus-span soos hulle lyk van 1 September af: San Reddy (voor), Jan van Niekerk (agter), Colin Fluxman en Suzette Pocock.**

### VRYDAG 8

**TV1**
7.00 Goeiemôre SA
3.30 Take a Break
4.00 Santa Barbara
4.25 Fast Forward
4.55 Arty Facts
5.05 Rockbottom and Company
5.25 Lion Series Bible Stories
5.30 Topsport
6.00 News
6.15 Sundowner
7.00 Airwolf IV
8.00 Netwerk
8.45 Police File
9.00 Simon en Simon
9.50 Spies en Plessie
10.45 Vergelding
12.15 Oordenking

**TV4**
6.03 Topsport
9.04 When the Legends Die
10.53 MASH
11.20 Fats Domino - kyk onder hoogtepunte

**M-NET**
6.30 Tennis
10.30 The Last Hard Men
2.30 Telygames
3.00 Police Academy III
5.00 Hot Hits
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 The Robert Guillaume Show
Intekenare
7.00 The Hitcher - 'n Bangmaak-prent
8.35 Tennis - Regstreekse dekking en hoogtepunte van die halfeindstryd van die vroue-enkelspel en die mans-dubbelspel van die Amerikaanse Ope-toernooi.

### SATERDAG 9

**TV1**
5.57 Oggendboodskap
6.00 Opvoedkundige TV
6.30 Agriforum '88
7.00 Goeiemôre SA
9.00 Opvoedkundige TV
11.00 Beyond 2000
12.40 Tegnologie
1.00 Sakkie en Thomas
1.05 Amigo en Vriende
1.10 Spesiale Agent TR Sloane
2.00 Topsport
6.00 Nuus
6.15 Teletreffers
7.05 Spioen-Spioen
8.00 News
8.35 Images - Lesley Rae Dowling - kyk onder hoogtepunte
9.35 The Professionals - kyk onder hoogtepunte
10.30 Late Night Live
12.20 Flying High
1.10 Epilogue

**TV4**
6.03 Redd Foxx
6.30 Learning the Ropes
9.03 Benson
9.29 Hooperman
9.56 Hotel
10.46 The Tracy Ullman Show
11.13 TJ Hooker

**M-NET**
6.30 Tennis
1.30 Motorsport
2.00 Tennis
4.00 Sokker
5.45 60 Minutes
Oop Tyd
6.00 Houston Nights
Intekenare
7.00 When the Time Comes - 'n Drama oor 'n vrou wat besig is om te sterf aan kanker. Met Bonnie Bedelia, Terry O' Quinn en Brad Davis.
8.40 Tennis: Regstreekse dekking
12.00 Hot Hits

### SONDAG 10

**TV1**
1.30 Pinocchio
1.55 ZET!
2.05 Once Upon a Time... Life
2.30 The World of Audubon
3.30 The Prodigious Hickey
4.20 Collage
5.20 The Girl who Spelled Freedom
6.10 50/50
6.50 Kruis en Kroniek
8.00 Network
8.45 Forum
9.00 Quartet for the End of Time
9.50 National Orchestra Camerata
10.30 Impetus
11.00 Insight

**TV4**
6.03 Kupid
9.04 Masada
10.01 227
10.28 Sing Country
10.54 Topsport

**M-NET**
6.30 Tennis
7.30 Indiese diens begin
10.30 Portugese diens begin
Intekenare
1.30 The Adventures of Teddy Ruxpin
2.00 Storybreak: Arnold of the Ducks
2.30 Dusty
3.00 Breakout
4.30 Panorama
5.30 Runaway with the Rich and Famous
Oop Tyd
6.00 Falcon Crest
Intekenare
7.00 Die 1988/89 M-Net/AA Life Vita-toekennings
9.00 Paul McCartney - kyk onder hoogtepunte
10.00 Tennis

### MAANDAG 11

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleschool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Santa Barbara
4.25 Webster
4.55 Sylvanian Families
5.10 Pumpkin Patch
5.25 Children's Bible
5.30 Lassie
6.00 News
6.15 Graffiti
7.00 The A-Team
8.00 Netwerk
9.00 Met Liefde Van... - kyk onder hoogtepunte
10.00 Topsport
11.00 Verhale van die Klondike
11.50 Oordenking

**TV4**
6.03 Small Wonder
6.30 Topsport
9.03 Family Ties
9.32 Dynasty
10.24 A Man Called Hawk
11.17 The Forum Presents: Muddy Waters (part 1) - kyk onder hoogtepunte

**M-NET**
6.30 Tennis
10.30 The Goat
2.25 Telygames
2.55 For Your Eyes Only
5.00 The Incredible Hulk
5.30 The Smurfs
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Perfect Strangers
Intekenare
7.00 SOS Titanic
9.00 The Rosary Murders - 'n Riller oor 'n reeks grillige moorde op priesters en nonne. Met Donald Sutherland en Charles Durning.
10.45 Boks
11.00 A Prayer for the Dying

### DINSDAG 12

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleskool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Dagsê Dokter
5.00 Rompelstompelstories
5.10 Wielie Walie
5.30 Skooldae
5.57 Kompas
6.00 Die Nuus
6.15 Potpourri
7.05 Die onfeilbare vennootskap
8.00 Network
9.00 Dallas
10.00 Topsport
11.00 Open University
11.55 Evening Prayer

**TV4**
6.00 Fame
9.04 Moment by Moment - kyk onder hoogtepunte
10.51 The Hit Squad
11.15 Gunsmoke
12.08 S.W.A.T.

**M-NET**
10.30 Quartet
2.30 Telygames
3.00 Breakout
4.30 The Adventures of Teddy Ruxpin
5.00 Wildfire
5.30 Starcom
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Valerie
Intekenare
7.00 Second Thoughts - Net wat dit sê, 'n meisie raak swanger en sy is nie seker of sy die pa wil hê nie, wat nog van die kind. Met Lucie Arnaz, Craig Wasson en Ken Howard.
8.35 60 Minutes
9.00 Sokker
10.00 Carte Blanche
11.00 When the Time Comes

### WOENSDAG 13

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleschool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Silhouette
5.00 Sylvanian Families
5.10 ZAPMAG
5.25 Lion Series Bible Stories
5.30 River Horse Lake
6.00 News
6.15 No Jacket Required
7.00 Telly Fun Quiz
7.30 Louis Motors
8.00 Netwerk
9.05 Oos-Wes
9.35 Diagonal Street
10.00 TopSport
11.00 Die ma-plotters
11.30 Die storie agter die storie
12.00 Oordenking

**TV4**
6.03 Easy Street
6.30 Topsport
9.04 The Colbys
9.58 Fontanes
11.35 9 to 5

**M-NET**
10.30 A Prayer for the Dying
2.30 Telygames
3.00 SOS Titanic
5.00 The Diplodos
5.30 The Adventures of the Galaxy Rangers
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Die 1989 M-Net/ AA Vita-toekennings
Intekenare
7.00 Morgan Stewart's Come Home
8.30 Motorsport
9.00 The Hitcher
10.35 Money Programme
11.00 Race for the Bomb (deel 1 en 2)

### DONDERDAG 14

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleskool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Die Vyfde Jaargety
5.00 Niklaas
5.25 Tekkies
5.57 Kompas
6.00 Nuus
6.15 Uit en Tuis
7.00 Honeyball se Toere
8.00 Network
9.00 War and Remembrance
10.00 Topsport
11.00 Framed - kyk onder hoogtepunte
12.55 Face to Face

**TV4**
6.03 TV4 Top 20
6.30 Muzik A la Carte
9.04 21 Jump Street
9.55 Movie Focus
10.23 Night Court
10.50 Misdaad in Miami
11.43 Ripley's Believe It or Not

**M-NET**
10.30 Breakout
2.30 Telygames
3.00 Trail of the Pink Panther
5.00 The Berenstain Bears
5.30 The Real Ghostbusters
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 The Wonder Years
Intekenare
7.00 Revue Plus
8.00 Golf
9.00 Stardust - kyk onder hoogtepunte
11.00 Race for the Bomb (deel 3)

## Die koning van varswater vis - 4